# DIE SINTUIGLIKE IN DIE POëSIE VAN BOERNEEF

deur

JAMES HENRY CAMERON

verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in Afrikaans-Nederlands
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

Potchefstroomse Universiteit
vir
Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: PROF. T.T. CLOETE

Junie 1979

Jy vind dit vreemd dat stokou oom
hom so verkyk aan hierdie boom

Horie petryse ennie fisane
singie petrysenfisanthoesane

Smeer jerseybotter op die brood
daarby nog waboomheuningstroop
hoe proe dit nou om mens te wees

Benjoemyn se hand speel fyn
van gelukkigsalig syn

Ek wil 'n ruik kan ruik as ek koffiewater kook
soos tkoiinghoutkole of arnosterbosrook

INHOUD


Bladsy

1. INLEIDING 1

1.1 Situering van Boerneef in die Afrikaanse Letterkunde 1
1.2 Verantwoording 4
1.3 Die sintuiglike en die kreatiewe 7

2. OM TE KYK 10

2.1 Om te kyk en die gedig 10
2.2 Waarna kyk Boerneef graag 17
2.2.1 Die mens 17
2.2.2 Die voëls 23
2.2.3 Die diere 33
2.2.4 Die omgewing 47
2.3 Die funksie van die kyksintuig 53

3. OM TE HOOR 56

3.1 Wat hoor die digter 57
3.2 Die rol van die gehoorsintuig in Boerneef se taalgebruik 77
3.2.1 Streektaal en gewestelike uitspraak 78
3.2.2 Die gehoorsintuig en nuwe woorde, klankbeelde en klankstrukture 81
3.2.3 Die afwesigheid van leestekens en die gehoorsintuiglike 89
3.2.4 Die gehoorsintuiglike verskaf plesier 90

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.2.5 | Die gehoorsintuiglike en die skepping van stemming en atmosfeer | 92 |
| 3.2.6 | Die gehoorsintuig skep assosiasies | 95 |
| 3.2.7 | Die gehoorsintuig en die ouderdom, eensaamheid en hunkering na die verlede | 99 |
| 4. | OM TE PROE | 102 |
| 4.1 | Gunsteling eet- en drinkgoed | 102 |
| 4.2 | Proe en die anderse, die geile en oordadige | 104 |
| 4.3 | Proe en die folklore | 106 |
| 4.4 | Die rol van die smaaksintuig | 109 |
| 4.4.1 | Die smaaksintuig en stadia van menswees | 109 |
| 4.4.2 | Die smaaksintuig en die arbeid | 111 |
| 4.4.3 | Die smaaksintuig en die liefde | 112 |
| 4.4.4 | Die smaaksintuig en die sintuiglike verlossing | 114 |
| 4.4.5 | Die smaaksintuig en die ouderdom | 117 |
| 4.4.6 | Die smaaksintuig as beswering | 117 |
| 5 | OM TE VOEL (DIE TASSINTUIG) | 121 |
| 5.1 | Voel en die gedig | 121 |
| 5.2 | Voel en die winter | 122 |
| 5.3 | Die tassintuig en die gewelddadige | 125 |
| 5.4 | Die tassintuig en liefkosing | 131 |
| 5.5 | Voel en die Krowêreld | 133 |
| 6. | OM TE RUIK | 137 |
| 6.1 | Reuksintuiglike gewaarwordinge in gesegdes | 137 |

Bladsy

| | | |
|---|---|---|
| 6.2 | Reuksintuiglike prikkel en die gediggebeure | 138 |
| 6.3 | Reuksintuiglike belewenis en 'n hunkering terug na die Karoo | 140 |
| 6.4 | Konkrete reuksintuiglike belewenis en 'n nuwe gedigwerklikheid | 142 |
| 6.5 | Om te ruik is 'n besweringsproses | 143 |
| 7. | SAMEVATTING | 145 |
| 8. | BIBLIOGRAFIE | 147 |
| 9. | GEBRUIKTE TEKSTE | 150 |

## 1. INLEIDING

Boerneef het die volgende bundels gepubliseer:

<u>Krokos</u> 1958
<u>Ghaap en Kambro</u> 1959
<u>Mallemole</u> 1962
<u>Palissandryne</u> 1964
<u>Op die Flottina</u> 1967
<u>Sesde Hoepel</u> 1976 (bundel gedigte postuum saamgestel deur F.I.J. van Rensburg).

### 1.1 Situering van Boerneef in die Afrikaanse Letterkunde

Volgens datums van publikasie van sy poësiebundels, is Boerneef 'n Sestigerdigter. Die meeste van sy bundels is gepubliseer in die jare sestig.

In 'n lesing "Moderne tendensies in ons poësie", Julie 1962, sê Dirk Opperman (1974:104): "By Boerneef vind ons baie wat op herhaling van effekte neerkom, en 'n mens vra jou af of hy soveel bundels is dieselfde trant moes uitgegee het. Tog regverdig hy dit deur in sy derde bundel, Mallemole, 'n nuwe idioom en hoogtepunt te bereik onder meer met die beskrywing van 'n eendstert en sy sheila".

Opperman wys verder daarop hoedat moderne neigings soos spreekritmes, die spreektaal, die volksaardige, die kinderlike, die primitiewe, die elementêre, die amnistiese, die demoniese en die improvisasie... almal in die werk van Boerneef teenwoordig is.

Boerneef is ook digter van sy tyd in die sin dat hy die taal van die bruinman, die plaasarbeider, die alledaagse boerse ruwe woord gebruik.

Die sestigerjare in ons letterkunde is veral bekend as die periode van vernuwing, die periode van eksperimenteer met die vryer vers. In sommige van die volgende opsigte verskil dié gedigte van die konvensionele: Die verse is nie in die tradisionele vorme soos die sonnet of die kwatryn geskryf nie; metriese patrone en rym is minder prominent in die verse; die tipografie van die vers staan meer in diens van die poësie...

As digter van sy tyd word Boerneef se verse in meeste van hierdie opsigte geken aan die vernuwing van Sestig. Tipografies wyk talle van sy verse af van die konvensionele soos bv. "Ek wag dat jy moet oorskakel van geel en rooi" (Palissandryne 33) en "Dilemma" (Mallemole 70). Palissandryne 33 se slotvers bestaan bv. slegs uit 'n leesteken - 'n punt. Die tradisionele versvorm soos die sonnet, kwatryn, ballade - om maar enkeles te noem - is nie deur Boerneef ontgin nie.

Opperman (1974:104) wys daarop dat Boerneef modern is omdat hy 'n digkuns beoefen "wat oor die digkuns self dig, oor sy wese en funksie, oor die strewe en probleme van die kunstenaar".

Verder vind ons by Boerneef 'n bewuste belangstelling in die woord ter wille van woordeskatuitbreiding en die tydgenootlike woordgebruik. (Rina Pauw (1967:27-39) het heelwat oor hierdie aspek van Boerneef se digkuns geskryf.)

Die vryer verstegniek is 'n eienskap van Boerneef se poësie

wat hom ook 'n digter van die generasie Sestig maak. N.P. van Wyk Louw se Klipwerk het wel voor Krokos verskyn, maar W.E.G. Louw (1967:35) wys daarop dat Boerneef nie 'n navolger of naprater van Van Wyk Louw was nie. Boerneef se versies en rympies het reeds in 1938 in Boplaas hul verskyning gemaak. Hierdie versies en rympies was die voorlopers, die vingeroefeninge vir Krokos en die res wat gevolg het.

Die ontginning van die betekenis van die woord en sy klankstruktuur is van die voortreflike kenmerke van Boerneef se poësie. Jan Spies (1968:59) sê die volgende: "Boerneef probeer in sy verse die woord vasvang binne die klankstruktuur van die sin/sinsdeel/woordgroep soos dit inderdaad binne so 'n klankgeheel sou klink. Anders gestel: hy werk nie met woorde nie, maar met klankgehele." (Natuurlik onwaar: Spies bedoel eintlik: Boerneef is nie net op die woordbetekenis ingestel nie maar werk ook op die woordklank.)

Interpunksie is feitlik geheel en al deur Boerneef weggelaat. Hiermee vergroot hy die gedigavontuur deurdat die gedig aarselende keuses van moontlike betekenisskakerings toelaat.

Om saam te vat: Boerneef het, soos Leipoldt, 'n eiesoortige vers geskep. Hierdie vers het, saam met die verse van Van Wyk Louw, 'n vernuwing in ons poësie in die jare sestig ingelui.

Tematies het Boerneef se werk dieselfde gebly: 'n hunkering terug na 'n Boplaas, 'n skop teen die oudword, en die sing van sy eie lied teen die staddinge in:

Uit my uit magtag
en praat jou woorde sountoe
jy sê ek maal te veel oor gister
oor 'n voorbok se klok en 'n sekelnekvul
en die blêr van 'n lam en die stem van gister
oor koekmakrankageur en die bantombul
en die taal en die mense en die dinge van gister
ek sê uit my uit magtag
en praat jou woord syntoe
drink jy dan maar diep uit vandag se beker
julle ontelbares saam uit dieselfde beker
julle trapenvertrappers van die wêreld van gister
moerak mekaar dood met julle afsku van gister
maar laat my alleen met die troostaal van gister
en renons in die drank van julle weters van beter

("Uit my uit magtag", Palissandryne 2)

Die vernuwing in Boerneef se werk lê in 'n groot mate in sy hantering van die taal en sy pretensielose strofebou. Hy het 'n waardevolle bydrae tot ons digkuns gelewer. Die Suid-Afrikaanse Akademie het die bydrae van Boerneef tot ons digkuns vereer deur 'n postume toekenning van die Hertzogprys vir poësie in 1968.

## 1.2 Verantwoording

Kenmerkend van die poësie van Boerneef is dat sintuiglike prikkels gewaarwordinge is wat aanleiding gee tot die skepping van die grootste gedeelte van sy poësie. Hy beleef die werklikheid deur dit te sien, te hoor, te ruik, te proe en te voel.

Brooks en Warren (1960:77) sê: "A lively sense of the perceptible world with its sights, sounds, smells is fundamental to poetry. Poetry puts us back in touch with the freshness of things - it restores our originally unprejudiced life of the senses. We may even go so far as to say that poetry starts there."

Hierdie opmerking van Brooks en Warren, wat gaan oor beskrywende poësie, geld ook vir die poësie van Boerneef. Talle van sy gedigte is gekonsipieer teen die agtergrond van "a lively sense of the perceptible world with its sights, sounds, smells."

Kreuzer (1955:116) wys ook op die belangrikheid van die sintuie vir die skep van poësie en vir die lees en waardeer van poësie: "The stimulation of the senses is one of the major pleasurable elements in the total experience of reading poetry."

Baie van Boerneef se gedigte bestaan uit slegs die suiwer waargenomene - m.a.w. die gedig bestaan uit sintuiglike beelde wat sonder meer in die taal poëties uitgespreek is. 'n Voorbeeld:

> Die swart hings swem in die sekelgat
> en die rooi bul bulk by die spookkruispad

("Die swart hings swem in die sekelgat", Krokos 19)

Vir die doel van hierdie studie, het ek die "thermal sense" (Kreuzer 1955:116) nie as 'n aparte sintuig bespreek nie, maar ek het hitte en koue en die mens se vermoë om dit te onderskei bespreek onder die tassin. Vir die doel van hierdie

studie dus, sien ek hierdie onderskeidende vermoë van die mens gekoppel aan sy vermoë om te voel deur die tassintuiglike.

So ook het ek die "kinesthetic sense" (Kreuzer 1955:116) saamgegroepeer onder die kyksintuiglike.

Die sintuiglike waarneming is vir die doel van hierdie studie dus waarneming wat betrekking het op die vyf sintuie: die gesig, die reuk, die smaak, die gehoor en die tassintuig.

Boerneef is uniek in die opsig dat hy so baie gedigte geskryf het wat 'n sterk sintuiglike karakter het.

'n Digter soos Leipoldt is ook iemand wat sintuiglike gedigte geskryf het. Hy het egter nie soveel en so voortdurend vanuit 'n sintuiglike perspektief geskryf nie.

Die sintuig van die gesig (om te kyk) is by Boerneef die belangrikste waarnemingselement. 'n Ontleding van sy gedigte soos gebundel in Krokos (1958), Ghaap en Kambro (1959), Mallemole (1962), Palissandryne (1964), Op die Flottina (1967) en Sesde Hoepel (1976) toon die volgende verspreiding:

| | Kyk | Hoor | Smaak | Tas | Ruik |
|---|---|---|---|---|---|
| Krokos | 84 | 39 | 15 | 7 | 2 |
| Ghaap en Kambro | 57 | 17 | 10 | 7 | 1 |
| Mallemole | 49 | 22 | 6 | 5 | 1 |
| Palissandryne | 80 | 56 | 13 | 3 | 2 |
| Op die Flottina | 82 | 33 | 12 | 3 | 2 |
| Sesde Hoepel | 63 | 43 | 6 | 3 | 0 |

Geen wonder nie dat hy sê:

die sysiegeel en bessierooi
tussen die groen van bessieboom
dit is mos louter oëtroos
jy vind dit vreemd dat stokou oom
hom so verkyk aan hierdie boom
jy is nog jonk moet nog leer kyk
na sysiebessieoëtroos

("'n Sysiepaar pik rustig rooi", Sesde Hoepel 2)

Die verspreidingstabel (bl. 6) wys duidelik uit dat die verkykhandeling en die oëtroos by Boerneef die sintuiglikheid met die hoogste frekwensie is.

1.3 Die sintuiglike en die kreatiewe

Boerneef se gedigte kan basies in twee samehangende groepe verdeel word: dié waar die sintuie die prikkel is tot die gediggebeure en abstrahering, en dié waar die abstrakte omgekeerd verkonkretiseer word deur die sintuiglike beelde. Hierdie soort omsetting is een van die mees algemeen voorkomende literêre verskynsels en 'n belangrike struktuurbeginsel.

Die meeste van Boerneef se gedigte in sy vroeëre bundels (Krokos, Ghaap en Kambro, Mallemole) is gedigte wat die resultaat is van sintuiglike ervarings. Dikwels bestaan die gedig uit elementêr sintuiglike ervaringe. Soms interpreteer die digter die voorkoms, geluid, handeling... met ander woorde die sintuiglike lei na 'n nie-sintuiglike, abstrakte belewenis.

So tik ek met die handsambok
so ry ek die skimmel handgalop
hy trap die aarde van hom weg
hy maak die ding by die meisie reg
dis baie jare reeds verby
wat het geword van hom en my

("So tik ek met die handsambok", Ghaap en Kambro 55)

Die kyksintuiglike en konkrete is in die gedig die kernprikkel waarom die gediggebeure wentel: handsambok, skimmel, meisie, wyse van ry. Ander sintuie wat in 'n mindere mate 'n rol speel, is die tassintuig ("so tik ek...") en die gehoorsintuig wat veral deur die akoestiek van die gedig betrek word. Die assosiatiewe krag van die beeld is die brug tussen die konkreet sintuiglik waargenome en die abstrakte ervaringe soos liefde, ouderdom en verganklikheid wat in hierdie gedig deur die konkrete beelde gesuggereer word.

Die kreatiewe proses het dus in die eerste plek 'n sintuiglike ervaring as oorsprong. Vanaf dié ervaring ontwikkel die gedig na 'n bepaalde interpretasie van gegewens en die finale gediggebeure wat, met die sintuiglike as aanvanklike prikkel, uiteindelik veel méér sê as die blote sintuiglike prikkels.

Die volgende gedig is 'n voorbeeld van die abstrakte (verlange) wat omgekeerd aanleiding gee tot die gedig en wat deur sintuiglike beelde konkrete gestalte kry in die poësie. Die digter sien en hoor nie die vertroude dinge nie; verlange laat hom dit sien:

Weet jy hoe skyn die wintermoreson
teen bos en klip en rots en krans
op Kafferskraal in Ceressekaro
waarskynlik nie die plek lê ver en wreed
weet jy sal jy soos ek dit nooit vergeet
die heerlikheid van winterson op winterryp
die son se skyn op klip en rots en krans
en op jou witmuurlegplekwoninkie
met wit en blêr van moflam sommer hier
kan jy nou glo dat so 'n Kroherinnering
so ryk en vars kan bly in hierdie stedeling

("Weet jy hoe skyn die wintermoreson", Sesde Hoepel 80)

Die vrae wat almal heenwys na sintuiglike belewenisse (kyk- en hoorsintuiglike prikkels) kulmineer in

Kan jy nou glo dat so 'n Kroherinnering
so ryk so vars kan bly in hierdie stedeling

Hierdie hoogtepuntvraag suggereer verlange en 'n hunkering na die Karoo. Dié abstrakte begrippe (verlange, hunkering) word deur die sintuiglike ervarings verkonkretiseer:

Weet jy hoe skyn die wintermoreson
weet jy sal jy soos ek dit nooit vergeet

Die kreatiewe proses by Boerneef is deurentyd voltrek op die stramien van die sintuiglike waarneming en ervaring, of laasgenoemde nou begin- óf eindpunt is.

Die gedigte wat bespreek word in die verhandeling verwys gedurig na een van hierdie twee prosesse.

## 2. OM TE KYK

Die najaar is nou op sy herfste
die bessieboom se rooi is hartvanrooi
hoe het my jeug se oë dan gekyk
die kleur was toe mos nie so brandendrooi
is dit die gawe van die ouderdom
om dieper in die kleuregloed te kyk
aanhoudender na ondergaande son

("Die najaar is nou op sy herfste", Sesde Hoepel 82)

### 2.1 Om te kyk en die gedig

Boerneef beleef die werklikheid veral deur te kyk. Dinge om hom neem hy meestal waar deur hulle te sien. Hierdie gesigsprikkels word omgesit in gewaarwordinge wat sterk neerslag vind in sy poësie.

In 415 van sy gedigte uit die 522 wat vir hierdie studie bestudeer is, speel gewaarwordinge wat hulle ontstaan aan gesigsprikkels te danke het, 'n rol in die gedig. Hierdie hoë voorkoms van gesigsprikkels is 'n bewys dat kyk vir Boerneef belangrik is. Hy is fyn daarop ingestel om te kyk. Sy oog is veral sensitief vir kleur en beweging. 'n Studie van sy poësie toon dat die digter 'n opvallende voorliefde vir rooi het.

Boerneef dra dikwels die leser op om te kyk: "Kyk hoe mankoliek is die ou", "kyk hoe 'n spogallighy is dit...", "Kyk dan net so ramme kyk", "kyk lank kyk goed en sê vir my hoe proe

dit nou om mens te wees".

Cloete (1977:155) sê: "Om die werklikheid te beleef, het vir hom veral beteken om daarna te kyk".

Hierdie stelling word bevestig deur die groot aantal gedigte wat gebou is uit ervarings wat verband hou met die gesigsintuig. Boerneef beleef die werklikheid deur 'n vertroulike en intieme omgang daarmee en deur veral 'n fyn waarneming daarvan deur te kyk.

Talle van sy gedigte bestaan uit 'n opeenhoping van kyksintuiglike prikkels soos:

> Dooi toktokkies aan die ankerdraad
> laksman wipstert in die santolien
> die parras kruip weg in die blikkantien
> en Ouram staan bont met die worsmasjien

("Dooi toktokkies aan die ankerdraad", Krokos 76)

Krokos 76 is 'n voorbeeld van 'n vers wat hoofsaaklik op die sintuiglike waarneming gebou is. 'n Reeks waargenome prikkels is langs mekaar gestel. Almal het nie eintlik 'n duidelike verband met mekaar nie: "en Ouram staan bont met die worsmasjien" is oënskynlik los van die laksman en sy bedrywighede. Lees 'n mens egter noukeurig, dan het die laksman en Ouram tog iets gemeen: beide is bedrywig met kos, dus met iets konkreets, bowendien.

Hierdie tipe gedig van Boerneef, wat in 'n hoë mate 'n stapeling van die waargenome is, is myns insiens 'n resultaat van

die digter se besondere kykbewustheid. Die digter kyk en kyk en laat sien... Nog 'n voorbeeld soos hierdie is "Jantastikkie", Krokos 12.

Die meeste van Boerneef se gedigte groei vanuit 'n kyksintuiglike waarneming en word uiteindelik 'n nuwe werklikheid wat meer sê as die blote waarneming. Die digter kyk indringend en herskep hierdie waargenome in die nuwe wêreld van die gedig:

> Die rotjermes sny die winkelhaak
> kyk goed hoe jy die swaelstert maak
> vat jy my lam dan vat jy aan my
> kyk dan hoe wikkel sy hand in die sy

("Die rotjermes sny die winkelhaak", Krokos 87)

Drie van hierdie verse is gesigsprikkels. In elkeen van die verse is daar 'n fyn detail wat waargeneem is: Die rotjermes. Dit is nie net 'n mes nie, maar selfs die naam van die mes word genoem.

Die mes merk nie net die lam nie, maar die bepaalde soort merk word gesien, nl. die winkelhaaksny.

Die tweede vers is 'n kykopdrag: "Kyk goed hoe jy die swaelstert maak".

Die vierde vers is 'n kyk na klein besonderhede: die wikkel van 'n hand.

Die digter gebruik hierdie waargenome prikkels só dat dit 'n

ruimer ervaring word: "vat jy my lam dan vat jy aan my" het 'n veel ruimer konnotasie as bloot 'n skaaplam wat in gedrang kom. Hierdie beeld slaan nou ook op 'n meisie en al die sintuiglike presiseringe beteken presiese identifikasie van die lam as eiendom.

"Kyk dan hoe wikkel sy hand in die sy" suggereer intensies en 'n houding. Hierdie reeks gesigsprikkels saam ontwikkel gaandeweg só dat die wêreld van die mes en die skaap oorgaan in dié van die mens en sy beminde - 'n nuwe werklikheid.

Deur te fokus op bepaalde dinge bou die digter talle van sy gedigte suiwer op kykprikkels. Die ervarings word so gerangskik dat die geheel 'n gedig is wat finaal as 'n selfstandige eenheid 'n nuwe werklikheid is met ruimer betekenisse as slegs die waargenomene.

Nog so 'n voorbeeld:

> Kraalbosskerm en tkoiinghoutkole
> rittelbeenskoffel met die lekker gladde sole

("Kraalbosskerm en tkoiinghoutkole", Krokos 77)

Boerneef kyk noukeurig: hy sien 'n bepaalde bos, kraalbos, vir die skerm; hy sien die soort kole. Hy sien die wyse waarop die bene beweeg; hy sien die sole is glad.

Hy kyk selektief: hy sien slegs die kraalbosskerm en die kole en die bene en die sole.

Boerneef kyk ook met gevoel: "rittelbeenskoffel met die lek-

ker gladde sole" is 'n prikkel wat meer is as net 'n gesigprikkel. Woorde soos "skoffel" en "lekker" is woorde wat betrokkenheid verraai en met 'n mate van emosie gelaai is.

Hierdie gedig wat uit slegs twee verse bestaan en wat grootliks uit kykprikkels bestaan, is 'n voorbeeld van die digter se vermoë om die bloot sintuiglike waarnemings só te verwerk dat die finale saamgestelde geheel met geringe gegewens baie sê. Die gesigsintuig het dus 'n soort vermenigvuldigingswaarde. Die gedig het 'n eie musikale klank, 'n besondere atmosfeer van afsondering, intimiteit, dit het aanskoulikheid, en dit alles is gebou op die stramien van "om te kyk". Die gedig sê finaal aldus baie meer as net die blote skerm en kole en danser...

"Om te kyk" is vir talle van Boerneef se gedigte slegs 'n skynbaar geringe prikkel. Die digter kyk en sien iets maar die gewaarwording groei in die gedig na 'n nie-sintuiglike belewenis. Dapperheid, moed, volharding en ander abstrakte begrippe soos haat en liefde word dikwels in die poësie van Boerneef gebeeld vanaf 'n aanvanklik sintuiglike waarneming. Omdat die sintuig van die gesig so 'n sensitiewe waarnemingsorgaan by Boerneef is, vind ons dat die meeste van sy gedigte wat met hierdie abstrakte begrippe werk, 'n kyksintuiglike oorsprong het:

> Jy's hond alleen en jou pote is rou
> van jakkalsjag in Witsemberg
> want Witsemberg is skurweberg
> en skaap is stom en ta is gou
> honna se hond en honna se kind
> bloedspoor maak maar kopgee nooit

al is die klowe nog so skurf
kort voor lank breek jy sy murg

("Jy's hond alleen en jou pote is rou", Ghaap en Kambro 2)

"Jy's hond alleen en jou pote is rou" is 'n vers wat allereers ontspring uit 'n visuele indruk. Boerneef kyk egter met groot deernis. Die aanspreekvorm is in die vorm van 'n lofrede. "Jy's hond alleen..." beteken dat die hond op homself aangewys is en suggereer ook in 'n mate 'n hond met besondere eienskappe. Die lofrede groei gaandeweg na 'n loflied wat persoonlikheidseienskappe soos volharding, moed en dapperheid beeld:

"Jy's hond alleen..." word "honna se hond en honna se kind..." "Bloedspoor maak maar kopgee nooit" "kort voor lank breek jy sy murg".

Visuele prikkels bly egter 'n gedurige ondertoon in die gedig: "Witsemberg is skurweberg"; "bloedspoor maak"; "klowe nog so skurf".

Al kykende na die hond, dig die digter weg van die visuele prikkels en herskep hy hierdie gegewens sŏ dat uit die sintuiglike 'n nie-sintuiglike gedigwêreld vergestalt word. Die gedig toon duidelik dat die sintuiglike waarneming vir Boerneef 'n produktiewe, kreatiewe gegewe is, vol groei- en verbeeldingsmoontlikhede. In hierdie gedig word eienskappe soos dapperheid, volharding en individualiteit deur visuele beelde gesuggereer.

Die volgende gedig het die liefde as gegewe, maar soos die

vorige gedig het dit ook 'n visuele indruk as beginpunt:

> Aandblom is 'n witblom
> aandblom is my bloedrooi vers
> hartblom is my meisie
> ek en sy by die opsitkers
> blommetjie vergeet my niet
> blommetjie gedink aan my

("Aandblom is 'n witblom", Ghaap en Kambro 20)

Vanaf 'n kyksintuiglike waarneming dig die digter weg na 'n liefdesgedig met 'n atmosfeer van nostalgie en verlange. Die digter speel veral met die woord "blom": "aandblom", "witblom", "hartblom", "blommetjie" is 'n gedurige omdig van die woord met 'n verrassende betekenisgroei van 'n blom na 'n beminde.

Hierdie betekenisverruiming is veral te danke aan die gedurige herhaling:

> Aandblom is 'n witblom
> aandblom is my bloedrooi vers
> hartblom is my meisie

Daar is 'n wending in: "ek en sy by die opsitkers", en dan volg daar weer 'n herhaling, maar nou is daar 'n tikkie nostalgie:

> blommetjie vergeet my niet
> blommetjie gedink aan my

Voorbeelde soos hierdie is talryk in die werk van Boerneef.

## 2.2 Waarna kyk Boerneef graag?

Boerneef kyk en sien veral die mens, voëls, diere, plaasdiere, die natuur, die stad, kunswerke - die lewe om hom.

Ek ondersoek nie in besonderhede alles wat die digter kyksintuiglik beleef nie. Ek kyk slegs na belangrike opvallende kyksintuiglike prikkels wat dikwels aanleiding gee tot beelding.

Boerneef is 'n fyn waarnemer. Houding, handeling, beweging en kleur is almal vir hom ervaringsprikkels. Verder beskik hy oor die poëtiese gawe om hierdie waargenome prikkels so in die taal te herskep dat die leser nie net die visuele prentjie beleef nie maar ook deel het in die ryker geestelike belewenis wat deur die woordspel tot stand kom. Ernst van Heerden (1968:50) sê van Boerneef: "Hier is die woord oneindig meer as betekenis- of selfs 'n klankdraer; dit word 'n magiese instrument, 'n sleutel tot 'n fantasiewêreld wat in die goeie sin van die woord naïef en kinderlik is. Sy virtuose spel met die woord, in dié geval met woordpare, sou 'n gesofistikeerde Europese idioom 'absolute liriek' genoem kan word".

### 2.2.1 Die mens

Boerneef kyk veral na die plaasmense, die arbeiders. Hy het 'n oog vir die komiese en die naïewe. Hy verbeeld hulle dikwels in 'n komiese of snaakse situasie:

Jou wonnieafflyt
jou hempie hang van oener af yt
spoeg op die ding
daar's boegoe in
agtermekaar koljôters
vir die aardigheid

("Jou wonnieafflyt", Krokos 9)

Die streektaal en gewestelike uitspraak is die belangrikste beeldende elemente om die besondere karakter te vergestalt: "wonnieafflyt", "oener", "yt", "koljôters". Hierdie lokale taal hou duidelik verband met die gehoorsintuig. Kyksintuiglik het ons hier die komiese situasie van hempie wat "van oener af yt" hang en gehoorsintuiglik word dit alles koddig vertel.

'n Karakter soos die een in hierdie gedig is 'n tipiese Boerneefkarakter in 'n koddige situasie. "Spoeg op die ding vir die aardigheid" is 'n kenmerkende eienskap van sy mense: hulle doen dikwels dinge vir die aardigheid. Die karakters en hulle doen en late is opvallend en 'n kykbewuste digter sien hulle fyn raak.

In Krokos 32 is 'n fyner kyk na die mens, 'n kyk wat interpreteer:

By jonasdrif se sekelgat
sit die watervrou en kouse stop kouse stop
vir Pik en Mik en Fik en Rik
haar vierling uit die oorlogsjaar
maar as oom Sors met sy sweetvoshings

aan die oorkant langes deur die doringbosse ry
dan word sy van dinges so vreeslik bly
van al die goed wat sy haar verbeel
dat sy stukkend stop in plaas van heel

("By jonasdrif se sekelgat", Krokos 32)

Nog steeds die komiese situasie, maar die digter interpreteer die watervrou se handelinge, en deur subtiele woordspeling beeld hy 'n ander gebeure - 'n verhouding. Oom Sors op 'n sweetvoshings wek by haar assosiasies wat die situasie 'n komiese maak: "dat sy stukkend stop in plaas van heel".

"Sors met sy sweetvoshings" is 'n beeld wat binne dié gediggebeure 'n sinnelikheid indra. Hierdie sinnelikheid word subtiel versterk deur:

dan word sy van dinges so vreeslik bly
van al die goed wat sy haar verbeel

Na hierdie mens met haar probleem kyk Boerneef en vanuit die kyksintuiglike waarneming herskep hy die gebeure so in die poësie dat die komiese eerder as die patetiese beklemtoon word.

Die digter het veral 'n oog vir die vertonerige, die eksibisionistiese, dus: die opvallende wat 'n aspek is van die visuele. Talle van sy karakters is gebeeld as grootpraterige, grootdoenerige, viriele mense. Die sêgoed en dreiging is in die eerste plek op vertoon gerig; ook natuurlik op die sintuiglike (akoestiese), en aldus loop sien en hoor in die karakterisering van die mens saam:

Dysend afferkanerskaap
staan vanjaar op Grootsand
hulle is hardvet
wild laddit vrek
drilstert jou swartbek
net ek kan hulle tel
hiert spring syntoe pietmanel
al agteruit teen die potkleiwal
Boepens waars jou getal
ek het my getal
dysend afferkanerskaap

("Dysend afferkanerskaap", Ghaap en Kambro 38)

Die vertoon loop dik in die volgende: "dysend", "hardvet", "drilstert", "net ek kan hulle tel".

"Grootsand" is 'n raak naamkeuse; dit is 'n multivalente beeld wat die grootdoenerigheid relativeer: sand dui juis op armoede en ellende in die landbouwêreld. "Grootsand" het gevolglik die konnotasie van "Grootarmoede".

Nog so 'n voorbeeld:

Veer op my hoed
dis my eie goed
jakkalsfintyn jou nare fintyn
daar loop 'n straal wyn
so dik soos my dym
Sêra wyjoedou
Sêra wyjoedou
Ek sikketaars vanaand by jou

("Veer op my hoed", <u>Krokos</u> 61)

Die visuele prentjie van 'n spoggerige man met 'n veer op sy hoed is hier die aanvanklike beeld. Oordadigheid is deel van hierdie man se wêreld:

> daar loop 'n straal wyn
> so dik soos my dym

Die oordadigheid beklemtoon die vrou se viriliteit, wat gesuggereer word in:

> Sêra wyjoedou
> Sêra wyjoedou
> ek sikketaars vanaand by jou

Gedigte soos hierdie wat die mens, die arbeider op die plaas se grootdoenerigheid beeld, is talryk.

Boerneef kyk en sien veral ook die hedendaagse skollie, skorrie, beatnik "vannie nuwe soort mensdom", moontlik omdat hierdie mense net soos die plaasarbeider en die grootprater, meer te bekyk het, meer visueel aandoen, opvallender en aanskoulike is. Dié gedigte van hom het 'n sterk sintuiglike ervaringsvlak: kyk, hoor, proe... is veral die sintuiglike indrukke vir die besondere beeld wat hy van die "nuwe soort mensdom" skep.

Sommige van dié gedigte is geskep deur visuele en akoestiese indrukke langs mekaar te stapel. Die digter kyk, sien kenmerkende dinge, hoor bepaalde klanke en geluide en gebruik hierdie bepaalde indrukke om uiteindelik die beeld in die poësie

te vergestalt - 'n hoogs aanskoulike beeld:

> Varkleerbaadjie en klinknaelbroek
> ek is Baaiplek se skorriekoning
> styfspanblous en nog stywerspanbroek
> sys my morrie my morriedoring
> dis sy en ek en ek en sy
> wat die mouterbaik so heluitry
> ons is een van Baaiplek se baie pare
> raasbekskorrieenmorriesnare
> maar ek is ammal se skorriekoning
> en sys my lekkerdingmorriedoring
> blits innie fles en blits innie lyf
> wisenwragtig dan neuk dit styf
> gee pad daarvoor hier kom die koning
> styf handommielyf sit my lekkerdingdoring

("Varkleerbaadjie en klinknaelbroek", Mallemole 35)

Mallemole 35 bestaan hoofsaaklik uit visuele en ouditiewe indrukke. Slegs die volgende vers is nie 'n visuele of ouditiewe indruk nie (alleen miskien ouditief deur die klankverandering): "wisenwragtig dan neuk dit styf".

Die beelde wat hy gebruik, is meerduidig: "varkleerbaadjie" is 'n samestelling waarin vark die kern (baadjie) van die samestelling bepaal. Die negatiewe konnotasie van die woord "vark" maak hierdie aanvangsbeeld 'n besonder meerduidige beeld wat die draer van die baadjie tipeer.

So kan 'n mens verskeie van hierdie beelde ondersoek: klink-

naelbroek, styfspanblous, morriedoring, skorriekoning... om maar enkeles te noem, is almal beelde wat bydra om die visuele te laai.

Die beeld "vannie nuwe soort mensdom" is nie vleiend nie. Die volgende beelde dra 'n sinnelikheid in die gedig in en dui op 'n elementêre soort mens:

> en sys my lekkerdingmorriedoring
> blits innie fles en blits innie lyf
> wisenwragtag dan neuk dit styf
> gee pad daarvoor hier kom die koning
> styf handommielyf sit my lekkerdingdoring

Die sinnelikheid word veral deur die beperkte aantal bywoorde en byvoeglike naamwoorde verhoog. Die woord "styf" en "lekkerding" word herhaaldelik gebruik:

> "<u>styf</u>spanblous", "<u>stywer</u>spanbroek"
> "wisenwragtag dan neuk dit <u>styf</u>"
> "<u>styf</u> handommielyf"
> "<u>lekkerding</u>morriedoring" en "<u>lekkerding</u>doring"

### 2.2.2 Dié Voëls

Boerneef kyk graag na die voëls. Voëls is dikwels vir hom beeld van die mens - "jentelmanne van die paradys", besienswaardige gestaltes.

Hy skryf soos volg oor sy besondere geneëntheid vir voëls:

Ja seker ek gesels graag meddie voëls
maar moenie dink ek aap vir Leipoldt na nie
dis om ek die geselskap nodig het
soos hy dit wis en seker nodig had
kanarie kwikman tatarat en sys
jangroentjie mossie torterduif patrys
ag jentelmanne van die paradys
my dank vir julle lied vir julle kleur
nog net so mooi soos in die paradys

("Ja seker ek gesels graag meddie voëls", <u>Sesde Hoepel</u> 13)

Dit is duidelik dat Boerneef veral 'n oog vir voëls gehad het as 'n mens sien hoe 'n groot verskeidenheid daarvan in sy poësie betrek is. Daar is meer as dertig voëlsoorte in sy poësie teenoor maar sowat vyf-en-twintig dier- en inseksoorte.

Sy verhouding met voëls is 'n meer persoonlike verhouding... "ek gesels graag meddie voëls"... "dis om ek die geselskap nodig het".

Voëls is, soos gesê, dikwels vir hom die aanskoulike beeld van die mens. Deur te kyk na die voël beleef hy 'n besondere omgang met die mens:

Iedereen sit met sy mankement
maar suikerbekkie in tecomaheining
fyn uitgevat in denniese mondering
drink godedrank en musiseer kontent
is dit dalk ook net skyn net kamoeflage
en sit selfs hy dan met sy mankement

("Iedereen sit met sy mankement", <u>Sesde Hoepel</u> 6)

Die suikerbekkie, "fyn uitgevat in denniese mondering", word beeld van die mens wat so dikwels met "skyn" en "kamoeflage" sy "mankement" verberg. Die digter kyk met deernis en begrip deur die voëlbeeld na die mens. Die beeld van die suikerbekkie in sy voëlwêreld, is die sintuiglike verkonkretisering van die menswêreld: Boerneef herskep hierdie wêreld in die poësie vanuit die kyksintuiglike.

Die volgende is ook 'n voorbeeld waar die digter die voël as beeld vir die mens gebruik:

> Moet 'n mens hom dan nie lewenslank spansbok nie
> so 'n swernoterseswernoot van 'n kraai
> opskeploerderskorrierinkhalskraai
> aartslasteraar aartsbinnensbekseswetser
> verpester van die stilte rus en vrede
> van jan en kwikkie en die tortelduif
> hier by die denne en die dam se water
> moet 'n mens hom dan nie lewenslank spansbok nie

("Moet 'n mens hom dan nie lewenslank spansbok nie", <u>Op die flottina</u> 55)

Deur personifikasie herskep die digter die wêreld van die mens in die voëlwêreld: die kraai, "skorrierinkhalskraai", "verpester van die stilte rus en vrede", is hier subtiel die beeld wat Boerneef van 'n bepaalde hedendaagse tipe mens het:

> ons is een van Baaiplek se baie pare
> raasbekskorrie en morriesnare

("Varkleerbaadjie en klinknaelbroek", <u>Mallemole</u> 35)

Die "skorriekraai" verpes die wêreld "van jan en kwikkie en die tortelduif" "jentelmanne van die paradys".

("Ja seker ek gesels graag meddie voëls", <u>Sesde Hoepel</u> 13)

In die volgende gedig kyk Boerneef deur "spogrooispikkelvoëls" na nog 'n besondere tipe mens:

> Twee vreemde spogrooispikkelvoëls
> uit die skilder se aviarium
> het eergisteraand so skuins voor ses
> in ons agtertuin kom sirkus hou
> stap onnerstebo anie wasgoeddraad
> vlieg bollemakiese aan 'n tou
> slaan rûensagteroor en gatoorkop
> trappie bobaastrap vannie askoekklou
> het toe onkeerbaar rof geword
> gevoelens skaamtloos uitgestort
> die Sensuur het daadlik ingegryp
> en 'n end gemaak aan die jolyt

("Twee vreemde spogrooispikkelvoëls", <u>Op die flottina</u> 57)

Boerneef, wat 'n fyn kenner van voëls is, noem hierdie twee "twee vreemde spogrooispikkelvoëls" - geskep in die "skilder se aviarium". Hulle is beeld van die identiteitlose mens, die resultaat van 'n kunsmatige leefwyse. Hulle kom hou sirkus in die agtertuin en stort uiteindelik gevoelens "skaamtloos" uit. "Die Sensuur het daadlik ingegryp" is 'n fyn verwysing na die sosiale orde se onnatuurlike tugmaatreëls.

Die gediggebeure is deurgaans kyksintuiglike gebeure: "spog-rooispikkelvoëls", en al die manewales wat hulle uithaal is visuele indrukke.

Boerneef kyk nie net na die voël nie, maar hy verkeer ook gesellig met die voël. Hy sê:

> Ja seker ek gesels graag meddie voëls
> dis omdat ek geselskap nodig het

("Ja seker ek gesels graag meddie voëls", Sesde Hoepel 13)

Die besondere "mensvoëlverhouding" herskep hy sintuiglik in die poësie:

> Kaapse kanarie wat so geelkeel sing
> oppie draad oppie draad vannie telefoon
> sein virrie kind die geluk met jou lied
> al laans die lyn vannie telefoon
> probeer ekself is dit pure verniet
> my stem klink te vals en die ene verdriet
> singgeelkeelkanarie ek vra mooi assemblief
> kwinkeleer virrie kind 'n lied soos min
> soos jou geelkeellied alleen mag sing

("Kaapse kanarie wat so geelkeel sing", Sesde Hoepel 47)

Dit is opvallend hoe die visuele geel deur die gedig speel: "geelkeel sing", "geelkeellied". Die gehoorervaring op sigself is as't ware nie voldoende nie maar word ook visueel versterk. Die visuele sinestese dra by om 'n hoë aanskoulikheid in die gedig te skep - as't ware 'n "geel lied".

Die leser sien eerder die lied as om dit te hoor.

Wat egter belangrik is, is dat die digter deur hierdie gedig 'n persoonlike verhouding tussen hom en die voël veronderstel - 'n "gesels-graag-meddie-voëls"-situasie. Die verhouding word deur kyksintuiglike indrukke deur die gedig verkonkretiseer.

Deur die voël sien Boerneef soms felle kontraste in die mens, in die menswêreld en in die natuur. Deur kontraswerking beeld hy. Kontraste is immers sintuiglik opvallend.

In die volgende gedig kyk hy na 'n glaasogie wat rustig pik aan 'n druiwetros terwyl hy bewus is van 'n groot onrustigheid in die natuur om hom:

> Die dag die smyt sedoos oor Tafelberg
> dis pure van die en verfomfaai
> en platgooi en ysterklouinniegrond
> maar glaasogie pik rustig aan 'n druiwetros
> die dag die smyt orkane oor die aarde
> dis pure van die en verfomfaai
> en rûensagtroor en teen die grond
> hoe rustig tog pik glaasogie die druiwetros

("Die dag smyt sedoos oor Tafelberg", Sesde Hoepel 3)

Die gedig steun op herhaling:

> Die dag die smyt sedoos oor Tafelberg
> en
> die dag die smyt orkane oor die aarde

en

dis pure van die en verfomfaai
dis pure van die en verfomfaai
en
en platgooi en ysterklouinniegrond
en rûensagtroor en teen die grond

Die beeld van vernietiging is deur herhaling beklemtoon en versterk, en dit staan in felle kontras met die sigbare rustigheid van die glaasogie se gang wat ook deur herhaling beklemtoon word:

maar glaasogie pik rustig aan 'n druiwetros
hoe rustig tog pik glaasogie aan 'n druiwetros

Die digter se oog fokus op die voël en sien hom in teenstelling tot die woelinge om hom. Hierdie woelinge word visueel verkonkretiseer deur die voël- en natuurbeeld.

Kyk na die voëls word 'n lewenshouding. Die digter word vroegvoordag wakker en is bewus van voëls; die voël is vir hom die assosiasie met die verlede, die verganklikheid; met die voëltjies kommunikeer hy. Hy <u>sien</u> in die voël die geidealiseerde leefwyse:

Die kwikkie stap en pik kordaat
hys 'n pikkie na my hart
klein van bou en fyn van aard
steeds jentelman altyd kordaat
as medekwikkies hom vererg
wie nog kan viesgeid so verberg

hy is tot meer in staat as ek
so klein so bak en so kordaat

("Die kwikkie stap en pik kordaat", <u>Palissandryne</u> 43)

"Fyn van aard/ steeds jentelman altyd kordaat/ wie kan sy viesgeid so verberg/ hy is tot meer in staat as ek" is geïdealiseerde menshoedanighede wat die digter in die voël konkreet sien.

Die vroegvoordagwakkerword is as gevolg van 'n bewuswees van voëls: "die vroegvoordag praat met jantataratstem"; "dis goed as die vroegvoordat praat met sy stem"; "nou kan 'n man luister as douvoordag praat/ met die daeraadstem van jantataratstem".

("Die vroegvoordag praat met jantataratstem", <u>Palissandryne</u> 42)

Die voël is vir Boerneef deur die sintuie van die gesig en die gehoor ook 'n assosiasie met die abstrakte verlede:

Vroemôre in die hospitaal
voëlstemme in die boom vlakby die venster
duet van torteldui en tatarat
nou solo solo en dan weer duet
skink morevreugde by sy venster in
en voer hom weg na vertes van geluk

("Vroemôre in die hospitaal", <u>Sesde Hoepel</u> 10)

Die assosiasie met die verlede is vir hom gewoonlik 'n terugplasing na die "Krowêreld", die plaas:

Kelkiewynfontein teen 'n skurwe rant
is die bobaasfontein in my vaderland
helderste water uit witgrys klip
namakwapatrys kelkiewynsekind
speliefluit doer ver in Namakwaland
by suiwerste water uit rots en klip
en jy oppie teer tussen glas en beton
kan jy dink hoe naby kan 'n skurwerant wees
en hoe helder die fluit van namakwapatrys
by bobaasfontein in my vaderland

("Kelkiewynfontein teen 'n skurwe rant", Sesde Hoepel 12)

Beelde soos "skurwe rant", "helderste water", "witgrys klip", "rots en klip" en "glas en beton" is visuele beelde. Slegs die fluitbeelde ("speliefluit" en "hoe helder die fluit") is gehoorsintuiglik. Deur kontraswerking beeld hy in Sesde Hoepel 12 die Krowêreld: hy sien die teer, glas en beton, en in sy verbeelding sien hy die skurwe rant "met sy helderste water uit witgrys klip". Die voël (in hierdie geval die kelkiewyn) is vir hom die assosiatiewe prikkel wat hom kyksintuiglik terugplaas "by die bobaasfontein in my vaderland".

Die digter verwoord hierdie "way of life", hierdie lewenshouding van hom ook in die volgende:

'n sysiepaar pik rustig rooi
in glaasogies se bessieboom
die sysiegeel en bessierooi
tussen die groen van bessieboom
dit is mos louter oëtroos
jy vind dit vreemd dat stokou oom

hom so verkyk aan hierdie boom
jy is nog jonk moet nog leer kyk
na sysiebessieoëtroos

("'n Sysiepaar pik rustig rooi", Sesde Hoepel 2)

Kyksintuiglike beelde vorm die kern van elke vers. "Dit is mos louter oëtroos" is die vers wat die kyksintuiglike sentraal in die gedig beklemtoon: die gediggebeure wentel om hierdie vers.

Kleure speel deur die gedig: "rustig rooi", "sysiegeel en bessierooi", "groen van bessieboom", "sysieoëtroos". "Rustig rooi" is 'n samestelling van die sintuiglike en die niesintuiglike - geestelike kwaliteite word hier visueel beleef.

Rooi is 'n bywoord by pik - dus 'n soort kleurryke handeling. Die konkrete rooi op sigself word gekwalifiseer deur die abstrakte rustig (of omgekeerd) - met ander woorde, abstrakte geestelike kwaliteite word konkreet visueel beleef, nog te meer deur die kontraste met geel en groen.

Die alliterasie betrek dië visuele ervarings in 'n gereleveerde klankveld: r, g, s... Boerneef span die gehoorsintuig van die leser in om die gedig sterker sintuiglik te beleef.

Die gedig betrek drie van die vier komplementêre kleure, naamlik rooi, geel en groen en demonstreer daardeur dat die ouderdom en wysheid kleurryk, intens kan wees, dat om te kyk, veral in latere jare, 'n "way of life" is.

### 2.2.3 Die diere

'n Mens sou kon praat van manlike vooringenomenheid as die besondere kenmerk van Boerneef se kyk: hy kyk veral na die os, die perd - veral die hings en die reun, die bokram, die bul...

Boerneef sien die Karoodiere en insekte: jakkals, wolf, ystervark, skilpad, bobbejaan, ribbok, duiker, dassie, slang en skerpioen, skurwejan, duisendpoot, koggelmander, hotnotsgot, trapsuutjies, tor, toktokkie, mier.

Enkele nie-karoodiere lei ook tot sintuiglike prikkels wat neerslag vind in sy poësie: die impala, kameelperd, koedoe, maar dit is opvallend minder as dié in die vorige paragraaf genoem.

Kleurbewustheid is 'n kenmerk van Boerneef se waargenome dinge. Hy noem dikwels die dier by die kleur. Sy poësie lewer talle voorbelde hiervan: in Krokos veral, waar die os en die perd dikwels besing word, is hierdie wyse van benoeming opvallend:

> Die swart hings swem in die sekelgat
> en die rooi bul bulk by die spookkruispad

("Die swart hings swem in die sekelgat", Krokos 19)

Bogenoemde gedig van net twee verse bestaan uit twee sinne. Die onderwerp van elke sin is kleurig beskryf: "swart hings" en "rooi bul".

Elke vers het 'n besondere akoestiek:

Die swart hings swem in die sekelgat

Die alliterende s'e en die oorwegende voorvokale verleen aan hierdie vers 'n akoestiek wat totaal verskil van: "en die rooi bul bulk by die spookkruispad", waar die eksplosiewe bilabiale en die laer agtervokale oorwegend die akoestiek bepaal. Die kleur, die dier, die akoestiek en die handeling van die een vers kontrasteer met dié van die ander. Wat egter belangrik is, is dat die kleur van die dier in 'n begunstigde plek in die vers staan. Die kleur dra ook metriese klem:

Die swart hings swem in die sekelgat
en die rooi bul bulk by die spookkruispad

Dus, die visuele indruk word ondersteun deur 'n akoestiese element. In 'n geval soos dié is dit duidelik dat die sintuie die versvorm bepaal.

Dergelike voorbeelde is talryk. Die kleure is gewoonlik skerp en helder:

Daar brul die rooies en swartes en
die bontes en skillers...

("Hoor hoe brul die bul", Krokos 14)

My rooibantomkapater
en jou swartbantomkapater

("My rooibantomkapater", Krokos 54)

Dis hy wat kan praat met 'n moflam
en die donkerbruinblesse roskam
Wadrif se geel mandoor

("Dis hy wat kan praat met 'n moflam", Krokos 66)

Boerneef kyk graag na die dier in aksie omdat aksie meer aanskoulik is as statiek. Soos hy 'n oog het vir kleur, het hy 'n oog vir beweging:

Twee hingste kou aan die koggelstok
dat bollings skuim oor die mane waai
twee kokers klop
twee kokers klop
die rooiwielkar gooi es en draai

("Twee hingste kou aan die koggelstok", Krokos 11)

In so 'n gedig staan die waargenomene sentraal. Vestdijk (1956:168) sê die volgende: "Intussen bestaan er ontegenzeggelijk gevallen waarin het beeld in een meer volstrekte zin tot de inhoud van het gedicht gereken moet worden, nl. wanneer er geen aanwysbare gedachte is, maar uitsluitend beschrijving, kleurige descriptie, schildering van concrete voorwerpen of situaties". Hierdie opmerking is van toepassing op baie van Boerneef se beskrywende poësie, veral dié wat 'n sterk sintuiglike oorsprong het en wat 'n elementêre weergawe is, 'n direkte weergawe van sintuiglike indrukke.

In Krokos 11 staan die volgende visuele indrukke prominent in die gedig:

twee hingste
bollings skuim
twee kokers wat klop
'n bewegende rooiwielkar

Sulke direkte beelde suggereer spoggerigheid, vertoon (almal aanskoulike kwaliteite) maar is in die eerste plek 'n aanskoulike weergawe van viriele diere in aksie.

Dit is opvallend dat Boerneef "twee hingste" sien en nie "twee perde" nie. Dit is juis hierdie besondere manlike benadering van hom wat 'n mens laat praat van manlike vooringenomenheid. Nog so 'n voorbeeld:

Met Albani en Selino vorie rooiwielkar
gooi ek die een es na die anner
daddie fyn sand vaalgeel boë staan
so draai die twee hingste meddie rooiwielkar
my kar en pêre is juts ek sit juts
en Albani Selino en ek ry juts
jy sê dis vinkel en koljanner
die een is nessie anner
ek sê staan sountoe Pietaplooigesig
jou oë is bejoeks
jou binneleisels is te kort
jy kyk amlee oorhoeks

("Met Albani en Selino vorie rooiwielkar", <u>Op die flottina</u> 15)

Die visuele indrukke staan ook in hierdie gedig baie prominent. Direkte beelde word hier aangewend om aanskoulike vertoon en spoggerigheid te beeld:

my kar en pêre is juts en ek sit juts
en Albani Selino en ek ry juts

In die bewegende diere en die bewegende kar en die vaalgeel boë van die fyn sand, lê daar 'n lewensdrif opgesluit wat so kenmerkend van die Boerneef-diere en -mense is - dié dinge waarna hy graag kyk.

Die dier is vir Boerneef ook dikwels beeld van die "Krowêreld", die plaas, Hy kyk na hierdie diere en sien hulle gewoonlik in die plaasomgewing:

My rooibantomkapater
en jou swartbantomkapater
die nimlike twee bantomkapaters
vreet jong peslynlote in die doringslote
dis 'n mooi jaar
dis 'n krojaar
dis 'n blomjaar
jy het jarelank geswoegensweet
tel nou maar godsweldaan elk waarvan gy weet

("My rooibantomkapater", Krokos 54)

Deur die rooibantomkapater en die swartbantomkapater kyk Boerneef na die Kro:

dis 'n mooi jaar
dis 'n krojaar
dis 'n blomjaar

Hierdie drie verse staan sentraal in die gedig en bring 'n

jubeltoon in die vers. Dié kyk-deur-die-dier-na-die-Kro is 'n kenmerkende Boerneeftegniek. Die jubeling word deur die kyksintuiglike beelde verkonkretiseer in beelde soos "nimlike bantomkapaters" en "blomjaar".

Die volgende gedig het die swaarkry as tema:

By Pramberg blêr 'n moflam
van hongerte en dors
by Pramberg vrek 'n moflam
dit is vanjaar die stryk
sny keelaf wat nog lewe
dis hoeka sukke tyd
by Pramberg blêr geen moflam
maar die jakkalse hou jolyt

("By Pramberg blêr 'n moflam", Krokos 16)

Ironies dat die moflam van hongerte en dors by "Pramberg" vrek. Deur die moflam kyk die digter hier na 'n swaar jaar: "sny keelaf wat nog lewe". Deur "Pramberg" telkens te herhaal in 'n voorkeurplek in die sin, is die ironiese sterk beklemtoon. Die swaarkry word vasgevang deur kyksintuiglike en gehoorsintuiglike indrukke in konkrete beelde soos die blêr van 'n moflam. sny keelaf, jakkalse hou jolyt. Gedigte soos hierdie waar die fokus vanaf die dier na die Krowêreld of 'n stemming verskuif, is redelik algemeen in die digter se oeuvre aanwesig.

Boerneef kyk en sien in die dier, soos in die voël, die mens. Die kyk is in hierdie gevalle meer beeld as werklik sintuiglik. Hierdie kyk na die mens deur die dier, is 'n interes-

sante perspektief op die mens:

Duisendpoot en hotnotsgot
drentel agter die rooibaksteen
die duisendpoot is bra verspot
en hou hom ewe latjiebeen
maar hotnotsgot sê kaf met jou
en tik hom speel-speel op sy skeen

("Duisendpoot en hotnotsgot", <u>Mallemole</u> 12)

"Drentel", "is bra verspot", "en hou hom ewe latjiebeen" is vermensliking van die duisendpoot, of die visuele herkenning van 'n menstipe in die duisendpoot. So ook: "hotnotsgot sê kaf met jou" en die "speel-speel" tik, wat menslike intensies suggereer. Hier is twee verskillende soorte insekte in 'n menslike situasie geplaas met menslike houdings en intensies. 'n Leser sou hierin kon lees twee verskillende soorte mense (mensrasse) gemoedelik saam en tog apart... Die kyk in 'n gedig soos hierdië is nie in die eerste plek sintuiglik nie. Die dier (insek) is hier beeld. Die beeld is egter kyksintuiglik gekonsipieer en die gediggebeure word visueel opgeroep.

Boerneef beleef die jongmenswêreld van die liefde en hofmakery deur te kyk na die dier - veral die perd:

Losringtrens en rolletjiestang
seer is my hart van groot verlang
springteuelknak van 'n sekelnek
sy wag vir ons by die blomtuinhek

("Losringtrens en rolletjiestang", <u>Ghaap en Kambro</u> 10)

Die gedig bestaan uit twee kykflitse wat elk 'n bepaalde assosiasie oproep: "Losringtrens en rolletjiestang" en "springteuelknak van 'n sekelnek" is hoogs visuele prikkels en deur die klankryke woorde ook sterk ouditief. Dié twee prikkels is die assosiasie met "seer is my hart van groot verlang" en "sy wag vir ons by die blomtuinhek".

Hofmakery (op die Boerneefmanier) was 'n geleentheid vir uithang en vertoon, as 'n mens moet oordeel aan die diere wat betrek is by hierdie geleenthede, en vertoon is 'n aspek van die visuele:

> Laat bokspring die kram
> dis ekke my lam
> laat trippel die kol
> dis ekke my mol
> bokspring en trippel sit juts in sy kam
> vanaand is die aand bymykoliemylam

("Laat bokspring die kram", Ghaap en Kambro 11)

"Bokspring en trippel sit juts in sy kam" is 'n gesigsbeeld wat die besienswaardige uithang en vertoon suggereer. Die herhaling van "dis ekke" intensiveer hierdie vertoon en vestig veral die aandag op die vryer.

Die volgende gedig van Boerneef herinner baie aan A.G. Visser (1929:79) se "Appelblouskimmel met spierwitte maanhaar":

> Wiedam die strykloper was die nimlike hy
> baastrippelaarstryker van my kontrei
> hy loop die hakiesdraad middelaantwee

die sweetvoshaarmeisiekind sê toe mos nee
is ons verleë laat ons ons lomp
maak Ribbokspoort kort my ou bruine verdomp
maar ek vrees ek is ja ek is tog verleë
die sweetvoshaarmeisiekind sê toe mos nee
trippel hom Wiedam strykloper se kind
die liefde waai glo maar weg in die wind

("Wiedam die strykloper was die nimlike hy", Palissandryne 68)

Die uithang en vertoon is andermaal sterk in die gedig: "hy loop die hakiesdraad middelaantwee" en "baastrippelaarstryker van my kontrei". Die aanskoulikheidselement in die gedig is hoog: "strykloper", "loop die hakiesdraad middelaantwee", "sweetvoshaarmeisiekind" is almal sterk kyksintuiglike prikkels.

Gedigte soos hierdie is 'n kyksintuiglike belewenis van die jongmenswêreld: 'n assosiasie met die liefde en hofmakery vol vertoon. Uit die terme aanskoulik, besienswaardig, vertoon opsetlik ens. wat ek doelbewus oral hierbo gebruik het, blyk dit dat kyk vir Boerneef soms 'n dieper dimensie kry as net bloot "sien".

Sêgoed en rympies het dikwels 'n sintuiglike oorsprong met die dier as aanvanklike prikkel. Snelsêers en dopryme se bekoring lê in die vernuftige woordspel en die akoestiek van die gedig, eerder as in die deskriptiewe element van die gedig:

Ribbok proes in die skemeraand
by vinkelvlakvanvoliedam

Jan Kangoes
gooi hom in die loes
wanniehoerek by sliesantyn?

("Ribbok proes in die skemeraand", Krokos 7)

Die rympie se allitererende konsonante in veral die tweede vers, en die oe-klank wat in vier van die vyf verse klink, verleen aan die rympie 'n bekoring wat die leser eintlik dwing om dit hardop te lees, dit wil sê hoorbaar te maak! 'n Mens moet dit hoor om die rympie te waardeer. "Ribbok", "skemeraand", "Jan Kangoes" en "vinkelvlakvanvoliedam" is visuele beelde, met die ribbok-beeld baie prominent in die gedig. Hierdie aanvanklike dierbeeld is veral sterk beklemtoon omdat "ribbok" se akoestiek geïsoleer is van die allitererende akoestiek van die res van die gedig. Die groot bekoring van die gedig lê in die appèl wat die beeld en die klank op die sintuie maak, eerder as in die betekenis van die gedig.

Die volgende doprympie is nog so 'n voorbeeld van kyksintuiglike beelde wat ook deur ritme en klank bekoor - die verband tussen die sake in vers 1 en 2 is niks meer nie as dat hulle albei gesiene dinge is, die eerste onopsigtelik, die tweede opsigtelik, en dié twee dinge hou weer verband met die derde vers wat die smaak raak. Die gedig sê dus min of meer: onopsigtelike mooi dinge, opsigtelike mooi dinge en lekkersmaakdinge, ook mooiklinkende (deur klank en 'n ritme) hoort alles bymekaar. Op hierdie manier sien ons hoe die sintuie 'n formele eenheid skep in 'n gedig wat skynbaar 'n losse versameling van willekeurig gekose dinge is:

Die gansnes in die ruigtepol
die strykloperbruinperd met die kol
gooi hom vol ouseurtjie vol

("Die gansnes in die ruigtepol", <u>Krokos</u> 89)

Die verband tussen verse 1, 2 en 3 is juis dat die beelde almal gesiene dinge is. Die "gansnes" en die "strykloperbruinperd" en die beker is almal opsigtelike dinge. Die akoestiek bind die verse tot 'n eenheid, dus kan ons sê dat die sintuiglike in hierdie soort doprym 'n funksie vervul in die waardering van die gedig.

'n Hunkering terug na die verlede is 'n verskynsel wat in die latere bundels van Boerneef al sterker na vore tree. Hy beleef die verlede deur na die dier te kyk - veral in sy verbeeldingswêreld sien en hoor hy die osse, perde en bokke wat daar nie meer is nie. Hierdie hunkering terug na die verlede en die verganklikheidsgedagte is veral in <u>Palissandryne</u> dikwels vergestalt deur 'n "sien" of "hoor" van die os en die perd in die verbeeldingswêreld:

Wou jy oor hom en oor sy kreun iets skryf
skei uit ou snaar die os is dood
leef jy 'n lewe lank dan in jou jeug
jys ouderwets die trekos lankal dood
versterk jou hart met 'n masjien se dreun
vergeet oorlee ou Goeieman se kreun

("Wou jy oor hom en oor sy kreun iets skryf", <u>Palissandryne</u> 5)

Hierdie gedig is ook 'n digterlike besinning op die terug-

hunkering:

> leef jy 'n lewe lank dan in jou jeug
> jys ouderwets...

Tog lê die bekoring van die gedig in die twee slotverse wat 'n "masjien se dreun" en die os se "kreun" teenoor mekaar stel. Die os wat daar nie meer is in die hoedanigheid van trekos nie, is 'n simbool van die verganklikheid. Die sintuiglike is weliswaar nie so sterk in hierdie gedig nie. Dit is nietemin die steunpunte in die gedig: die kreun van die os en die dreun van die masjien en die visuele os- en masjienbeeld is die kernbeelde van die gedig.

Gedigte soos hierdie met die os en die perd as beelde van die verlede kom voor in al die bundels behalwe Krokos.

Ten slotte kyk ek na 'n geval uit Palissandryne wat 'n voorbeeld is van 'n hoogs geslaagde gedig waar die hunkering terug na die verlede en die verganklikheidsgedagte deur die osbeeld verbeeld word:

> Ek wag dat jy moet oorskakel van geel en rooi
> waarheen van so 'n stofasie geel en rooi
> orraait dan from the sublime to Briekwa Booi
> we are such stuff as dreams are made on
> die hele wêreld dig mos nou meertalig strooi
>          ou Briekwa is 'n agterblyer
>          oom Agterstevoor se agterryer
>          maar sy siel
>          so by my siel
>          die moejy sien in die mistige weer

in die ganske Tankwa is daar net een bokwawiel
deesdae
en daarmee
brei
hulle
osrieme
maar daar is nie meer osse nie
punt

("Ek wag dat jy moet oorksakel van geel en rooi", _Palissandryne_ 33)

Ek kyk slegs na die kyksintuiglike aspek van die gedig, die rol van die osbeeld met betrekking tot die hunkering terug na die verlede en die verganklikheidsgedagte.

Die helder "geel en rooi" is in die taal van die digter, die "sublime" - dit wil sê die verhewene, die goddelike.

Die "jy" moet oorskakel van hierdie verhewene na "Briekwa Booi". Dit is opvallend dat helder sintuiglik waarneembare kleure 'n assosiasie wek met Briekwa Booi. Briekwa, wat onder andere boerbok kan beteken, het in hierdie konteks 'n multivalente betekenis: die naam van 'n agterryer, maar ook dui dit op 'n dier uit die "Krowêreld" en op kleure - "brindle", geelbruin.

In die eerste vyf verse spot die digter met die moderne digters:

die hele wêreld dig mos nou meertalig strooi

In die spot lê daar 'n hunkering terug na die verlede in dié sin dat die hedendaagse digwerk "strooi" is, teenoor die ouer digwerk wat werklik digwerk is.

Die terugbeweeg in die verlede begin by sintuiglike helder "geel en rooi" wat dan oorgaan tot "Briekwa Booi". Briekwa, soos reeds gesê, kan boerbok beteken, maar daar is ook 'n kleurekonnotasie: geelbruin.

Ou Briekwa, 'n agterblyer en agterryer, bestaan egter nie meer nie. Sy siel "moejy sien in die mistige weer" - simbool van verganklikheid.

Die naam Briekwa met die boerbokkonnotasie is ook 'n sinvolle assosiasiesprong na bokwa en bokwawiel waarmee daar osrieme gebrei word van osse wat nie meer bestaan nie - 'n verdere simbool van die verganklikheid.

Hierdie gedig is tipografies kundig versorg: die isolasie van bepaalde woorde in verse, en die finaliteit van die punt, is elemente wat begrippe beklemtoon en wat bydra om die verlede wat verby is, terug te roep. Die finaliteit van die punt na dinge wat daar nie meer is nie, intensiveer veral die verganklikheidsgedagte. Die tipografiese versorging maak 'n verdere appèl op die kyksintuiglike.

Om saam te vat: die oorskakeling van "geel en rooi" (moontlik 'n verkeerslig) na 'n verbeeldingsvlug terug in die verlede, het 'n sterk sintuiglike aanvangsprikkel. Die assosiasie terug in die verlede is sinvol uitgewerk en die digter slaag daarin om die verganklikheidsgedagte beeldend te vergestalt deur die mens en die dier wat daar nie meer is

nie. In die totale verloop van die gedig is dit weer eens die sintuie wat die groot steunpunte is.

### 2.2.4 Die omgewing

Soos Boerneef die werklikheid beleef deur te kyk na die mens, die voëls, die dier, só kyk hy ook na die omgewing. Hierdie kyk na die omgewing is vir hom belangrik. Hy sê:

> Die najaar is nou op sy herfste
> die bessieboom se rooi is hartvanrooi
> hoe het my jeug se oë dan gekyk
> die kleure was toe mos nie so brandendrooi
> is dit die gawe van die ouderdom
> om dieper in die kleuregloed te kyk
> aanhoudender na ondergaande son

("Die najaar is nou op sy herfste", Sesde Hoepel 82)

Hy beleef die menslike ervaringe soos eensaamheid, vrees vir die dood en die ouderdom, koue, voorspoed en teenspoed deur te kyk na die kleurige omgewing. Die kleurvolle omgewing en menswees is onafskeidbare begrippe - 'n mens moet net reg kyk en sien. Die betekenis van die gedig is onder andere dat ouderdom visuele intensiteit bring. Geen wonder nie dat Boerneef se digkuns eers werklik op gevorderde leeftyd begin bloei het. Dit is merkwaardig dat ouderdom visuele intensiteit bring:

> is dit die gawe van die ouderdom
> om dieper in die kleuregloed te kyk

Die kyk na die omgewing is vir hom sintuiglike verkonkretisering van die lewe wat bedreig word deur die ouderdom.

Die assosiasie met die stad het vir Boerneef gewoonlik 'n negatiewe element. Hy kontrasteer dan ook dikwels die stad en staddinge met die plaas en plaasdinge. Vir Boerneef is daar in die stad verwording. Die mense van die stad ("Ons issie Lawaaiseksie van Lawaaistraat ag", "Skorrie hoekom is jou broek so nou" en andere) is dikwels verbeeld as ontworteldes. Sy kyk na die stad is gewoonlik 'n kyk wat negatiewe dinge beleef, waarskynlik weer omdat negatiewe dinge nes spoggerigheid, vertoon ens. aanskouliker is as doodgewone normale dinge:

> Die teerstraat suig my voete vas
> nou het hy my die halter sonder las
> as jy kan bop soos ek kan bop
> ou vir 'n ou 'n lekkermaakdop
> sê vir die straat hy hou my vas
> bikini lê in my klerekas
> sê vir die straat hy moet my los
> kannetjie hang aan die hakeabos
> die teerstraat sillie my voete laat los
> hy suie en willie my voete laat los

("Die teerstraat suig my voete vas", <u>Palissandryne</u> 77)

Die teerstraat, beeld vir die stad, vang die mens vas in "bop en dop" en "bikini lê in my klerekas". Die stad word sintuiglik negatief beleef in visuele smaaksintuiglike beelde: "die teerstraat suig my voete vas"; "ou vir 'n ou 'n lekkermaakdop" en "hy suie en willie my voete laat los".

In die volgende gedig kyk hy ook na die teerpad en sien hy hoe die mens saam met die pad verander:

Die sandpad het toe gruis geword
en die gruispad is nou teer
hoe later hoe kwater en doller en meer
en toet die aster 'n morrie geword
sê jy dit smaak na teer
sê jy jy lus nog meer

("Die sandpad het toe gruis geword", Palissandryne 79)

Die gedig verbeeld subtiel die verandering van die plaas na die stad: die pad verander, die mens verander en ook die gees verander: "hoe later hoe kwater en doller en meer". Boerneef kyk na die sandpad, gruispad en teerpad en sien deur hierdie aanskoulike beelde die mens in die stad. Hy proe ook hier weer die staddinge:

sê jy dit smaak na teer
sê jy jy lus nog meer

Hy beleef die stad met ander woorde in die eerste plek veral sintuiglik: hy sien en proe hom.

Die omgewing van die Karoo en die plaas is vir Boerneef altyd 'n belewenis met 'n plusfaktor - selfs al sien hy tekens van die dood en die naderende einde daarin, kyk hy na hierdie omgewing sonder veroordeling. Hy aanvaar die hardheid, die ongenaakbaarheid van die koue en droogte en sien dit eerder as 'n toets vir mens en menswees. Die somer en volopjare is jubeljare, dankjare. Die omgewing van die Karoo en die plaas

bly vir hom onder alle omstandighede 'n kykbelewenis:

Die kraal is leeg die dorings wit
die dam is leeg die skaapbos wit
vou hande saam as jy kan bid
die veld is leeg geraamtes wit

("Die kraal is leeg die dorings wit", Mallemole 15)

"Leeg" en "wit" klink deur die hele gedig. Selfs die dood het kleur. Die gedig is 'n kyk na die harde omstandighede van die Karoo. Dit het 'n gedrae toon en kontrasteer geheel en al met die volgende, wat wys tussen watter uiterstes van lewens-ervaring Boerneef met sy sintuie geleef het:

Van Kristenbosch tot in Namakwaland
kolkol bont lappe ritseritse kleur
lê die voorjaar in sy glorie oop
hoog bo-op Tierberg hang proteas uit
skaamrosies koeskoes teen die skurwerand
die vygiewêreld gloei en brand
van Kirstenbosch tot doer in ver Namakwaland
is jy bedwelmd gekyk raak jy dalk sonder taal
luister hoe klink oor hierdie lentekleurigheid
die bly benjienienote van die kelkiewyn

("Van Kirstenbosch tot in Namakwaland", Palissandryne 7)

'n Opgewondenheid tintel deur die gedig. "Is jy bedwelmd gekyk raak jy dalk sonder taal" is 'n "flou" kommentaar op die "kolkol bont lappe ritseritse kleur" en "skaamrosies koeskoes teen skurwerand" - sintuiglike beelde. Die gedig

het 'n Leipoldtse ekstase en kleurigheid wat veral uitkom in die herhalingsvorme wat 'n akoestiese komplement van die visuele is. Die visuele is die belangrikste bindende element van die gedig. Die digter kyk en kyk en ervaar. Deel van sy ervaring is ook hoor. Die kelkiewyn, 'n korrelaat vir die digter, dié sê op 'n fyn poëtiese manier "benjienie" "is jy nie" en nooi om een te wees met die voorjaar se gloei en brand. Die jubeltoon van die gedig vind konkrete gestalte in die kyksintuiglike belewing van die Karoo.

Tekens van die dood en die verganklikheid is oral in die omgewing aanwesig. Boerneef kyk en sien hierdie tekens in die omgewing soos hy dit waarneem in die mens, die voël en die dier.

Die bewuswees van die einde is veral treffend verbeeld in sy natuurpoësie. Voorbeelde hiervan kom voor in sy latere bundels soos Palissandryne, Op die flottina, en Sesde Hoepel.

> Niks hang so rooi soos wingendblaar by Hexrivier
> niks staan so geel soos herfspamplier by Dwarsrivier
>                                                 op Ceres
> slaan rem aan hou jul asem in en kyk en kyk
> lank en eerbiedig soos 'n mens na so 'n herfs moet kyk
> laat dit inbrand in jou vir later tyd
> die warm geel en rooi vir latenstyd

("Niks hang so rooi soos wingerdblaar by Hexrivier", Palissandryne 32)

Deur herhaling laai Boerneef die woorde vir "later tyd" en "latenstyd" met betekenis wat dui op die ouderdom, vergank-

likheid, dood. Hy herhaal voorts die kykhandeling. Kyk word in hierdie gedig onder die bedreiging van die dood 'n lewensbewys. Kyk het 'n teenwerkende krag teen die dood en intensiveer die lewe in die aangesig van die dood. Let op dat kyk en asem inhou (dit wil sê lewe behou, teenoorgesteld aan "asem uitblaas") sáâmgaan, net soos kyk en stilstand (dit wil sê die opskort van die verganklike) saamgaan. Herfs word gevolg deur winter - simbool van die ouderdom. "Warm geel en rooi" is 'n kontrasbeeld wat hierdie "latenstyd" - wintertyd, koue tyd, doodstyd - juis deur kontrasbeelding verhewig. Die verhewiging lê ook in die aktiewe kyk. "Slaan rem aan hou jul asem in en kyk en kyk/ lank en eerbiedig soos 'n mens na so 'n herfs moet kyk" is 'n opdrag binne die gediggebeure wat die belangrikheid van die kyk beklemtoon: deur te kyk moet hierdie mooi dinge (warm geel en rooi) wat tydelik en herfsgebonde is, "inbrand in jou vir latenstyd".

Die dood kry gestalte in die volgende gedig deur die sintuiglike belewenis van die slagplek:

> Hoor hoe brul die bul
> ja ek hoor en ek weet die liedjie sê
> die bul brul duskant Porterwul
> maar dis onwaar
> dies maar klaar
> daar word diep gebulk en gebrul
> maar nie duskant Porterwul
> maar by die slagplek
> by die bebloede ruigte
> by die plek van die dood
> daar brul die rooies en swartes en
> die bontes en die skillers

hulle grawe die klam klewerige ruigte
en gaffel en storm en stoor en steek mekaar
dat die bloed tap
dat die bloed loop
dis die bulk en die brul van die bloeddorstigheid
van die hele trop bees
en ons sidder en vrees
vir die brul van die bees
by die bebloede slagplek
by die plek van die dood

("Hoor hoe brul die bul", Krokos 14)

Die visuele indrukke is die oorheersende: slagplek, bebloede ruigte, rooies en swartes en bontes en skillers, bloed tap, bloed loop... Boerneef se oog fokus op kleure, veral die rooi, op die bebloede slagplek, die plek van die dood. Deur herhaling is daar 'n geleidelike oorgang van waarneming na besinning: die waarneming wat fokus op die brul en die bulk (reël 1, 3, 6, 11, 17 en 20), gaan geleidelik oor in "en ons sidder en vrees". Aanvanklik het ons die "brul". Die brul word die hele trop bees. "En ons sidder en vrees" is deel van 'n besinnende belewing van hierdie gewelddadige skouspel. Die kyk fokus uiteindelik op "die plek van die dood", en saam met die bees "sidder en vrees" ons vir die "bebloede slagplek/ by die plek van die dood". Deur "reg te kyk" laat Boerneef die leser hier kyk na die universele vrees vir die dood.

### 2.3 Die funksie van die kyksintuig

Die assosiatiewe funksie van die kyksintuig is veral in

Boerneef se hunkeringspoësie groot. Die digter kyk, sien en onthou. Die sien van dinge roep allerlei assosiasies op en lei tot verbeeldinge:

> Sononder en die lug is pranasgeel
> oor Drielingsusters in die Groot Karoo
> hoe skemerig en stil lê so 'n veld tog nou
> hoe fynstem blêr die mofskaaplam vanaand
> en kyk en luister en kry nooit genoeg
> ek sweer jy dink dat ek my dit verbeel
> geen lam blêr so geel en is ooit so geel
> laat ek my dan van die dinge maar verbeel
> hier by die Drie Susters en die pranasgeel

("Sononder en die lug is pranasgeel", Sesde Hoepel 22)

"Ek sweer jy dink dat ek my dit verbeel" is die digterlike kommentaar op 'n spel wat Boerneef so dikwels speel: sien en verbeel. In die geel van die sonsondergang sien hy 'n skildery van 'n gunstelingskilder, Pranas Domsaitis, hy hoor 'n mofskaap blêr en alles word deur die aanskouing gekleur, sodat die geluide kleur aanneem.

Boerneef beeld hierdie assosiatiewe mag van die kyksintuig in die volgende gedig uit:

> My kierie is geen wandelstok
> maar 'n kraalversierde speelgoedding
> dit was Ghangghaan se vryerstok
> maar nou is dit 'n kykspeelding
> in ure van herinnering
> aan rooi en swart en skillerbont

aan geel en groen en trossering
aan kleur wat Boplaas ruim kon gee
en ammelewe nog sal gee
in jong oumensherinnering

("My kierie is geen wandelstok", _Mallemole_ 50)

Hoewel die digter sterk sintuiglik ingestel is, is hy meer as konkretis en empiris, omdat kyk en sien tot verbeeldinge lei. In hierdie gedig word 'n praktiese voorwerp, die kierie, losgemaak van sy instrumentele waarde en dit word 'n estetiese voorwerp: kykplesier. Die assosiatiewe mag van die kyksintuig roep deur die kierie 'n ruim wêreld op.

## 3. OM TE HOOR

Leer naarstigtelik die skemerte se spraak
en luister na die stem van die gevogelte
met daglumier in bos en boom en berg
laat jou weerwoord sê jou hart is oop
ontvanklik vir die skemerliedenspraak
laat dit naklinken praat in jou gemoed
as die geroesemoes jou dag bedreig
so praat ek noodgedwonge met myself
maar jy skimp hardegat op sotteklap
en kuisheid wat so dweep met skemerspraak

("Leer naarstigtelik die skemerte se spraak", Sesde Hoepel 79)

Die gehoor speel 'n rol in 210 uit die 522 gedigte van Boerneef wat vir die doel van hierdie studie bestudeer is. Krokos en Sesde Hoepel is die bundels waarin die digter die meeste "hoor": in Krokos "hoor" die digter in 39 uit die 91 gedigte en in Sesde Hoepel "hoor" hy in 43 uit die 83 gedigte.

Hoor en luister is vir Boerneef uiters belangrike en noodsaaklike sintuiglike aktiwiteite. Hy sê in Sesde Hoepel 79:

Leer naarstigtelik die skemerte se spraak
en luister na die stem van die gevogelte
laat jou weerwoord sê jou hart is oop
ontvanklik vir die skemerliedenspraak

"Leer", "luister" en "laat" is allitererende imperatiewe wat die noodsaaklikheid van hoor en luister vir die digter beklemtoon.

### 3.1 Wat hoor die digter

Boerneef hoor voëls, diere, goggas, insekte, plaasgeluide en die omgewingsgeluide. Sy fyn ingestelde oor is ontvanklik vir geluide van die mens, die stryd van die mens en selfs die bonatuurlike - die spookwêreld. Hy luister ook graag na en hoor woord en klank en musiek.

Net so graag as wat Boerneef na voëls kyk, net so graag luister hy na hulle. Cloete (1966:133) wys daarop dat sommige van die voëls (die patryse en fisante) "voëls is wat 'natuurpoësie' voortbring en hulle is in die gedig eintlik vertolkers van die natuurlike klank wat die spontaan gesproke Afrikaans het".

'n Groot verskeidenheid voëls (meer as twintig soorte) word deur die digter in sy poësie genoem. Hierdie voëls is spontane singers, "jentelmanne van die paradys". Hulle is soortgenote van die digter. Cloete (1966:133) wys in sy "kort verantwoording" in laasgenoemde bron daarop hoe Rodenko meen dat die mens homself herken in die dier en hy "kan er zich daarom gemakkelijk in projecteren en er zich zelfs mee vereenzelvigen".

Boerneef verklaar sy liefde vir die voëls en voëlsang so:

> Ja seker ek gesels graag meddie voëls
> maar moenie dink ek aap vir Leipoldt na nie
> dis om ek die geselskap nodig het
> soos hy dit wis en seker nodig had
> kanarie kwikman tatarat en sys
> jangroentjie mossie tortelduif patrys

ag jentelmanne van die paradys
my dank vir julle lied vir julle kleur
nog net so mooi soos in die paradys

("Ja seker ek gesels graag meddie voëls", Sesde Hoepel 13)

Die digter "vermens" die voëls hier: hy gesels met hulle, spreek hulle aan. Die voëlwêreld is vir hom 'n parallel van die menswêreld, waar "jentelmanne" is, maar ook "skorries". Hy noem die kanarie, kwikman, tatarat, sys, jangroentjie, mossie, tortelduif en patrys die jentelmanne en dan praat hy van "laksman die vuilgoed", "opskeploerderskorrierinkhals-kraai" en "voor sy kranse skel 'n skorriemeeu".

Die voëls is vertolkers van die natuurlike klank wat "die spontaan gesproke Afrikaans het" (Cloete 1966:133).

Horie petryse ennie fisante
singie petrysenfisanthoesane
eers was dit droog en die wêreld grys
grys en naar vir fisant en petrys
nout dit gereën die veld is nat
trap hoppiedai fisant my skat
allie petryse ennie fisante
sing nou petrysenfisanthoesane

("Horie petryse ennie fisante", Palissandryne 28)

Jan Spies (1968:59) wys daarop dat Boerneef nie met wóórde werk nie, eerder met wat hy hoor as klankgehele. "Om dié rede gebruik hy konstant 'n natuurlike spelwyse waarmee hy die werklike uitspraak en soms selfs die tempo aantoon...

Die patryse en fisante is in hierdie gedig die "alter ego" van die digter. Deur hulle hoor Boerneef die natuurlike gesproke Afrikaans binne die klankstrukture soos die volksmond die taal gebruik. Hierdie gedig se bekoring lê grootliks in sy klank: die gedig moet gehoor word om na behore gewaardeer te word - die ouditiewe sintuiglike is sy belangrikste estetiese element.

Boerneef hoor in die voëllied 'n parallel van die menslied:

> Ek sal vir jou annieslaapmaaksing
> toe-oë lê is die lekkerste ding
> hoor net hoe fynfyn tinktinkie kan sing
> vir die klein tinktinkies langs die watervoor
> Klaas Vakie fiedelo met sy hoë tenoor
> saggies so saggies van oor tot oor
> toe-oë lê is die lekkerste ding
> want dan hoor jy moes hoe tinktinkie kan sing

("Ek sal vir jou annieslaapmaaksing", Palissandryne 41)

'n Wiegeliedjie vir 'n klein kindjie, met die parallelle beeld van tinktinkie ('n baie klein voëltjie) wat vir die klein tinktinkies langs die watervoor sing, lê hier die verband tussen kindwêreld en voëlwêreld. Dit is merkwaardig dat Boerneef wat so graag en so intens gekyk het, hier die oog uitskakel ter wille van die gehoor. Die voëlwêreld is vir hom dikwels beeld van die estetiese, dit wat "fynfyn" is, die verhewene.

Die voëlwêreld het nie net "jentelmanne" nie, maar ook skorries, raasbekke en vernielers:

Gertjors voel bitter omgekrap
orie witgatspreeus so gruwelik laster
tekeregaan innie boontjiewennings
en raasbekrondbaljaar innie rooiwangtaaipitperskes
liebestegats kamsketels
myne is nie meer myne nie
annerman se ding nie syne nie
elsiebulskjenners satangsmisbaksels
dag in dag uit aaneenmoles
hier kan 'n mens nie bly nie waar moet mens heen
te kort geknieband kruppelkruppel driebeen

("Gertjors voel bitter omgekrap", Op die flottina 29)

In die lawaai van die spreeus hoor 'n mens "gruwelike laster". Dit getuig nogal vir die veelsydigheid van Boerneef dat hy intenser van fynheid en grofheid in die werklikheid hoor.

Die ouderdom, vrees, eensaamheid wat in sy latere bundels al sterker na vore tree, is iets wat Boerneef ook in die voëlsang hoor:

Ek het 'n vreemde voël hoor fluit
in die matjiesgoed by Doringspruit
dis 'n mooi lied
dis 'n treurige lied
want die voël is alleen in die fluitjiesriet

("Ek het 'n vreemde voël hoor fluit", Ghaap en Kambro 42)

Die "vreemde voël" in die bekende omgewing van "matjiesgoed by Doringspruit" is die objektiewe korrelaat van die digter:

hy is eensaam te midde van bekende en vertroude dinge en sy lied is 'n mooi lied maar treurig. Gehoorsintuiglik verkonkretiseer die digter deur die voëlbeeld hier 'n abstrakte begrip soos eensaamheid.

Eensaamheid is 'n gevoel wat hy ookső deur die voëlroep beleef:

> hoe lank sal fisant nog so hoognoot kan roep
> eendag is 'n dag en dis vaskeerseding
> maak toe die deur trek dig die gordyn
> alleen met Tromboniusdagboekenkaart

("Lank gelede het hy daarmee begin", Op die flottina 94)

Boerneef hoor 'n groot verskeidenheid diere. Hy is nie gehoorsintuiglik ső bewus van die dier soos wat hy diere kyksintuiglik beleef nie. Hy is nie presies hoorder en luisteraar nie, miskien omdat die gehoor in die poësie oor die algemeen minder sterk funksioneer as die kyksintuig.

By Boerneef is die geluid wat die dier maak vir hom dikwels simbool van 'n geestelike waarde:

> Die brulparra brul bas
> maar die bul van Basan basser
> dis brul teen brul en bas teen bas
> en dis al hoe basser en krasser
> toe trek Sedoos met sy blaasbenning los
> met die skuiftrompetters los voor los
> maar die tuba brul hys die bobaasbas
> en dis brul teen brul teen brul teen bas

dis 'n helske herrie oor die haaivlakland
en die stilte lê vierstewels in sy verstand

("Die brulparra brul bas", *Palissandryne* 56)

Die kakofonie van klanke is hier simbool van krag:

maar die tuba brul hys bobaasbas
en dis brul teen brul teen brul teen bas

"Die brulparra brul bas" is 'n gedig met 'n funksionele klankpatroon. Die swaar bilabiale stemhebbende eksplosief (b) dreun deur die hele gedig. Die digter maak oorwegend van lae agtervokale gebruik:

brulparra brul bas

Hierdie konsonante- en vokalerym verleen aan die gedig 'n swaar dreuning wat die kragtige gediggebeure uiters sinvol ondersteun en uitbou. Die manlike beelde (bul, brulparra en Sedoos) en die swaar dreuning van die gedig dra almal by om die vernietigende krag wat in die groot gedreun opgesluit lê gehoorsintuiglik te verkonkretiseer.

Soos in die voëlsang, hoor Boerneef ook dikwels in die dier se skreeu die mens - met ander woorde "de mens herkent zich in het dier" (Cloete 1966: kort verantwoording):

Daar runnik die hings staan pot toe
my naam is Jurie trommeldik

("Daar runnik die hings staan pot toe", *Krokos* 58)

Die hings, beeld van viriliteit, roep hier "staan pot toe". Eintlik is die hings beeld van Jurie trommeldik:

> gou by die bak en gou by die werk
> daarom is ek so moerskwaaisterk

In die volgende gedig is die pakdonkie, "Koffie", aan die woord:

> Ek is 'n pakdonkie en my naam is Koffie
> oorlat ek swart is dra ek my pak
> by hartbeesbanksesteiltes uit en oor die ver vlak
> van seressekaro so gaan dit en dit het so gegaan
> en so sal dit gaan oorlat ek 'n pakdonkie is
>         my baas is goed vir my
>         maar soms vergeet hy
> en as ek praat sê hulle siejystilbly

("Ek is 'n pakdonkie en my naam is Koffie", Krokos 63)

Aan die stem van die donkie herken 'n mens die arbeider. Die donkie praat hier namens 'n bepaalde mens en "verwoord" sy nood:

>         maar soms vergeet hy
> en as ek praat dan sê hulle siejystilbly

"Mofskaapenlammerstemme" is vir Boerneef deel van die rykdom van die Karoo. Gehoorsintuiglik beleef die digter deur die "mofskaapenlammerstemme" die hardheid en ongenaakbaarheid van die "bos en klip en krans van Hartbeesbank".

Mofskaapenlammerstemme saans by Hartbeesbank
die veld is bitter noors by Hartbeesbank
en hierdie noorsgeid voorbokklok wat klink
en hierdie stemme hierdie klank sterf nooit
hoe hou 'n mensekind dit anders uit
met bos en klip en krans van Hartbeesbank

("Mofskaapenlammerstemme saans by Hartbeesbank", Sesde Hoepel 29)

Mofskaap- en lammerstemme en die voorbokklok is die sintuiglike oorsprong van 'n gedig wat eintlik hierdie geluide as beeld gebruik van 'n wêreld wat vir die mens hard is.

Die digter se sensitiewe oor hoor die omgewing. Hy hoor die wind, die weer, die water. Hy hoor ook die dreun van lewe in die omgewing: die dorsmasjien, die keteltjie, die wa, die disselboom, die skoffel.

Cloete (1966:132) wys daarop dat baie van Boerneef se gedigte gaan oor die arbeid. Hulle is eintlik arbeidsliedere - 'n soort gedig wat in die Middeleeue reeds in die volkspoësie voorgekom het. Deur die gehoorsintuig het Boerneef baie van hierdie arbeidsgedreun opgevang en in die poësie verwerk.

Skoffel die bontboontjies
in die nuwe kamp
ghrop die lappies
op die dolgrond by die kerfok
ghrop en skoffel
damon en stoffel
sit op loop met die ding

laat ghrop en skoffel sing
ramtaramta spek in die sop
uithang kopieva vir die intrekskop

("Skoffel die bontboontjies", Krokos 71)
(My onderstreping - J.H.C.)

Die digter ontgin die ô-klank van die woord skoffel in die gedig soos aangetoon deur die onderstreping. Die ô-ô-ô, wat sewentien keer in die gedig herhaal word, is die gehoorsintuiglike weergawe van die gedreun van die arbeid. Die sprankelende vitaliteit wat dikwels in die arbeidsliedere van Boerneef teenwoordig is, is die resultaat van die gehoorsintuiglike herhaling van spesifieke klanke wat deur die gedig weerklink. Die toon en die akoestiek van die gedig maak dat 'n mens kan praat van 'n arbeidslied.

Nog so 'n voorbeeld:

Die dorsmasjien staan en dreun langs Boplaas se mied
voeriegerwe voeriegerwe
laat hom kerwe laat hom kerwe
miedman voerman sakman kafman
braaktyd ploegtyd oestyd dorstyd
man-en-tyd-en-man-en-tyd-en-man-en-tyd
dreun en trap en dreun en trap
dis dorstyd en blaastyd en dorstyd en blaastyd
bring die panne bring die kanne
naderstaan julle dreunborsmanne
eet en drink gesondheid langs Boplaas se mied

("Die dorsmasjien staan en dreun langs Boplaas se mied", Krokos 74)

Soos die voël en die dier in die poësie dikwels skadubeelde van die mens is, so hoor Boerneef ook in die klank en dreun van die dorsmasjien menservaringe; in die gedig herskep die digter die plaasgedreun en ritme, maar deur die dreun hoor hy 'n groter dreun - dié van die seisoene:

braaktyd  ploegtyd  oestyd  dorstyd

In die ritme van die gedig voel 'n mens ook die groter lewensritme aan:

man-en-tyd-en-man-en-tyd-en-man-en-tyd
dreun en trap en dreun en trap
dis dorstyd en blaastyd en dorstyd en blaastyd

Hierdie sintuiglike belewenis van die oestyd herskep hy sō in die gedig dat mens in die dreun en ritme en woordspel 'n ruimer belewenis van die werklikheid ervaar: ons hoor en voel die dreun van die lewe. Dus: weer eens 'n geval van die tipiese Boerneefse stylverskynsel dat die sintuiglike gegewe verruim word tot die bosintuiglike.

Dinge in die natuur en omgewing trek Boerneef se aandag soms vanweë hulle klankwaardes, en die klankwaardes op hulle beurt beliggaam weer ander waardes soos voor- of teenspoed óf die mens se afhanklikheid van die natuur:

Ou Damon loop sy lammertroppie om
lammerooi moflam my ding
hoekom moet die wind so triestag sing
hy speel so droewag oppie kalbas
waar bly die reent waar is die gras

ou Damon ken 'n moflam soos sy kind
moflam my ding my lammerooi
verlede jaar wassie Kro so mooi
hoekom moedie wind so trietsag sing
so treurig huil innie bruin kalbas
maar dalk ai tog moflam my lam
bring hy die reent en volop gras

("Ou Damon loop sy lammertroppie om", Krokos 37)

Die dreun van die wind is vir die digter die sintuiglike belewenis wat die mens (ou Damon) se afhanklikheid van die natuur suggereer. Ou Damon se gedagtes is hoorbaar: "Waar bly die reent waar is die gras..." "Triestag" en "trietsag" wat met 'n geringe variasie herhaal word, intensiveer die stemming van die sing van die wind - 'n gehoorsintuiglike belewenis.

Boerneef is gevoelig vir stemming en atmosfeer. Hy beleef hierdie gevoeligheid vir stemming en atmosfeer in die natuur gehoorsintuiglik só:

Hoe stil kan dit word as Sedoos gaan lê
wie kan dit mooier as die tortel sê
wie roerender assie bladstil bome
assie skewe verwaaide damwalbome
innie stil vroemôre as Sedoos gaan lê
hoe om 'n stilte in die hart te vind
genadig soos wanneer Sedoos gaan lê

("Hoe stil kan dit word as Sedoos gaan lê", Op die flottina 71)

Verskeie natuurdinge - Sedoos, die tortel, die bladstil bome,

skewe verwaaide damwalbome, die vroemôre - "praat" almal saam om die besondere stemming te verwoord wat veral gehoorsintuiglik beleef word. Die opvallende van die gedig is dat die stilte (hier ook simbolies bedoel) klankwaarde het eweas die geroesemoes van die daaglikse bestaan. Dit is weer eens merkwaardig hoe Boerneef met die oor uiterstes beleef.

Boerneef hoor veral die mens. Teen 'n gehoorsintuiglike agtergrond herskep hy die beeld van die arbeider, die drankverslaafde, die vertonerige mens, die skollie, 'n hele verskeidenheid mense dus. So praat die spoggerige veewagter van Alkantrem:

> Ek is die veewagter van Alkantrem
> g'n inkilte skaar het my knipmeslem
> ek praat die woord wat 'n skaap verstaan
> van Papkuil tot innie Boesmanlaan
> ek klap met die plaks van my grootjie Sem
> en sing virrie trop met my tinnerstem
> skaapryt skaaprin bokryt bokrin
> regstaan Joggem weid myne lammeren
> bokryt skaapryt bokrin skaaprin
> uithalerjoggem hoed myne lammeren

("Ek is die veewagter van Alkantrem", Krokos 88)

Cloete (1966:132) skryf soos volg oor hierdie gedig: "Die ritme is een van die sterkste eienskappe van hierdie gedigte soos in "Ek is die veewagter van Alkantrem", waarin ook die klank 'n baie dominante eienskap word, nie alleen in die rym nie maar ook in die onmiskenbare spreektaalwoorde. Dit is 'n gedig van woordvreugde, d.w.s. met vreugde in al die as-

pekte van die woord: sy ritme, sy klank, sy betekenis - en juis omdat Boerneef so geïnteresseerd is in die woord, het hy so 'n lus in al die skaapwagterwoorde".

Die veewagter openbaar homself deur sy taal (wat meer klink as beteken) en die wyse waarop hy praat: hy is 'n trotse man - "g'n inkilte skaar het my knipmeslem". Hy is trots op sy werk en betrokke by sy diere: "ek praat die woord wat 'n skaap verstaan/ en sing vir die trop met my tinnerstem". Die intieme verband tussen mens en dier word deur klanke gesuggereer.

Belangrik is dat Boerneef teen 'n gehoorsintuiglike agtergrond waarneem en dat hy hierdie waargenome so in die poësie vergestalt dat die gedig deur sy klank 'n groot aanspraak maak op die ouditiewe om die veewagter te hoor en aldus te ervaar. Daar is dus menstipes wat as't ware klanktipes is deur hulle taal.

Die drankverslaafde praat só:

> Rondomtalie en tweeryspore
> steddiesteddie ek dag disj bier
> topswaar trek en suffelryspore
> jolliejollie in jou dronkpilsier
> draai die wêreld of isj dit jy
> wies nugter wies dronk sê lak hoor
> watter duiwel het ammal katswink getoor

("Rondomtalie en tweeryspore", Mallemole 30)

Boerneef hoor die dronke, soos hy die veewagter hoor. Die

digter lei egter die denke van die dronke kundig na die slotvers: "watter duiwel het ammal katswink getoor". Hieruit blyk 'n tipiese Boerneefse eienskap: die digter het groot deernis met sy karakters. Hy hoor en sien hulle in hulle goeie sowel as swak hoedanighede. Hy kyk nooit veroordelend of verdoemend na hulle nie. Selfs die eendstert beeld hy met deernis: "Ons issie lawaaiseksie van lawaaistraat/ ag hoekom is ons soos ons is". (Palissandryne 82)

Dit is of die digter bewus is van magte buite die mens wat dikwels die lot van die mens bepaal. Die slotvers: "watter duiwel het ammal katswink getoor" is hier 'n subtiele verwysing na hierdie omstandighede buite die mens om wat die mensdom (ammal) katswink toor. Ook weer 'n sprong vanaf die klanksintuiglike gegewe na die meditatiewe, na die besinning. Maar die meditatiewe en dergelike mentale toestande is nooit die beginpunt by Boerneef nie - die sintuie is die beginpunt.

Boerneef hoor die eendstert, die skorrie, die lawaaimaker... die "nuwe soort mensdom". Kritici slaan Boerneef se skorriegedigte hoog aan. Rob Antonissen (1962:68) sê van "Varkleerbaadjie en klinknaelbroek" (Mallemole 35): "Die tipe jeug is in die Afrikaanse letterkunde, poësie of prosa, nog nooit so afdoende 'beklink' nie. Maar ek wil juis beklemtoon dat dit self in 'n gedig soos hierdie nie wesenlik om satire te doen is nie: die hele gedig is eintlik 'n virtuose komposisie op (klank en betekenis) die woordtemas 'skorriemorrie' en 'koning-doring' en aldus 'n skitterende spesimen van wat sommige moderniste in Europa en elders uit die afgelope veertigtal jare 'absolute liriek' sou noem. "Die verdienstelike van die gedig is dat dit deur die klank van die vers ewe goed as deur die deskriptiewe vlak die la-

waaimaker vergestalt:

Ons issie lawaaiseksie van Lawaaistraat ag
hoekom is ons soos ons is
ons verpes wat stil is ons verfoei wat heel is
ons is dwars ons neuk op met mening en mag
hoekom is ons soos ons is
die stilte slaan met hamers in ons ore
ons is bang ons is bang virrie stilte in ons ore
dit maak ons gek met hamers in ons ore
ons remoer en termult met alle mag
ons vlug ons vlug virrie hamers in ons ore
neem die wêreld op horings stamp stukkend loop plat
ons draai die lawaaipype wawyd oop
ons vlug laddit bars virrie stilte in ons ore
ons issie lawaaiseksie van lawaaistraat ag
hoekom is ons soos ons is

("Ons issie lawaaiseksie van Lawaaistraat ag", Palissandryne 82)
(My onderstreping - J.H.C.)

Die gedig self, deur sy klankstruktuur, is lawaaierig, en dit kry Boerneef reg deur die klein klompie klanke (s, g, r, p, t, d) aan die einde of naby die einde van woorde, waar hulle as't ware ronder klink as aan die begin of in die middel van woorde (vergelyk veral die refreinagtige "is ons soos ons is"). Die gedig verbeeld die lawaaiseksie nie net deur akoestiese beelde nie, maar is self raserig en klankmatig só gekonsipieer dat die gedig nie net sê nie maar is! Die lawaaiseksie is nog 'n voorbeeld van 'n klanktipe in die poësie soos ander wat reeds genoem is. Die gedig bestaan uit 'n reeks akoes-

tiese indrukke van die "lawaaiseksie van Lawaaistraat". Die hele gedig is "'n luister-na-die-lawaaiseksie" en is grootliks saamgestel uit gehoorsintuiglike ervarings:

ons verpes wat stil is
die stilte slaan met hamers in ons ore
ons vlug laddit bars vir die stilte in ons ore
ons is bang ons is bang virrie stilte in ons ore
ons draai die lawaaipype wawyd oop

Karakters en dan karakters in hulle eie klankwêreld, is hier grootliks op die oor af geskep. Deur die gehoorsintuiglike ervarings demonstreer die gedig vir ons "'n nuwe soort mensdom" vir wie ons eintlik jammer is: "ag/ hoekom is ons soos ons is". Hierdie tipe mens is soos die drankverslaafde 'n slagoffer van die maalstroom van groter magte - 'n misplaaste.

Boerneef se sensitiewe oor hoor vanselfsprekend ook musiek in die poësie, veral sy eie poësie. F.I.J. van Rensburg (1969: 474) het indirek daarop gewys: "Almal op aarde soek maar na paljas - die skorries en morries vind dit alleen maar in dinge soos die lawaai. Waarin sou 'n plaasmens wat digter is dit vind? in die vers..."

Rina Pauw (1966:62) wys daarop dat, wanneer Boerneef se skerpsinnige sintuiglike waarnemings in gedagte gehou word, dit nie vreemd is dat hy so dikwels na musiek verwys nie. Sy toon verder 'n interessante tendens in sy poësie aan: "Interessant is dit dat hierdie verwysinge na musiek in al vier die bundels voorkom. Met die jongste bundel, <u>Palissandryne</u>, tree ook 'n nuwe tendens na vore. Waar die digter aanvanklik

sy werk as 'rympies' bestempel het, noem hy dit nou 'wysies'".

Die aanvanklike:

> Jou rympies is die ene goiings
> - so heet hulle mos, dan nie -
> jou gedagtetjies en gevoelentjies pure toiings
> in plaas van versies maak jy spoiings

("Jou rympies is die ene goiings", <u>Krokos</u> 37)

word later:

> My blokfluit is van palissanderhout
> daarom speel hy so palissander
> en laat my fluitspel julle koud
> die een bly tog maar anders as die ander
> ek trek my dit nie in die minste aan
> as niemand palissandertaal verstaan

("My blokfluit is van palissanderhout", <u>Palissandryne</u> 1)

Die volgende gedig is 'n samevattende beeld van die digter se foniese siening van sy poësie, sy bewuswees van die "lied" in sy werk, en dit beeld ook sy digterlike onvermoë uit ('n onvermoë volgens die digter self: "hy sukkel om die woord te praat") om sy lied te sing:

> Hoe diep kan hartseer in jou drinklied lê
> veel dieper as die drinklied ooit kan sê
> die doprym klets oor lentes van weleer
> 'n dooi patrys se stem sing nimmermeer

jou drinkspreuk klink al meer na gekkerny
al binnensmonder staan en stotter jy

("Hoe diep kan hartseer in jou drinklied lê", Sesde Hoepel 64)

Die teenstellende sintuiglike en nie-sintuiglike beelde (drinklied en doprym teenoor hartseer) lê 'n spanning tussen die oënskynlike lughartige en die eintlike belewenis - hartseer, wat gaandeweg al sterker na vore tree. Hierdie hartseer oor "lentes van weleer" en "'n dooi patrys se stem sing nimmermeer" is 'n hartseer oor die verganklikheid van die lewe en die lewenservaringe. Die digter versintuiglik hier die gevoel: die hartseer is hoorbaar.

Boerneef se besondere eiesoortige musiekinstrumente (palissander en "plankies wat kliek") is beeld van die digter se besondere eiesoortige woordkuns. Die volgende gedig waarsku die leser om versigtig te lees:

In my linkerhand hou ek twee plankies wat kliek
in my regter wikkel ek twee wat klik
met hierdie vier fietel ek plankiemesiek
oppie kurkdroë vlak van Serressekro
jy sê dis eentonig te plankerig oes
die geklik sonner end oppie vlak vannie Kro
luister jy maar net goed na die plankies wat kliek
dalk word jy iets wys van die plankiemesiek

("In my linkerhand hou ek twee plankies wat kliek", Sesde Hoepel 84)

Gehoorsintuiglik beleef hy sy digterskap:

jy sê dis eentonig te plankerig oes
die geklik sonner end oppie vlak vannie Kro

Sy gedigte oor die poësie steun op akoestiese beelde: drinklied, drinkspreuk klink, plankies wat kliek, plankiemesiek.

Die spookwêreld en die bonatuurlike is vir Boerneef ook 'n gehoorsintuiglike belewenis. Boerneef "hoor" klanke van die bonatuurlike wêreld in die uil se "hoehoehoe" en in die "gusskawagter Stompie" se lied:

Die suidoostewind waai droewag
en die vaalduiwels draai en draai woelag
by die vloere oppievlak van seressekaro
wie huil so waar grens dit so
stil stil stil maak stil bly stil
draai die vreksel se uil nekom met sy hoehoehoe
ammal se voorland is vanjaar moerland toe

("Die suidoostewind waai droewag", Krokos 67)

Die uil ('n beeld wat 'n konnotasie met die spookwêreld het) se "hoehoehoe" is klankmatig kundig gekonsipieer: daar is 'n vraag ingebou in hierdie "hoehoehoe". "Wie huil so waar grens dit so" is 'n akoestiese beeld wat sentraal in die gedig staan en gevolg word deur verdere gehoorsintuiglike indrukke: "stil stil stil maak stil bly stil". Hierdie herhaling van "stil" beklemtoon juis die "hoehoehoe" van die uil wat die atmosfeer van vrees en dood gehoorsintuiglik vergestalt.

Die stryd van die mens teen die ouderdom en die verganklik-

likheid is vir Boerneef 'n hoorbare stryd. Resensente en letterkundiges verwys na hierdie stryd wat al sterker in sy latere bundels na vore tree. Boerneef "hoor" die klanke van die dood en die verganklikheid in die natuur, die voëlsang, die diere, veral ook by die mens. 'n Uiterste klankbewuste digter hoor in die vos se loop en sy runnik die boodskap van die verganklikheid (en die perd is ook weer 'n konvensionele en eeue-oue simbool van die dood - vgl. C.M. van den Heever se Honderd sonnette en Elisabeth Eybers se gedig "Die vrou" in Die vrou en ander verse):

> Die vos loop en voel die ding so
> sy hoefysters klink oppie stalkraal se klippe
> hoe praat die ysters oppie rypgladde klippe
> wat word van die klank en wat word van vandag
> die vos staan en runnik alleen
> hoe klink sy runnik tussen winterkaal bome
> wat word van die klank en wat word van vandag
> die vos trap onrustig innie stalkraal se hoek
> hy runnik onstuimig innie stalkraal se ryp
> hoe klink die runnik innie vroegte se koue
> wat word van die klank en wat word van vandag

("Die vos loop en voel die ding so", Op die flottina 18)

"Wat word van die klank en wat word van vandag" word drie keer in die gedig herhaal.

Deur herhaling van die vraag "wat word vannie klank en wat word van vandag" ontwikkel die aanvanklik vraende bewering na 'n vraende onderworpenheid in die besef van die verganklikheid van hierdie vertroude dinge: die vos se loop en sy

runnik en die winter. Binne die konstante faktor van die herhaling is daar ander groeiende faktore: "die vos loop" word "die vos staan" en dit weer word "die vos trap onrustig". Dit is 'n groei na die stilstand en stilte - 'n groei na die dood toe.

Boerneef is gehoorsintuiglik intens bewus van die vos, sy loop, rypgladde klippe, sy runnik tussen winterkaal bome, sy onstuimige runnik in die stalkraal se ryp. Die beskrywing van die vos se loop, sy staan en runnik alleen en sy onstuimige rondtrap in die stalkraal se hoek, kulmineer telkens in die vraag wat net voor "wat word vannie klank en wat word van vandag" gevra word. Hierdie hoogtepuntvraag het 'n akoestiese agtergrond:

> hoe praat die ysters oppie rypgladde klippe
> hoe klink sy runnik tussen winterkaal bome
> hoe klink die runnik innie vroegte se koue

Lewe is geluid (daarom dat die lewenstilte in ander gedigte hoorbaar is). Teen hierdie sterk akoestiese agtergrond is die kortstondigheidsgedagte ewe sterk deur die herhaling van "wat word van die klank en wat word van vandag" beklemtoon. Die kragtige getuienis van lewensgeluid word dus geneutraliseer deur die ewe kragtige verganklikheidsvraag wat in die slot van die gedig staan en die laaste sê het.

## 3.2 Die rol van die gehoorsintuig in Boerneef se taalgebruik

Naas die kyksintuig is die gehoorsintuig die meeste aktief in die poësie van Boerneef betrek as waarnemingsorgaan. In afdeling 3.1 is daar gekyk na die opvallendste dinge waarna

Boerneef luister. Tans kyk ons na die taalakoestiek van sy poësie.

### 3.2.1 Streektaal en gewestelike uitspraak

Die rol van die gehoorsintuig in die regenerasie van die streektaal en gewestelike uitspraak is groot: die digter hoor en hy laat hoor en verder beeld hy deur die streektaal en gewestelike uitspraak.

Verskeie resensente en kritici verwys na hierdie opvallende gebruik van streektaal en gewestelike uitspraak deur Boerneef: Ernst van Heerden (1968), Rob Antonissen (1962), F.I.J. van Rensburg (1969), om maar enkeles te noem.

Boerneef beeld die mens en die streek deur die taal van die mens en die streek uit. Ons sien die mens en die streek nie net met die oog nie, maar hoor en beleef hom ook deur die sintuig van die gehoor. In die gedig kry die taal nuwe betekenisse, word streektaal gelaaide taal met 'n beeldende krag en 'n assosiatiewe mag wat veel kantiger is as in sy alledaagse gebruik. 'n Voorbeeld is die gedig "As dit reën in die Kaap" (Krokos 5).

Elize Botha (1959) wys in die verbygaan terloops daarop dat daar twee sosiale vlakke, twee omgewings in hierdie gedig aanwesig is: die êk wat tussen die "mal mense" in die Kaap maal in die môre en smiddags en saans en dié ek dink aan Hennerik Vuurdassie, Pieter Viljee en Blesman en Sandveld - die ander sosiale vlak en omgewing.

Hierdie twee sosiale vlakke word veral deur die streektaal

en gewestelike uitspraak onderskei. Die Kaap en die sosiale wêreld van die Kaap word in die algemene beskaafde omgangstaal beskryf:

As dit reën in die Kaap
as dit suidoos op die mark
as die mal mense maal in die môre
en smiddags en saans
dan dink ek aan Hennerik Vuurdassie

Vergelyk nou die taal van die Kaap met dié wat die wêreld van Hennerik Vuurdassie en Pieter Viljee verteenwoordig:

dan dink ek aan Hennerik Vuurdassie
en sy o dee dee dee
Pieter Viljee
die ekskoeteer van Swartwater
en aan sy
jes en nou
bojaan poep te gou
ramkjêrelkjend
keer koos kortom
en ek dink aan Blesman en Sandveld
bring hulle magtag
kraakstewels en koljanner
koggelstok en kalanttamtammer
klopdisselboom koekmakrankkomkommer

Deur die omgangstaal en gewestelike uitspraak beeld die digter nie net twee sosiale vlakke en twee soorte mense nie, maar ook twee wêrelde. Die stad en die mense van die stad word klankmatig deur die taal onderskei van die plaas en die plat-

telandse wêreld. Die Kaap is die wêreld van die geleerdes, die dorpsmense. Hier klink die taal geraffineerd. In die wêreld van Hennerik Vuurdassie, Pieter Viljee en Blesman en Sandveld is daar taaldinge soos "bojaan poep te gou/ kelonie het verkou/ ramkjêrelkjend/ klopdisselboom koekmakrankkomkommer".

Die eerste gedeelte van die gedig oor die Kaap is ook meer logies en nugter as dié oor Hennerik en sý wêreld wat vol illogiese taal en meer net woorde ter wille van hulle besondere klankwaarde daar is, byvoorbeeld die slot.

Taalkontras, beeldend gebruik in die praatsituasie, kontrasteer die twee sosiale vlakke en die twee wêrelde van die stad en die plaas hoorbaar. Vir Boerneef, die hoorder van die taal, word die taal self onderwerp van die gedig. Die volgende gedig het dit oor die beeldende funksie van die taal sêlf:

> Jou spraak maak jou bekend
> assie hoorder aksenawel hoor
> maar lank nie alle ore hoor
> hoe dié kind praat hoe dourie kjend
> wie sê die einste en wie die symde hy
> wie alibama en wie kapelallighy
> dink weer 'n slag eer jy 'n spreker tjap
> eer jy vir skelewiep sê hoe koky die pap

("Jou spraak maak jou bekend", <u>Op die flottina</u> 89)

Die gedig onderskei die twee sosiale vlakke en twee wêrelde waarvan daar in die poësie van Boerneef sprake is, taalmatig:

"Jou spraak maak jou bekend" - 'n "geleerde" bewering in "beskaafde" taal; "assie hoorder aksenawel hoor" - 'n streektaalkontras. Verder is daar allerlei taalkontraste wat gedurig hierdie twee vlakke taalmatig teenoor mekaar stel: "hoe die kind praat" teenoor "hoe dourie kjend", en "dink weer 'n slag" teenoor "eer jy 'n spreker tjap".

Rina Pauw (1966:21-22) het voorbeelde van streektaal en gewestelike uitspraak uit Boerneef se eerste vier bundels geïdentifiseer. Die volgende is sommige van die voorbeelde: sieal, oener, ellie, kjend, moersvêr, ghantang, siealkater, syntoe, hoeka...

Een van die belangrikste funksies van die streektaal, gewestelike uitspraak en die fonetiese skryf van klankstrukture eerder as woorde, is dat dit Boerneef se oeuvre tot 'n foniese eenheid bind. Die taalklank en klankveld van Boerneef se werk het 'n kenmerkende akoestiek wat hom onderskei van ander digters.

Omdat Boerneef 'n fyn hoorder is en dikwels beeld deur die taal, is die poëtiese regenerasiefunksie van die gehoorsintuig groot. Streektaalwoorde en gewestelike uitspraak wat so beeldend in sy poësie gebruik is, word deur die poësie weer nuut gemaak. Die register van hierdie woorde, waarvan enkele voorbeelde genoem is, is groot.

### 3.3.2 Die gehoorsintuig en nuwe woorde, klankbeelde en klankstrukture

Die gehoorsintuig speel 'n belangrike rol in die skep van nuwe woorde, van klankbeelde en klankstrukture binne die

poësie van Boerneef.

Jan Spies (1968:59) sê: "Boerneef probeer in sy verse die woord vasvang binne die klankstruktuur van die sin/sinsdeel/ woordgroep soos dit inderdaad binne so 'n klankgeheel sou klink".

Die digter rekonstrueer die werklikheid, wat hy in 'n hoë mate deur die gehoorsintuig beleef, in sy poësie deur veral 'n spel met taalklanke in woorde waarin die betekenisse tot 'n minimum beperk is. Die klanke eerder as die betekenisse tree poësiekonstituerend op:

> Hierdie bierie bokmakierie
> sit op hierielieriekierie
> bieriebok en kierielok
> gee hierso my kieriestok
> bieriekierie bokmakierie
> dit is my olienhoutkierie

("Hierdie bierie bokmakierie", Mallemole 18)

Hy gebruik die woorde ter wille van die klankstruktuur van die woordgroepe. Hy speel 'n spel met die klanke: vanaf "hierie" is daar 'n gedurige omdig van die "-ierie-" tot 'n finale heldere "dit is my olienhoutkierie". Die totaalbeeld van die gedig is afhanklik van klanke, dit wentel om die klanke. Die akoestiek is die stramien waarop die gedig gebou is.

'n Kenmerk van Boerneef se poësie is 'n oënskynlike sinlose spel met klanke. L.W. Hiemstra (1968:57) wys daarop hoedat

Boerneef self groot lag kon kry as samestellers van woordeboeke hom soms doodernstig gevra het na die betekenis en herkoms van snaakse maaksels wat hy kwistig uit die mou kon skud - weerklanke van wat hy as kind hier en daar by 'n ou oom of skaapwagter gehoor het.

Bekyk 'n mens die gedigte noukeurig, dan is hierdie speel-met-die-klanke tog 'n uiters sinvolle deel van die groter foniek van die gedig: dit bepaal nie slegs die sonoriteit en die soniese ritme van die gedig nie maar is so deel van die betekenis van die gedig dat dit wel sinvol is:

> Aghoes aghas vaal water wegblaas
> nog 'n dop asseblief my baas
> voël viet fisant
> kort voor eergistraand
> ek lig my hoed en stryk my voet
> en ek doen alle jong juffrouens goed
> my naam is Kolie Saasveld
> ek betaal al die meire se slaapgeld

("Aghoes aghas vaal water wegblaas", Krokos 55)

"Aghoes aghas" en "viet" is voorbeelde van klankmaaksels wat deel is van 'n doprym. Hierdie klankmaaksels lê die klankpatroon van die gedig: a-, oe-klanke weerklink deur die hele gedig, en die "s" allitereer sinvol om die "blaas" in die eerste vers van die gedig "hoorbaar" te maak. Die aghoes en aghas is grootliks na-asem-snak-geluide van die drinker wat die vaalwater "blaas" (aghoes en aghas klink na 'n imitasie van hoes en blaas). "Viet", wat moontlik 'n verkorting van viets is, het in die vers hoofsaaklik 'n akoes-

tiese waarde: "voël viet fisant" herhaal die labio-dentale stemlose frikatief op so 'n wyse dat die hele vers 'n kenmerkende klankwaarde het. Hierdie klankwaarde lig die besondere vers uit die klankpatroon van die gedig, beklemtoon die vers klankmatig en gee daar iets viets en spoggerig aan. Die subtiele beklemtoning van "voël viet fisant" is geslaagd: in 'n letterlike betekenis sou 'n mens ook kon praat van 'n deftige fisant. Daar is dus betekenisverband tussen die fisant en Kolie Saasveld - ook 'n deftige "ek-lig-my-hoed-" jong wat al die "meire" se slaapgeld betaal.

'n Goeie voorbeeld in die werk van Boerneef waar die oënskynlik sinlose spel met klanke, herhaling van klanke en klankespel die eenheid, die gang en die beeldende krag van 'n gedig bepaal, is die volgende:

Pierambamba koesnaatjie is klein
mallemo mallema mallemyn
kierangkarba te vrank jou wyn
mallemo mallema mallemyn
dit is dit issie dit is assyn
mallemo mallema mallemyn
waarombamba waarombambyn
mallemo mallema mallemyn

("Pierambamba koesnaatjie is klein", Mallemole 64)

Haal 'n mens die paar bekende betekenisdraende woorde uit die gedig, lyk dit so: koesnaatjie is klein/ kierangkarba te vrank jou wyn/ dit is dit issie dit is assyn/ waarom... waarom. Pierambamba, waarombamba, waarombambyn, mallemo, mallema, mallemyn is fyn gekonsipieerde klanke wat om die yl

betekenisdraende woorde klink en wat die hele gedig 'n akoestiese eenheid maak. Hierdie klank bind die gedig tot 'n hegte eenheid: elke reël het sy eie dominante klank, maar tussen die reëls onderling is daar ook volop klankkorrespondentc.

Die skryf van woorde soos hulle gehoor word, met ander woorde in plaas van woorde, aaneenlopende klankstrukture, is 'n kenmerkende deurlopende verskynsel in die poësie van Boerneef en is die resultaat van die gehoorsintuiglike aanvoeling van die digter vir klank. Grové (1962) noem hierdie aanmekaarskryf van woorde 'n tegniek ter wille van klank en ritme. Rina Pauw (1966:20) sê dat Boerneef foneties spel en dat hy, waar elisie plaasvind, woorde aanmekaar skryf:

> Lappiedy lappida
> so voor op die wa
> so vroeg in die aand
> van die lentemaand
> in die pamplierbos?
> aggeneeaggeja
> appelliepiejoublaar
> ons twee vir mekaar
> so vroeg in die aand
> van Septembermaand

("Lappiedy lappida", Krokos 35)

"Aggeneeaggeja" en "appeliepiejoublaar" is klankstrukture wat saamgestel is uit twee of drie woorde: "aggeneeaggeja" is saamgestel uit ag+nee+ag+ja en "appeliepiejoublaar" is saamgestel uit appelliepie+jou+blaar. Hierdie klankstrukture is

is 'n gehoorsintuiglike aanvoeling vir die ritme van die gedig:

"Lappiedy lappida" se ritmiese patroon lyk so: ∪∪/ ∪∪/ soos ook "aggeneeaggeja" en "appelliepiejoublaar". Dus, die ritmiese patroon domineer en bepaal die klankeenhede. Die semantiese waarde van die woorde verdof - die betekeniswaarde van die woorde is ondergeskik aan die klank- en ritmewaarde. 'n Dergelike voorbeeld is ook:

> Banaliteite... ja en sukke teite en geite
> skollie en ellie en flennie
> oormekaar en deurmekaar
> en hot en haar en langs mekaar
> smelt die koper van die simbaal
> vloek hom laksmanjanfiskaal
> gee sy kwitansie toe ambraal

("Banaliteite... ja en sukke teite en geite", <u>Krokos</u> 39)

"Laksmanjanfiskaal" is 'n klankstruktuur saamgestel uit laksman+janfiskaal. Binne die konteks van hierdie gedig is die klank- en ritmiese waarde van die samestelling baie belangriker as die betekenisaspek daarvan. Boerneef eksperimenteer eintlik met die taal om te sien met watter minimum betekenis hy kan klaarkom om 'n "hoorvers" (vergelyk ritmiese vers) te skep. 'n Studie van hierdie klankstrukture toon dat die meeste van hulle 'n betekenisverbleking ondergaan en dat hulle binne die gedigkonteks 'n groter akoestiese waarde kry ter wille van 'n hoorvers.

Die gehoorsintuig speel 'n rol in die skepping van nuwe

woorde. Eiemaaksels is oral in al Boerneef se bundels te vinde. Rina Pauw (1966:22) wys daarop hoe Boerneef woorde skep met 'n ritmies-musikale karakter. Van Heerden (1968:51) sê: "Vir 'n jongleur met woorde soos Boerneef is die neologisme 'n geliefde oefenterrein. Daar steek meestal 'n flink stuk beredeneerde vernuf agter die skeppinge: vergelyk maar die eie woord palissandryn...". Sulke interessante Boerneefmaaksels is byvoorbeeld: pollemint, gogmagogga, serannie, allighy, sjeddokpampelmoes, namarra, palissandryn, flottina, kolel, aksenawel, ling... Hierdie woorde is weldeeglik betekenisdraend en nie bloot klank-ritmiese taalmaaksels nie soos in die vorige paragraaf bespreek is.

Daar is dikwels benewens die musikale en ritmiese waarde van die neologismes tog ook 'n fyn berekende vernuf in hierdie Boerneefmaaksels. Rob Antonissen (1964:67) verduidelik die moontlike deurdagte samestelling van die woord palissandryn: "die warmbruinkleurige palissanderhout, fyn van tekstuur, edel, hard, al donkerder gloeiend by ouer-word, waarvan hierdie speler se fluit gemaak is; die Griekse woord 'palin' (nogmaals opnuut) uit die diepgelaagde 'palimpse'; en ironies, die plegstatige, streng-formele aleksandryn".

Die volgende gedig demonstreer hierdie deurdagte eie Boerneefmaaksels en die berekende vernuf in die woord- en klankskeppinge wat nietemin intens ritmies-melodies is:

> Nou skryf ek malkopwoorde
> staan sountoe jy wat dink
> die tekening het my laat skrik
> daarop sien ek hoe mense lyk wat dink
> ek wou nie kyk nie maar ek is gedwing

hoevil is hulle wat nie dink
wie is skoon van aangesig en fyn van top
en so lyk hulle wat kan dink
nou skryf ek sotterny en koeterwaals
g'n alfabet kan hierdie rampspoed spelle
angshandewringend en jollie Diabolus
'n diaboliese swerkat met gryns
van oor tot oor wydsbekseskaterhoon
diesdagdestoornisrae
stuiptrekkend
nisduiegipswt

("Nou skryf ek malkopwoorde", Op die flottina 93)

Hierdie "malkopwoorde", "sotterny en koeterwaals" word gaandeweg deur "'n diaboliese swerkat met gryns" woorde soos "diesdagdestoornisrae" en "nisduiegipswt" - wat oënskynlik na "malkopwoorde" klink. Die sogenaamde "malkopwoorde" is egter deurdag. Die gedig se rimties-musikale patroon word deur hulle versteur. Ritmies-musikaal "beteken" hulle weinig, maar hulle beteken aan die ander kant iets soos die einde, die dood, die relatiwiteit van alles.

angshandewringend en jollie Diabolus
'n diaboliese swerkat met 'n gryns
van oor tot oor wydsbekseskaterhoon

Bogenoemde is verse met 'n duiwelse konnotasie wat die onmag van die vers, die gedig as "skutsel teen die ouderdom" (F.I.J. van Rensburg 1969:474) suggereer. Dit is planmatige "malkopwoorde", is 'n planmatige deurmekaarheid wat sê dat alles, ook die skryfkuns, aan verderf onderhewig is, 'n

verderf en hoon wat hoorbaar gemaak is.

Van Rensburg (1969:475) sê van hierdie kundigheid met die woord die volgende na aanleiding van die eie skepping "Tromboniusdagboekenkaart": "'n Hele lewe se kundigheid-met-die-woord skuil in dié skepping, vyf, ses dinge wat in een woord flikker-en-wemel..." Van Rensburg toon dan aan hoe vernuftig hierdie woord eintlik saamgestel is: "Dit was 'n bulwoord, pastersteek en aksenawel, waarmee 'n oeuvre kon sluit".

### 3.2.3 Die afwesigheid van leestekens en die gehoorsintuiglike

Die afwesigheid van leestekens is in 'n hoë mate te danke aan die gehoorsintuiglike aanvoeling vir die spreektaal en 'n aanvoeling vir die deurlopende ritmies-musikale gang van die vers. Hiemstra (1968:57) wys daarop dat die afwesigheid van leestekens gesien moet word as 'n "berekende visuele weergawe van 'n afgeronde volkome gawe eenheid wat elke gedig vorm".

Hiemstra oorskat, myns insiens, die rol van die visuele in die weglaat van die leestekens. Die leestekens staan in die weg van die fonies-ritmiese stromende gang van die gedig:

1. Oes annietou innie somertyd
2. anners raak jy jou eetgoed kwyt
3. bewestring trek toddie skemer sak
4. oestyd maak 'n willeman mak
5. nousit donkeraand nousit loshand skink
6. nousit tuitbek staan en galopgorrel drink

("Oes annietou innie somertyd", <u>Op die flottina</u> 45)

Manlike paarrym wat opvallend klink, bind vers 1 en 2, vers 3 en 4 en vers 5 en 6. Die verse is gelyke ritmiese eenhede, omdat hulle feitlik ewe lank is: vers 1 bestaan uit 9 en vers 2 uit 8 lettergrepe; vers 3 bestaan uit 9 en vers 4 uit 8 lettergrepe, en vers 5 uit 10 en vers 6 uit 11 lettergrepe. Vers 1 en 2, 3 en 4, 5 en 6 is samehangende betekeniseenhede: "oes annietou/ anners raak jy jou eetgoed kwyt" (vers 1 en 2); "bewestring trek/ oestyd maak willeman mak" (vers 3 en 4); "loshand skink/ galopgorrel drink" (vers 5 en 6). In hierdie deurlopende eenhede is leestekens ongewens.

Die gehoorsintuiglike aanvoeling vir die sin of vers, die ritmiese lengte van die sin of vers (wat grootliks afhanklik is van die aantal lettergrepe) en die foniek van die sin of vers maak dat leestekens oorbodig is. Die verse is gebou op 'n ritmies-musikale grondslag. Die ouditiewe klink van die verse maak leestekens onfunksioneel.

Baie van Boerneef se gedigte is in 'n groot mate klankmatig-ritmies gekonsipieer. Die foniek van die gedig is 'n belangrike element wat leestekens uitskakel.

3.2.4 Die gehoorsintuiglike verskaf plesier

'n Belangrike funksie van die versklank is die verskaf van estetiese ouditiewe plesier. Kreuzer (1955:54) sê: "Since functionless repetition is so justifiably frowned upon, it would be well here to emphasize the fact that repetition of sound does have the function of supplying pleasure to the reader". Hierdie stelling is grootliks waar ten opsigte van die werk van Boerneef. Boerneef het 'n besondere oor vir die taal en die gedruis van die lewe om hom gehad. Sy

poësie tref veral as dit hardop gelees word. Sy snelsêers en doprympies is goeie voorbeelde van fonies afgeronde eenhede:

Orimboeg innie dolvoor kromstaan
sesspit issit hoor jy maaifoerie
hoe kan 'n ou se gô dit hou
assie sweet so kwaai innie oë brand
smerie katrol daddie ding kan skollie
luister fyn hoe die boklam drink
sleep vir ons langnekkaatjie nader
la ons sien hoe 'n bulhou sy kan skink

("Orimboeg innie dolvoor kromstaan", Op die flottina 53)

Sou 'n mens die rympie bloot op die betekenis af wou benader en ondersoek, is daar talle onlogiese dinge in. Lees dit egter hardop, dan is dit bevredigend: die klank en ritme van die verse vergoed in 'n ruime mate vir die semantiese tekort.

Nog 'n voorbeeld:

Jy soek 'n huitjieheugeluid
maar hoor net ghannaghoetjies klop
en 'n toktokghannaghoetjiegetok
is 'n voorspooksel van narigheid
los dus die huitjieheuggeluid
soek na 'n doekomkrogeluid
teen skemeraand by katbakkies
om voorspooksels se neus te snuit

("Jy soek 'n huitjieheuggeluid", Op die flottina 8)

Die interessante vreemdklinkende klanke ("ghannaghoetjies klop" en "toktokghannaghoetjiesgetok") verleen aan hierdie gedig die karakter van 'n inkantasie, 'n towerspreuk. Die klank van die gedig is hier in die besonder verantwoordelik vir die beklemtoning van die bonatuurlike wat deur woorde soos "voorspooksel", "doekomkrogeluid", "skemeraand by katbakkies" opgeroep word. Die grootste bekoring van hierdie gedig lê in sy besondere foniek. Die vreemdklinkende "mooi" woordklanke wat deur die gedig "tok" en "klop", verskaf plesier, bekoor... "repetition of sound does have the function of supplying pleasure to the reader" (Kreuzer, 1955:54).

### 3.2.5 Die gehoorsintuiglike en die skepping van stemming en atmosfeer

Die gehoorsintuiglike speel 'n rol in die skepping van stemming en atmosfeer in die gedig. Vestdijk (1959:116) beweer: "Een gedachte, een beeld, een emotie, een stemming, een sfeer worden niet alleen door de woordbetekenis uitgedrukt, maar bovendien geheel onafhankelijk daarvan, door de woordklank".

Klank kan in die poësie egter geen absolute betekenis hê nie. Pogings van verskeie teoretici sedert die Grieke om 'n verwantskap tussen spraakklanke en gevoelservaringe te probeer aantoon, oortuig nie. Die taalklank kan dus nie in totale isolasie beoordeel word nie. Die betekenis van die woorde, die ritme, die sintaktiese spreiding en herhaling van bepaalde klanke binne 'n gedig is almal faktore wat saamwerk om die gedig uiteindelik sinvol te maak.

Dat die klank desnieteenstaande wel 'n besondere bydrae lewer,

om 'n bepaalde stemming in 'n gedig te skep, is deur verskeie letterkundiges al bevestig. Vestdijk (1956:105) sê: "De toonhoogte (evenals het accent) hangt echter samen met de betekenis der woorden, zodat wij hier voor het eerst stuiten op een verband tussen de klank en de inhoud van het vers..."

Atmosfeer en stemming in 'n gedig word deur baie faktore saam tot stand gebring. Ek kyk in hierdie afdeling slegs na die rol van die gehoorsintuig en gevolglik na die klank in die skepping van atmosfeer.

Brooks & Warren (1960:552) verduidelik die term atmosfeer soos volg: "This term is obviously a metaphor in itself. It refers to the general pervasive feeling which may be said to condition the treatment of the subject of any literary work".

'n Voorbeeld:

> Met my klipplate en klipbanke en pilare van klip
> met my kliprante en klipkoppe en bakens van klip
> is ek kliphard en koud met my preekstoel van klip
> my saf kry is min met my hartstreek van klip

("Met my klipplate en klipbanke en pilare van klip", <u>Op die flottina</u> 13)

In die gedig is 'n herhaling van die klipbeeld. Klip en kliphard is woorde wat 'n harde kille atmosfeer suggereer. Daar word prominensie verleen aan die eksplosiewe k- en p-klanke. Hierdie klanke plof deur die hele gedig. Die k- en p-klanke staan in bevoorregte posisies in die versreëls: telkens in die eindposisie van die versreëls en verder op die ritmiese

golftoppe van elke vers:

met my klipplate en klipbanke en pilare van klip

In samewerking met die betekenis van woorde soos klipplate, klipbanke, pilare van klip, kliphard en hartstreek van klip, skep die digter hier deur harde klanke 'n kille harde atmosfeer en stemming. Die koue hardheid lê in die eerste plek nie in die klanke nie, maar die klanke plof tog hard deur die hele gedig en span die gehoorsintuig in om die hartstreek van klip te "voel". Die harde kloppende ritme, die harde klanke en die besondere beelde wat hardheid suggereer, werk almal saam om die kilheid en hardheid van die gedig uiteindelik uit te beeld. Dit is 'n goeie voorbeeld van 'n gedig waarin die digter deur die klank 'n bepaalde stemming opwek.

Die volgende gedig is 'n voorbeeld van musiese poësie. Vestdijk (1956:130) maak 'n onderskeid tussen die musiese en die signifikatiewe poësie veral op grond van die klankwaarde van die woord "... doordat de eerste aan het gebruik van het dichterlijk suggestieve woord de voorkeur geeft. In klankopzicht lopen deze genres parallel met de muzikale poësie, en de poëzie die gesproken wordt..." Musiese poësie is, volgens Vestdijk, poësie waar die klank dan 'n belangrike bydrae lewer om atmosfeer en stemming op te wek:

Ek luister graag na 'n fagotkonsert
na 'n pampoenstingelfagotkonsert
wat Jop by die dam innie skemerte blaas
sy note is bas baie bas en swaar
net soos sy woorde laag en diep en swaar

hy speel van haar en hot en hot en haar
moerak en bars geduld en slaap en vrot
van liefde en baklei van dag en nag
moedhou en huil en lag en dop kapot
ek luister graag na hierdie baskonsert
wat Jop so dennies blaas op sy fagot

("Ek luister graag na 'n fagotkonsert", Sesde Hoepel 77)

Musiese stemmingswoorde en -beelde wat in bogenoemde gedig herhaal word, is "luister graag", "fagotkonsert", "innie skemerte blaas", "note is bas en swaar", "woorde is laag en diep en swaar". Dit is opvallend dat die lae lang a-klank en die dowwe bilabiale b-klank deur die gedig klink. Die klanke is die draers van die sombere atmosfeer wat veral deur beelde soos "moerak en bars geduld en slaap en vrot/ moedhou en huil en lag en dop kapot", gesuggereer word. Die orkesstrasie van die klanke in die gedig toon deurgaans 'n dowwe dreun - lae vokale en bilabiale eksplosiewe - met af en toe 'n hoë voorvokaal (oe, innie, speel, liefde, hierie, dennies). Die gedig maak as't ware die fagot hoorbaar in die klank van die gedig: "sy note is bas en swaar".

### 3.2.6 Die gehoorsintuig skep assosiasies

By Boerneef is daar talle assosiasies wat 'n akoestiese oorsprong het. Die woordklank tree by Boerneef spontaan assosiatief op:

Van betekenis kry ek soms meer as genoeg
ek verseg om te vra wat beteken klank

Met hierdie verse gee hy blyke van sy bewus wees van die woordklank en die belangrikheid van klank vir hom as digter, in so 'n mate selfs dat hy die betekenis verwerp. Maar selfs waar hy 'n redelik normale gedig skryf wat die woordbetekenis betref, het die gedig 'n hoë klankwaarde:

Gister kry hy 'n spogkarwats present
deur bobaas meesterlik gevleg kompleet
met hingsel voor- en agterslag
olienhoutsteel net hy die ene Kro
en nous 'n stukkie van die stad die ene Kro
hy klap Moltenoweg vol lammerskaap
voorbok se klok klink in 'n Kaapse straat
sy voorslag kloof die stedelike lug
en Tafelberg praat Krotaal trug
'n engel knip 'n oog en glimlag breed
so klap 'n man die Kroverlede trug

("Gister kry hy 'n spogkarwats present", Op die flottina 25)

Die sintuig van die gesig en dié van die gehoor werk hier saam: die betrag van die karwats maak 'n stukkie van die stad die ene Kro. Hy beleef die Kro deur die gehoor: "hy klap Moltenoweg vol lammerskaap / voorbok se klok klink in 'n Kaapse straat". Sintuiglik beleef die digter weer die verlede: hy sien en hoor die Kro deur te kyk en te luister na die geklap van die karwats. Hierdie beelde wat so assosiatief die verlede terugroep, versinnelik die verlede deur dit in gehoorsintuiglike beelde op te roep:

en Tafelberg praat Krotaal
so klap 'n man die Kroverlede trug

Daar loop 'n duidelike klanktema deur verse soos hierdie: pr, kr, tr (eerste vers van die sitaat); kl, kr, tr (tweede vers van die sitaat). Die r is die tema, gekombineer met die variante p, t, k en een keer kl in plaas van kr. Dié dominante klanke kom uit die woorde wat na die betekenis tewens die hoofgedagte in die gedig dra: praat kro en taal.

Talle van die herinneringsgedigte van Boerneef het 'n akoestiese indruk as beginpunt vir die assosiasie. Gewoonlik lei die klank die digter na vertroude dinge in die verlede: "krotoetrek", "lentes van weleer", "toeka se dae".

Rodenko (1974:10) wys daarop hoedat in die hedendaagse poësie "ieder willekeurig begrip metaforish voor ieder ander begrip staan". Hy verduidelik verder hoedat nie slegs konkrete begrippe nie maar ook gevoelens, handelinge en sintuiglike waarneminge verwisselbaar is. Hy wys daarop hoedat 'n Spaanse digter, Luis de Gongora, die voorloper van moderne digters was in sy gebruik van beelde soos "groene stemmen" en "een geschilderde stem". Gewaarwordinge word op twee verskillende sintuiglike terreine verwissel.

Die assosiatiewe krag van die gehoorsintuig openbaar hom op hierdie, volgens Rodenko, uiters moderne manier in die poësie van Boerneef:

> Vryf hom op en vryf hom blink
> soos palissanderhout moet blink
> donkerbruin en donkerpers
> janee nou mag hy blokfluit wees
> hoe sal my wysies daarop klink
> kon ek dit tog maar vooraf weet

miskien sal donkerbruin en donkerpers
soms in my palissanders klink

("Vryf hom op en vryf hom blink", Sesde Hoepel 61)

Die versugting "miskien sal donkerbruin en donkerpers/ soms in my palissanders klink", is 'n ineenstrengeling van sintuiglike begrippe: kyk en hoor, wat in die eerste plek die gevolg is van die assosiatiewe krag van die beeld - die gehoorsintuiglike speel in hierdie voorbeeld 'n belangrike rol.

Die integrasie van beelde (kleur vir gehoorsintuiglike belewenis) verruim die betekenis van die slotvers: "donkerbruin en donkerpers" kan geassosieer word met 'n somber stemming - hier is nie sprake van helder sprankelende kleure nie. Dit kan ook dui op die aard van die lied wat soms in die palissanders klink. Pers is verder 'n sagte kleur wat konvensioneel met ou mense geassosieer word. So kan assosiatief verder afgelei word om die verruimende effek van hierdie verskynsel te illustreer.

Voorbeelde waarin die akoestiese 'n rol speel wat soortgelyk is aan die vorige, is skaars. Hier is egter nog een:

Hoe kan 'n sterfling die rumoer uitsluit
tot net die stilte hoorenvoelbaar bly
hoe tap jy bloed uit 'n klip
wie vou klank toe in sy hand

("Hoe kan 'n sterfling die rumoer uitsluit", Sesde Hoepel 54)

Stilte wat "voelbaar" is, is 'n beeld wat volgens Rodenko

modern is - so ook die klank wat toevou in sy hand. Dit is geïntegreerde gewaarwordinge van dinge wat op verskillende sintuiglike terreine lê. Die rol van die gehoorsintuig is in die beeldsamestelling in al hierdie voorbeelde die deurslaggewende.

3.2.7 Die gehoorsintuig en die ouderdom, die eensaamheid en 'n hunkering na die verlede

Die ouderdom, die eensaamheid van die ouderdom en die gemis van die plaas en die verlede is alles dinge wat Boerneef besweer deur te luister. Deur die magiese krag van die klank en die woord vergoed hy vir hierdie gemis. Hy word "rebelserig oud", maar die skemer van die ouderdom "is vol van toeka se dae" en "herinnerings aan Krotoetrek".

Die "narigheid" van die verganklikheid kan 'n mens uitsluit deur te sing, deur met die gedig 'n teenstem in die groot lied van die dood te skep:

Sing nou 'n stukkie in jou enigheid
flennie die wysie
'n fyntonnie wysie
sluit al die narigheid uit
die grootgroot lied die laat 'n mens bewe
dreun van die dood van die dood in die lewe
sing tog 'n stukkie in jou enigheid
flennie die wysie
'n fyntonnie wysie
sluit al die narigheid uit

("Sing nou 'n stukkie in jou enigheid", Palissandryne 129)

Dié gedig is 'n foniese Boerneef-raat teen narigheid. Deur die poësie besweer hy die dreun van die dood.

Die volgende gedig demonstreer ook die noodsaaklikheid van na poëtiese klanke luister "as die geroesemoes jou dag bedreig":

> Leer naarstigtelik die skemerte se spraak
> en luister na die stem van die gevogelte
> met daglumier in bos en boom en berg
> laat jou weerwoord sê jou hart is oop
> ontvanklik vir die skemerliedenspraak
> laat dit naklinkenpraat in jou gemoed
> as die geroesemoes jou dag bedreig
> so praat ek noodgedwonge met myself
> maar jy skimp hardegat op sotteklap
> en kindsheid wat so dweep met skemerspraak

("Leer naarstigtelik die skemerte se spraak", Sesde Hoepel 79)

Die digter besef dat die allitererende opdragte (leer...luister...laat...) en die weerwoord teen die geroesemoes nie vir almal aanvaarbaar is nie.

Let op dat allerlei taalfraaiings deur Boerneef aan die woorde geheg word (naarstigtelik, skemerte) en ongewone woordvorme (argaïsmes, vreemde koppelinge: gevogelte, daglumier) is oral teenwoordig. Hierdie fraaiings en vorme verhoog die akoestiek, die klankwaarde van die gedig. Vir die digter is dit egter belangrik dat hy deur die gedig (in besonder die klank van die gedig) "ontvanklik is vir die skemerliedenspraak".

Cloete (1977:155) sê: Onversadigbaar is die begeerte om te kyk en te luister, 'en kyk en luister en kry nooit genoeg' (Sesde Hoepel 22)". En verder: "Dit bly egter nie by sintuiglike belewing nie, dit groei uit tot 'n wyse lewenshouding, soos in Sesde Hoepel 35, waar die raad gegee word: 'leer stilkyk en stilluister en stilpraat'".

Die rol van die gehoorsintuig in die beswering van die narigheid en die grootgroot lied van die dood as die geroesemoes jou dag bedreig, is vir Boerneef 'n noodsaaklike lewenswyse:

> Maak maats met Krogoed as dit lyk na lol
> leer stilkyk en stilluister en stilpraat
> en needrig wees en maak oop jou hart
> laat die ruimte en die stilte binnekom
> laat die kleure en stemme binnekom

("Maak maats met Krogoed as dit lyk na lol", Sesde Hoepel 35)

## 4. OM TE PROE

Met 'n skop gooi jy jou koring skoon
jy maak dit en jy bak jou brood
smeer jerseybotter op die brood
daarby nog waboomheuningstroop
hoe proe dit nou om mens se wees

("Met 'n skop gooi jy jou koring skoon", Sesde Hoepel 83)

### 4.1 Gunsteling eet- en drinkgoed

Die smaaksintuig is aktief in 62 gedigte uit die 522 wat vir die studie bestudeer is.

Deur dit wat hy eet en drink, roep Boerneef die Boplaaswêreld en die "Kro"-wêreld op. Stadsgeregte, deftige maaltye of eksotiese vreemde kosse of drank is nie vir Boerneef 'n prikkel tot poëtiese skepping nie. Deur die smaaksintuig beleef hy die werklikheid van die Boplaas-wêreld en die Kro-wêreld. Hy proe die lewe en menswees deur hierdie streek se kenmerkende kos- en dranksoorte en dit gee 'n aardse karakter aan sy vers.

Uit sy "knapsak krokos" skud hy dan ook interessante tipiese "krokos": askoek, gebraaide skilpad, vyerank, lensiesop met drieduimspek, girnaat, jakkalskos, pitjieskos bobaas gebraai, uintjies, kambro, koesnaatjies, nartjieskil in vroegpampoen, koekmakranka, mispels, froetangs en froetangkos, skilpadbessie van Kolaansrug, waboomheuning en siterkonfyt, kollewyntjies en rosyntjies, plankperske, moerbeie en langelyspere, saffraanpeer, brood met varkvet, jerseybotter op die brood,

waboomheuningstroop op die brood, springbokbiltong, gekookte skilpadeiers...

Die enigste nie-Krogereg wat hy noem, is Gorgonzolakaas. Die gebruik hy dan ook om die moderne mens in kontras met die ouer geslag uit te beeld:

Eet jy kaas was in my jeug die aanvoorvraag
as jy en Hetta in die maanlig stap
ja seker bra naïef en primitief
teenswoordig word dit fyner uitgekap
'n mens se status word vandag gemeet
aan die manier waarop jy Gorgonzola eet

("Eet jy kaas was in my jeug die aanvoorvraag", Sesde Hoepel 57)

Kostelik hoe die digter self kommentaar lewer op die ouere gewoonte: "...bra naïef en primitief".

Die drank is ook deurgaans drank uit die wêreld van sy jeug en die plaas: heuningbier by die Tankwa, skink 'n boegoesopie, drink 'n beker bokmelk, drink die kruie sluk die als, kaliefos en doepablare, doepadruppels, intrensdruppels, drink wonneriksens, kommetjie teewater, drink die bossietee, skink jou koffie alleen vroegvoordag, die bitter kruiesmaak van die bokmelkkoffie, doepadop wat die winter se koue disnis skop, uithang kopieva vir die intrekskop, vaaljapie, wyn, asyn, kattekruie en roosmaryn, "jy't wie weet al verleer hoe reën kan proe".

Kyk 'n mens na hierdie eet- en drinkgoed, dan is dit duidelik

dat Boerneef ook deur die sintuig van die smaak gedurig terugbeweeg na die plaas en sy jeugwêreld.

## 4.2 Proe en die anderse, die geile en oordadige

Boerneef is bekend as 'n man met 'n smaak vir die flambojante, die anderse. Hierdie besondere eienskap van hom is pragtig geïllustreer in die volgende gedig:

> Begeer jy ook soms net so sterk soos ek
> 'n harristweesepikkedelliebaadjie
> 'n skiller bruine met 'n 8duimslip
> gans anners assie anner baadjies
> 'n egte jasmepoier met 'n 8duimslip
> 'n warrem drading virrie Bokveldswinter
> wat jou versukkereer teen sneeu en ryp
> vergeet dit maar die baadjies word al enerster
> en alle klere alloe enerster
> en alle mense alloe enerster
> verniet begeer jy harristweesepikkeldelliebaadjie
> dis klaar met anners jy word hoeka eners en alloe
> enerster

("Begeer jy soms net so sterk soos ek", Op die flottina 70)

Die versugting in die slotherhaling toon hierdie skop van hom teen die vale "enersheid" van die alledaagse mense.

Boerneef proe ook die "annerse" kossoorte. Anders as sy stadsgenote en kollegas en ander modernes, toon sy smaak vir kos en drank juis die "annerse": "krokos" - vir die moderne mens is dit eksotiese geregte.

Boerneef het ook 'n smaak vir die oordadige, die geile. Hy koop vir hom 'n hoed, "'n bont allighy", sy baadjie is 'n "skillerbruine" met 'n 8duimslip, 'n egte "jasmepoier", sy perde en bokke is sonder weerga "serannie" - viriel en spoggerig.

Hierdie smaak vir die geile, die oordadige is ook in soverre dit sy eet- en drinkgewoontes betref in sy poësie waarneembaar: "Maak die askoek sterk"; "lensiesop met drieduimspek"; "saffraanpeer gee 'n lekker stroop om brood met varkvet in te doop"; "gooi my drinkding borrendynsvol"; "'n borrendynsvol ding is die nimlike ding 'n oorlopendste glas van die doepapaljas".

> Daar runnik die hings staan pot toe
> my naam is Jurie trommeldik
> gou by die bak en gou by die werk
> daarom is ek so moerskwaaisterk
> lensiesop met drieduimspek
> padgee oompie hier kom ek
> my baas gee twee dop bul se gasie
> ramuitneksejong by die bakgatstasie

("Daar runnik die hings staan pot toe", <u>Krokos</u> 58)

Boerneef vergestalt hier vanuit onder andere die smaaksintuiglike belewenis, 'n tipiese Boerneef-karakter. "Jurie trommeldik", vertonerig en grootpraterig, demonstreer hierdie smaak vir die geile, die oordadige: "trommeldik", "lensiesop met drieduimspek", "twee dop bul se gasie".

Die hings, beeld van die viriele, roep "pot toe". Dit is op-

vallend dat daar nie 'n alledaagse ghong slaan of 'n klok lui om die "pot toe" aan te kondig nie.

Die smaaksintuiglike ervaring word baie sterk in hierdie gedig beklemtoon deur die prominente sintaktiese plasings van die smaaksintuiglike beelde: aan die einde van die eerste vers en aan die einde van die slotvers met die fyn toespeling van die beeld "bakgatstasie" vir die eetplek. Verder word die smaaksintuiglike ervaring deur die hele gedig herhaal.

## 4.3 Proe en die folklore

Boerneef se poësie het as deurlopende gegewe die "Seressekro" en sy mense en diere. Volkskundige gegewens is oral in sy poësie aanwesig. Hier volg 'n inventaris van eet- en drinkgoed:

> Smerom sus en smerom so
> smeerperske so en plankperske bo
> kom help meddie plankperske meddie smeerperske

("Perske geel en perskerooi", <u>Sesde Hoepel</u> 36)

> Party noem hom girnaat
> anner sê dis jakkalskos
> neffens mekanner laans die groen melkbos
> pitjieskos bobaas gebraai

("Party noem hom girnaat", <u>Sesde Hoepel</u> 21)

Saffraanpeer  gee 'n lekker stroop
om brood met varkvet in te doop
hoe maak jy sonder brood en vark

("Saffraanpeer gee 'n lekker stroop", Ghaap en Kambro 32)

Volksrate vir olikheid teen 'n smaaksintuiglike agtergrond, is interessant en openbaar die gebruik van veral die plante uit die besondere "Boerneefstreek":

Kaliefos en doepablare
dit en dat en groenamare
dokter nou uit bloedsenmag
hys al ver heen
wieweetwaarheen
lyk my bra sy gô is uit
doepadruppels intrensdruppels
kan miskien die kwaad nog stuit

("Kaliefos en doepablare", Ghaap en Kambro 18)

Mens kry selfs die indruk dat daar iets beswerends in die klank van hierdie werk is.

Assie ding op herrie kom
kou dan 'n wonnerkoringstrooitjie
(die mense sê dis goed virrie senuwees)
en lyk die ding na hoe
kou dan twee wonnerkoringstrooitjies
(party glo vas dis goed virrie senuwees)

("Assie ding op herrie kom", Op die flottina 3)

In die volgende gedig is enkele volksgrieseligheidjies met raat:

Dit spook hier woes met nuwemaan
maar kwaaier nog met donkermaan
drink die kruie sluk die als
maak jou reg vir die spokewals
hierbo by Orlandini se werf
waar Poljon saans sy twak sit kerf
word feesgevier tot daglumier
maar wie en wat op hoe 'n manier
sluk liewer nog 'n groot dop als
en maak jou klaar vir die wisselwals

("Dit spook hier woes met nuwe maan", Ghaap en Kambro 8)

Drink die kruie sluk die als
maak jou reg vir die spokewals

word

sluk liewer nog 'n groot dop als
en maak jou klaar vir die wisselwals

Die ontwikkeling van die sintuiglike "drink die kruie sluk die als" na die nie-sintuiglike toepassing "maak jou klaar vir die wisselwals" in die gedig toon die vermoë van Boerneef om 'n primitiewe angs in woorde vas te lê. "Drink die kruie sluk die als"/ "word fees gevier tot daglumier"/ "sluk liewer nog 'n groot dop als" is 'n smaaksintuiglike belewenis wat die primitiewe angs in beelde soos "spokewals", "spook hier woes met nuwe maan" en "maak jou klaar vir die wisselwals" smaaksintuiglik ingeskerp - bitter maak!

### 4.4 Die rol van die smaaksintuig

"... hoe proe dit nou om mens te wees"

Met hierdie vers uit "Met 'n skop gooi jy jou koring skoon" (Sesde Hoepel 83) kwalifiseer die digter self die funksie van die smaaksintuig in sy poësie: deur die sintuig van die smaak beleef hy die menswees oor 'n wye terrein, eintlik die menswees as sodanig. Enkele van die lewensaspekte word hieronder bespreek.

#### 4.4.1 Die smaaksintuig en stadia van menswees

Boerneef het 'n voorliefde vir 'n bepaalde patroon van gedigbou: hy stel 'n sintuiglike belewenis naas 'n bewering - die een dien as assosiasie vir die ander. Assosiatief bou hy dan so sy gedig. Die volgende gedig uit Krokos is 'n voorbeeld van smaaksintuiglike beelde wat assosiatief werk om 'n groot veld van menswees te beeld:

> Braai vir hom in skilpad
> hy verjaar vandag
> koop vir hom 'n blik sardiens
> hy's gedoop vandag
> skiet vir hom 'n gompou
> hy gaan trou vandag
> skink 'n boegoesopie vir die ou
> gee 'n velkombersie vir sy vrou
> om die eerste klong in toe te vou

("Braai vir hom 'n skilpad", Krokos 49)

Die stadia van geestelike groei na volwassenheid word hier uitgebeeld:

hy verjaar vandag<br>
.................<br>
hy's gedoop vandag<br>
..................<br>
hy gaan trou vandag<br>
...................<br>
die eerste klong

Elkeen van hierdie stadiums is gestel langs 'n sintuiglike beeld wat dan assosiatief die stadium van menswees oproep: 'n gebraaide skilpad en 'n verjaarsdag; 'n blikkie sardiens en die doop; 'n gompou en die huwelik; 'n boegoesopie vir die man by pa-skap en 'n velkombersie vir die vrou by ma-skap. Die sintuiglike, in hierdie gedig oorwegend die smaaksintuigl-like, is die stramien waarop die gedig gebou is. Deur die gedig heen is 'n mens bewus van die smaaksin, is daar 'n gedurige smaakverandering wat gekoppel is aan verandering van lewenstadium. Dit is opvallend hoedat die belangrikheid van die stadiums deur die geregte beklemtoon word:

(a) verjaar, 'n voorstadium, word gevier met 'n skilpad - iets wat jy maklik in die veld optel en wat betreklik volop in die droëre Karoodele is;

(b) 'n blikkie sardiens moet gekoop word (geld is 'n skaars artikel). Die doop word gevier met 'n gereg wat nie so maklik bekombaar is nie. Die doop is dus belangriker as net verjaar; dit is 'n belangrike gebeurtenis op pad na volwassenheid;

(c) die gompou is 'n gesogte gereg, moeilik bekombaar.

Hiermee word die huwelik dus smaaksintuiglik as 'n belangriker gebeurtenis gestel;

(d) 'n boegoesopie vir die man is, smaaksintuiglik gesproke, die fynste geskenk. Hiermee word dan ook die belangrikheid van pa-skap - van veral die eerste klong - in verhouding met ander mensgebeure, finaal smaaksintuiglik beklemtoon.

### 4.4.2 Die smaaksintuig en die arbeid

Soos die vorige gedig "Braai vir hom 'n skilpad", is die volgende een ook gebou deur 'n sintuiglike ervaring te stel naas 'n gebeure. Die sintuiglike is ook hier die stramien waarop die gedig gebou is:

Drink 'n beker bokmelk
vandag neuk dit styf
eet 'n kaasbak biesmelk
maak reg jou lyf
heen en weer deur Rietvlei
die water die ene ys
keer net vir die swart ding
want hierso neuk dit styf

("Drink 'n beker bokmelk", Krokos 81)

Die sintuiglike beelde werk assosiatief in die gedig: "drink 'n beker bokmelk" teenoor "vandag neuk dit styf"; "eet 'n kaasbak biesmelk" teenoor "maak reg jou lyf" en "die water die ene ys" teenoor "die swart ding". Die sintuig van die smaak is die dominerende assosiasie. "Die water die ene ys" dui op die tassintuiglike belewenis. Daar is dus sintuiglike

verplasing van "eet en drink" na "voel".

Die opdragte "drink en eet" lei na "maak reg jou lyf". Dit is opvallend dat Boerneef nie geestelike versterking soek nie maar dat die versterking 'n fisiese is en dat hy die liggaam deur eet en drink voorberei vir die dag se taak: vergelyk die laaste vier versreëls.

Klankmatig is die verse "drink 'n beker bokmelk" en "eet 'n kaasbak biesmelk" twee verse wat saamhoort: beide het alliterende b's en voorts rym hulle sonder dat die rymklank elders herhaal word. Ritmies is hierdie twee verse ook in pas met mekaar en uit pas met die res van die verse in die gedig. Hulle is die enigste trogeïese verse in die gedig - drievoetig trogeïes.

"Drink 'n beker bokmelk" en "eet 'n kaasbak biesmelk: die sinnelike in die gedig is prominent en dit voel of die digter op hierdie wyse die arbeid en gevare van die dag versinnelik en aldus besweer.

4.4.3 Die smaaksintuig en die liefde

Die volgende gedig word ook onder die tassintuiglike bespreek. Die smaaksintuiglike speel hier 'n belangrike rol in die totale beelding van 'n fyn hofmakery:

> Kommetjie teewater
> drink die bossietee
> loop 'n entjie met haar mee
> handjiehandjie voetjievoetjie
> loop bietjie hoe

maak bietjie oop
maak bietjie toe
liggiesliggies oop en toe
Benjoemyn se hand speel fyn
van gelukkigsaligsyn

("Kommetjie teewater", Mallemole 7)

"Kommetjie teewater/ drink die bossietee" is die smaaksintuiglike beelde wat die ander sintuiglike beelde in die gedig voorafgaan. Die sintuiglike verskuif van die smaak na die tas in 'n gedig wat hofmakery uiters delikaat vergestalt. "Kommetjie teewater/ drink die bossietee" is 'n smaaksintuiglike beeld wat 'n elegante atmosfeer skep: kommetjie in plaas van koppie, is grootliks verantwoordelik vir die assosiasie met 'n deftige verlede.

Die verkleinwoordtjies wat oral deur die gedig gebruik word, help om in samewerking met die sintuiglike beelde 'n atmosfeer van intieme vertedering te skep.

Die smaaksintuiglike is 'n fyn voorspel tot die uiteindelike spel van "Benjoemyn se hand speel fyn/ van gelukkigsaligsyn".

Die onderstaande is 'n dergelike voorbeeld:

Lappa lei vir Bella koud
in waboomkloof se geelbossies
Lappa maak vir Bella stout
met hanepoot se natrossies
donkerrooi die wingerdblaar
warmrooi die mond van haar

("Lappa lei vir Bella koud", Ghaap en Kambro 49)

"Lappa maak vir Bella stout/ met hanepoot se natrossies" het 'n smaaksintuiglike belewenis in die beeld en in die sinnelike assosiasie ingebou. Dië verse staan sentraal in die gedig en is die spil waarom die betekenis van die woorde wentel. Die sintuiglike en die liefde is hier, anders as in die vorige gedig, uiters sinnelik verbeeld: "warmrooi die mond van haar" is gelaai met 'n sensualiteit. Die beeld het die mond, die smaaksintuiglike orgaan, as komplement van die beeldgroep so ingebou dat ons hier 'n metonimia het wat die sensualiteit suggereer.

### 4.4.4 Die smaaksintuig en die sintuiglike verlossing

'n Aand kan soms so vrek venynig wees
en 'n sterweling dan liederlik kasty
die lewe is mos nou maar so
dat elke ou sy aande kry
maar eenmaal elke skrikkeljaar
sit hy sy neukery opsy
skuif 'n gordyn oop en so wragtagwaar
die njabbas en kombrokonfyt staan klaar

("'n Aand kan soms so vrek venynig wees", <u>Palissandryne</u> 23)

Verlossing of ontvlugting is 'n proses wat by Boerneef dikwels sintuiglik plaasvind. In bogenoemde gedig is daar vir "'n sterweling" so eenmaal elke skrikkeljaar 'n ontvlugting van 'n "vrek venynige" aand. Verlossing vind plaas deur die smaaksintuiglike ervaring van "die njabbas en kombrokonfyt wat klaar staan".

Boerneef slaag daarin om die smaaksintuiglike ervaring ver-

ruklik voor te stel deur die gemaklike gebruik van die alledaagse omgangstaal: "skuif 'n gordyn oop en so wragtagwaar..."

'n Ander voorbeeld is "Waboomheuning en siterkonfyt" (Krokos 22). Die gedig verbeeld deur die smaaksintuiglike assosiasie in die eerste plek iets wat nie meer bestaan nie, nie meer verkrygbaar is nie:

> maar die waboom groei te hoog
> die bye het verkluim
> en wie plant nou nog siters

Waboomheuning en siterkonfyt wat onverkrygbaar is, word beeld van hunkering terug... 'n proses so kenmerkend van Boerneef se werk.

Verder suggereer die digter 'n sintuiglike illusie om die narigheid te genees:

> sê dan maar vir die aardigheid
> waboomheuning en siterkonfyt
> is soetigheid vir die narigheid
> al is jou neus ook uitgesnuit

Let wel: verlossing van die narigheid lê in die smaaksintuiglike belewenis van die soetigheid.

Die gedig hieronder is ook 'n voorbeeld van die verlossing of ontvlugting deur die sintuiglike:

> Kleinhoesenaam van Nimmermyn
> sê dit is brand dit is venyn

ek smag na water uit 'n seekoeigat
diep en blou en vars en koel
doer bo tussen regop kranse
met soggens vroeg weerkaatsing van 'n Ster
Kranse hoog te hoog te ver
hoe kom ek ooit uit hierdie Skroeiland uit
by Kranswater so koel en blou en diep

("Kleinhoesenaam van Nimmermyn", Sesde Hoepel 81)

Kontraswerking tussen "brand", "venyn", "skroeiland" en "koel water", "hoë kranse" suggereer hier die beeld van die gevangene. Verlossing uit die brand, venyn en skroeiland lê in koel water, diep en blou en vars:

Kleinhoesenaam van nimmermyn
sê dit is brand dit is venyn
ek smag na water uit 'n seekoeigat

Die verlossing het 'n duidelike smaaksintuiglike konnotasie.

Die drankverslaafde is 'n gevangene in groot pyn:

Wyn rym met pyn en myn en dyn
waars koelte in die sandwoestyn
en water uit 'n Soetfontein
vir die dors en seervoetharlekyn

("Wyn rym met pyn en myn en dyn", Ghaap en Kambro 7)

Die sug na koelte in die sandwoestyn en water uit 'n soetfontein is 'n smaaksintuiglike verlossingsdroom en versugting.

4.4.5 Die smaaksintuig en die ouderdom

Skink jou koffie alleen vroegvoordag
en dink jou eie dink
kliphard lê die ryp vroe voordag
en jy dink jou eie dink
alleen drink jy die bokmelkkoffie
(ai die bitterkruiesmaak van die bokmelkkoffie)
as die ryp in die maanskyn blink

("Skink jou koffie alleen vroegvoordag", Mallemole 53)

Oral in die poësie van Boerneef is 'n mens bewus van die eensaamheid wat die ouderdom bring: "so praat ek noodgedwonge met myself"; "stoksielalleen loop hy en ek en sy"; "elkeen moet maar sy eie doepa vind teen die venynigheid van wind en weer"; "sing tog 'n stukkie in jou enigheid..."

"Skink jou koffie alleen vroegvoordag" wentel om "alleen drink jy die bokmelkkoffie/ ai die bitter kruiesmaak van die bokmelkkoffie". Die versugting is 'n hoogs sintuiglike versugting - die "bitter kruiesmaak" het hier 'n dubbele betekenis wat, afgesien van die letterlike betekenis, ook dui op 'n figuurlike "bitter smaak" wat die eensaamheid bring. Die smaaksintuig proe nie net die koffie nie maar proe ook die lewe!

4.4.6 Die smaaksintuig as beswering

Boerneef besweer die ouderdom, die eensaamheid wat die ouderdom bring en die narigheid van die lewe veral deur die woord: "so rym hy sy malle verstand af/ al oppie selle ou paadjie

om en om/ maal die lewe en die dood in hom"; "en laat my fluitspel julle koud/ die een bly tog maar anders as die ander/ ek trek my dit nie die minste aan/ as niemand palissandertaal verstaan"; "was ek en my flottina nie getroud/ dan was ek einstetyd reeds oud en koud":

Selfs nie die nooit volprese doloswoord
is vir atoom se doodkastyding woord genoeg
geen woord is daarvoor woord genoeg
en palissandertaal te muggieswak
dis die dat ek al sê jy ook dis dwaas
terwyl die Bolandslug nog suiwer is
troos soek in wat vir jou so nietig is
noudat die lug nog stil en suiwer is

("Selfs nie die nooit volprese doloswoord", Palissandryne 96)

Die besweringsproses is egter soms ook 'n sintuiglike proses:

Perskegeel en perskerooi
smerom met perskegeelenrooi
smerom sus en smerom so
smeerperske so plankperske bo
kom help meddie plankperske meddie smeerperske
annersonie word jou wa gesmeer
nou stroopsoet wag toddie wintertyd
dan eet jy plankperske en smeerperske tenie
    winterkwaaiweernariggeid
hiert jou plankenperskesmeersеheerlikheid

("Perskegeel en perskerooi", Sesde Hoepel 36)

Winter en wintertyd as simbool vir die ouderdom (lees J.E. Cirlot, 1973:282) is fyn vervleg in bogenoemde gedig. Plank- en smeerperske-eet is 'n beswering teen die winterkwaaiweer-nariggeid en die ouderdom. Die mens moet ook "stroopsoet" (sterk sintuiglik) wag tot hierdie tyd:

Ou man loop met bewebene
ou man sit met bewekop
Jannetjie pasop of jy kry klop
bring vir oubaasbewebene
lensiesop uit die drievoetpot
toktokkie bly aan die wipgatklop
oubaas mors sy lensiesop
toktokkie bly aan die wip en klop

("Ou man loop met bewebene", Malemole 13)

Versterking vir die ouderdom is die eetbare dinge: "lensie-sop uit die drievoetpot".

In koekmakranka vind die digter ook troos as hy dink aan die reuk en die smaak daarvan. Hy sê:

Ek loop en soek na koekmakranka
vir aanspraak en vir ruik en proe
die wêreld is geniepsigboos
by koekmakranka soek ek troos

("Ek loop en soek na koekmakranka", Op die flottina 2)

Sy skerm êrens in die Kro is vir hom 'n skerm met volop kos en volop tyd en 'n beskutting:

Êrens in die Kro het ek 'n skerm
en krokos vir 'n onbepaalde tyd
die veld lê onuitspreeklik stil en wyd
en ek het volop kos en volop tyd
en pranaslandskappe en pranaskleur
rondom my skerm êrens  in die Kro

("Êrens in die Kro het ek 'n skerm", _Op die flottina_ 27)

Eet is elders 'n beswering teen die somerson wat kwaai steek:

Staan nader Sors die somerson steek kwaai
rooi van waatlemoen spanspek se geel
vir kyk en eet die bobaasrooiengeel
hoe hang die heerlikheid in die prieel
dit hang kristal en swart en groen en geel
praat vannie ding daars pitte in
die opperste lekker met pitte daarin

("Staan nader Sors die somerson steek kwaai", _Op die flottina_ 60)

# 5. OM TE VOEL (DIE TASSINTUIG)

die vos loop en voel die ding so
(Op die flottina 18)

## 5.1 Voel en die gedig

Die tassintuig, soos die ander sintuie, speel 'n belangrike rol in soverre dit 'n prikkel vir Boerneef tot poëtiese skepping is.

Die tassintuig is aktief in 28 gedigte uit die 522 wat vir hierdie studie bestudeer is. Boerneef is sensitief vir koue en hitte; fisiese pyn is enkele male die prikkel tot poëtiese skepping; die geweld en die gewelddadige is hoogstens in 'n vertonerige, grootpraterige atmosfeer in die poëtiesgebeurewêreld van Boerneef aanwesig.

In sy werklikheidsbelewing voel hy soms koue, brand; is hy bewus van pyn. Volledige menswees is ook voel en van mekaar bewus wees deur te voel. Die digter sing nie oor die ekstase van voel nie, maar sing soms as gevolg van voel.

Die Boerneefse register van tassinwoorde is beperk: jou pote is rou; voelvoel loop; seer, koud, brand, geniepsig, intrekslaan, pyn in my sy, moerak, kasty, moor, breek, moker, slat hulle, neuk vir jou, draai hom, handjiehandjie, voetjievoetjie, liggiesliggies, glad, koel, rasperskurf.

Onder die tassintuiglike moet egter ook ervarings ingesluit word soos lyflike voelervarings (koue, pyn, fisieke botsing ens.).

## 5.2 Voel en die winter

Boerneef se sintuiglike belewenis van die jaargetye en die seisoene is telkens aangetoon. Hy "voel" veral die winter en die somer. Hy is egter opvallend winterbewus deur die tassintuig. Winter en koue en die ouderdom wat daardeur gesimboliseer word, word gaandeweg sterker in sy latere bundels. Só beleef Boerneef die winter tassintuiglik:

> Die velkombers is wit maar witter die ryp
> die karos is warm maar koud die kapok
> het jy al jou klein en grootvee op hok
> hoor hoe ruk die wind aan die voorhuis se nok
> weet jy raad met die Bokveld se noordwestewind
> met die ryp en kapok en die ryp en kapok
> en die ys en die reën en die hael wat slaat
> het jy vir die Bokveld se koue en nattigheid raad?

("Die velkombers is wit maar witter die typ", Krokos 79)

In die aangehaalde gedig is dit veral die koue wat sterk beklemtoon word deur die teenstellende wyse van beeldstelling:

> Die velkombers is wit maar witter die ryp
> die karos is warm maar koud die kapok

Verder word die koue deur herhaling beklemtoon: "met die ryp en kapok en ryp en kapok" en "weet jy raad met die Bokveld se noordwestewind" of "het jy vir die Bokveld se koue en nattigheid raad?". Die koue word deur simbole geïntensiveer: "en die ys en die reën en die hael wat slaat". Ys, reën en hael roep koue in hierdie konteks sterk op, en koue simboli-

seer ouderdom. Die simbool slaan op die tassintuiglike: dis 'n <u>gevoelde</u> simboliek.

Die Bokveld is 'n treffende (toevallige?) simbool: dit het 'n konnotasie van dood - as 'n mens dink aan die uitdrukking "hy is bokveld toe". Hierdie simbool, met die dringende vraag "weet jy raad" en "het jy raad?", gee aan die gedig 'n veel ruimer betekenis en dra daartoe by dat die sintuiglike koue nou 'n groter koue word - die doodskoue.

Nog 'n voorbeeld:

> Die norewind waai koud waai straal
> en kyk waar staan die glas
> die diere tou na die afdak toe
> hul koes dis koud die reën val straal
> en kyk waar staan die glas
> twee velkomberse is beter as een
> beter teen koue kapok en reën
> is jy mans genoeg vir 'n nag so swart
> versukkereer jou lyf hou warm jou hart
> kyk net waar staan die glas

("Die norewind waai koud waai straal", <u>Palissandryne</u> 104)

Die tassintuig speel 'n ondergeskikte rol in hierdie gedig: dit is hoogstens die ontstaanpunt van die ervaring. Die koue, 'n motief wat sterk uitgebou word in die gedig, verskuif van 'n tassintuiglike koue na 'n veel groter koue: "versukkereer jou lyf hou warm jou hart".

Die herhaling: "en kyk waar staan die glas", "en kyk waar

staan die glas", "kyk net waar staan die glas" dra grootliks daartoe by om die verskuiwing van die aanvanklike sintuiglike koue na 'n waarskuwende doodskoue te bewerk. In ieder geval sien ons ook in die geval van die tassintuig dat Boerneef by die konkreet-sintuiglike begin maar in die abstrakte eindig.

Winter, koue en ouderdom word in die volgende gedig van Boerneef deur Brabanner beleef:

> Brabanner is nou oud en koud
> hy sit en sit maar so
> hy mompel tag en ai en oud
> en sit maar so maar so
> dis bitter koud in die Bokkeveld
> dit bibber en beef in die Rôeveld
> Brabanner probeer die aandsang sing
> nee mompel hy dis klaar dis koud

("Brabanner is nou oud en koud", Mallemole 62)

Brabanner is die objektiewe korrelaat van die digter: laasgenoemde is oud en koud, hý beleef hierdie bittere koue van die winter. Hy verwoord Brabanner se gevoelens. Voelende beleef hy die koue van die winter, maar, soos in die ander twee gedigte, verskuif die koue van 'n tassintuiglike na 'n nie-sintuiglike: die koue van die ouderdom.

Vergelyk ook nog "Die vuur brand laag" (Mallemole 47). Ou Sampie is oud en stry teen die koue, dié is saans "aant binnetoe beur". Dis 'n belangrike verskynsel dat Boerneef nie loutere doodsbesinning gee nie maar 'n konkrete uitgangspunt as vertrekpunt het. Dit bepaal die minder intellektualis-

tiese, meer liriese karakter van sy vers.

## 5.3 Die tassintuig en die gewelddadige

> Moker hom breek met die kop
> (*Krokos* 50)

Geweld en die gewelddadige is eintlik min in die belewenis-wêreld van Boerneef aanwesig. Die gedigte waarin daar sprake van geweld is, is dikwels luimige doprympies wat eerder 'n vertoon is van die rympiesman as 'n beeld van die werklikheid. Vertoon is 'n vorm van sintuiglike relevansie. Die geweld wat veral sintuiglik op die tassin gerig is, is nie intensionele geweld nie, dit is eerder 'n vertonerige dreiging:

> Moker hom breek met die kop
> hy wat in my skerm kom askoekskop
> en die meisiekjend netso moveer
> die eendvoël sal sy magoed ry
> ek is die doekom wat hy sal kry
> dis my gernaat dis my peer
> dis my kenontong hy steek seer

("Moker hom breek met die kop", *Krokos* 50)

Bogenoemde gedig verbeeld 'n vertonerige vader of dalk 'n vryer wat respektiewelik sy dogter se vryer of sy opponent probeer afskrik met "groot woorde". Die gedig beeld verder subtiel reeds 'n man uit wat sy "meisiekjend" kan verloor: "hy wat in my skerm kom askoekskop/ en die meisiekjend netso moveer".

Die belangrikste is dit: hier is nie sprake van 'n werklike geweld nie - dit is slegs 'n vertonerige dreiging. Hierdie vertoon verbeeld in der waarheid 'n minderwaardigheidskompleks wat "blaf en nie byt nie".

'n Soortgelyke voorbeeld is die volgende:

> Ek is die skawagter van rooi baas Jannie
> die meire sê en ek weet hoeka ek is 'n serannie
> van 'n klong van 'n pelongklongklong
> ja keer daar hierjy voertsek
> tandskoonmaak en skilpadsebek
> ek is die daggaroker van spitsbona
> my grondpyp lê hier my beenpyp daar
> hou jou bek jy met jou waar waar waar
> ek maak die hele swetterjoel bymekaar
> ek ja hulle roepsek en slat hulle hot en haar
> ek koop vir my twintag gelooide beesvelle
> en ek hardloop resies met die geel- en bruinkapelle
> gee pad ek neuk vir jou lat jy na horing stink
> ek is dronk daggaroker se kind skink skink skink

("Ek is die skawagter van rooi baas Jannie", Krokos 57)

Ook hierdie doprympie is 'n tipiese vertoon: 'n eksibisionistiese kêrel is aan die woord wat probeer beïndruk deur onder andere ook dreiging en geweld: "ek ja hulle roepsek en slat hulle hot en haar" en "gee pad ek neuk vir jou lat jy na horing stink". Soos in die vorige gedig is die geweld nie intensioneel nie en dit dra eerder by om beeldend in samehang met die ander sêgoed die spreker te vergestalt as 'n grootprater, 'n vertoner, dus 'n sintuiglik imposante figuur.

Hofmakery gaan dikwels gepaard met 'n vertoon en 'n dreiging:

Draai hom met die lipstrop
draai draai draai
hiervandaan na Nôiensbaai
draai hom met die lipstrop
kierangbraai oallagaai
annerman se nôi issie annerman se nôi
vergeet die dag en datum nooit Tatgaai
draai draai draai
los annerman se nôi Tatgaai

("Draai hom met die lipstrop", Mallemole 8)

Die lipstrop is 'n bekende plaasinstrument waarmee veral perde gehanteer word en wat op 'n pynlike manier die perd dwing om stil te staan. Hoe stywer die strop gedraai word, hoe pynliker is dit en hoe stiller staan die dier. In bogenoemde gedig is Nôiensbaai 'n fyn naamkeuse wat binne die konteks die betekenis rig op nôi en hofmakery. Tatgaai word gepynig, sy "kierang" word op 'n pynigende wyse geopenbaar omdat hy dan met 'n "annerman se nôi" lol.

Die gewelddadige raad in die volgende is ook tipies van die vertoon wat met 'n vryery gepaard gaan:

Laat die deksel ligvoet loop
en slaat sy hotoog vir hom oop
pleister hom oor sy eet en drink
dan kan jy met sy stuk rinkink

("Laat die deksel ligvoet loop", Ghaap en Kambro 24)

Die gewelddadige, as konkrete liggaamlikheid (al is dit dan nie "deurleefd" nie), gee meer konkrete gestalte aan die belewenis.

In die natuur gaan geweld en hofmakery ook dikwels saam. Bulle en ramme is dan ook op hulle bakleierigste tydens die paartyd. Dié gedig beeld die twee baasbakleierramme in hulle stryd uit:

> Tussen die ghwarriebosse
> loop hulle mekaar storm
> die twee baasbakleierramme
> die twee uithalerste kramme
> die twee yslike tamaai moframme
> en hulle stamp mekaar
> en hulle moor mekaar
> en hulle kasty mekaar
> hardloop terug en storm weer
> terug en storm weer en weer
> stamp stamp stamp
> horing teen horing
> harde kop teen harde kop
> kram teen kram en ram teen ram
> gee pad as die twee mokers mekaar bydam

("Tussen die ghwarriebosse", Krokos 64)

Die gedig self is gekonstrueer uit verse wat in groepe van drie onderverdeelbaar is. Die syfers dui die verse in die gedig aan:

1 Tussen die ghwarriebosse
2 loop hulle mekaar storm
15 gee pad as die twee mokers mekaar bydam

3 die twee baasbakleierramme
4 die twee uithalerstekramme
5 die twee yslike tamaai moframme

6 en hulle stamp mekaar
7 en hulle moor mekaar
8 en hulle kasty mekaar

9 hardloop terug en storm weer
10 terug en storm weer en weer
11 stamp stamp stamp

12 horing teen horing
13 harde kop teen harde kop
14 kram teen kram en ram teen ram

Vers 6, 7 en 8 is die fokuspunt van die beelding in die gedig - en dit verbeeld 'n sterk tassintuiglike belewenis: stamp, moor, kasty.

Vers 9, 10 en 11 is verse wat die tassintuiglike intensiveer: storm weer en weer/ stamp stamp stamp.

En dan volg die finale beelding - weer vanuit die tassintuiglike: horing teen horing/ harde kop teen harde kop/ kram teen kram en ram teen ram.

Die gedig is 'n goeie voorbeeld van die totale lyflike voel-

ervaring, geïntensiveer deur die baie herhalinge.

Gewelddadig word die mens in die stad teruggeskok na "O Bolandsberg vol môreson":

> Die brand op die teerstrate moerak die mens
> dit hang en hang in dieptes van beton en staal
> proe so 'n teerlug as jy asemhaal
> die verleptes soek uitkoms in 'n stampvol melksalon
> daar is geen horison
> O Bolandsberg vol môreson

("Die brand op die teerstrate moerak die mens", Palissandryne 122)

Ook hier is die tassintuiglike belewenis van die werklikheid die beginpunt van die gedig. Vervolgens word dit aangevul deur die smaaksintuig, 'n gustatiewe sinestese "proe so 'n teerlug as jy asemhaal". Daar word egter 'n onderskeid gemaak: die lyflike gevoel het te make met die ongunstige (soos meermale by Boerneef), die proe met die gunstige.

Die beklemmende benouenis van die stad word gebeeld deur die kontras van "verleptes" in 'n stampvol melksalon sonder 'n horison "O Bolandsberg vol môreson". (My onderstreping, J.H.C.). Die verleptes in kontras met hierdie berg (Bolandsberg) is een van Boerneef se treffendste kontrasbeelde. Hy stel hier die klein verlepte vasgevange mensie in die stad teenoor die groot Bolandsberg. Die tweede helfte van hierdie gedig is los van die tassintuiglike maar steun desnietemin nog steeds op die sintuiglike: dië van die gesig. Boerneef verbeeld hier deurentyd vanuit 'n sintuiglike belewenis.

## 5.4 Die tassintuig en liefkosing

Boerneef het 'n oog en 'n oor vir die komiese. Hy verbeeld dikwels die mens juis deur die komiese situasie of komiese sêgoed. Die volgende gedig het 'n vae tassintuiglike konnotasie en steun eerder op die visuele beeld. Die gedig is 'n fyn komiese skets van Miga en Mina en die jongmenswêreld van flirtasie:

> Miga en Mina ry botterboom
> op die klipplaat van grootsteilte
> die plaat is glad en glad die boom
> en glyerig die klipskuinste
> om juts te ry
> en gluts te gly
> met die nimlike sy
> is 'n dingseding
> laas was dit Sina
> vanjaar is dit Mina
> en hierna Katrina en Dina
> ly en gly gly en ly
> styf sal jy jou rieme gly
> dink Mina aan sy linkersy

("Miga en Mina ry botterboom", Krokos 29)

Die gedig verbeeld veral deur kundige woordspel: om juts te ry/ en gluts te gly/ met die nimlike sy/ is 'n dingseding/ ly en gly gly en ly/ styf sal jy jou rieme gly. Gluts is 'n Boerneefskepping wat netjies in die klankpatroon van die gedig pas en wat binne die konteks klankmatig 'n vae betekenis aan die wyse van gly verleen - dus die gly ook in die

gedig hoorbaar maak. Dis juis in hierdie woordspel waar daar 'n tassintuiglike ondertoon in aanwesig is: ly, gly, ry en styf sal jy jou rieme gly, is veral die samevatting van moontlike gevolge van die spel.

Die eerste 4 verse se metriese patroon verskil van die laaste 14 verse s'n. Die digter slaag daarin om met hierdie laaste 14 verse, wat suggestief gelaai is, 'n sinnelikheid deur die ritmiese patroon in die gedig te dra. Betekenis en ritme werk aanvullend om 'n suggestieryke beeld van flirtasie te vergestalt.

'n Ander voorbeeld van liefkosing:

Kommetjie teewater
drink die bossietee
loop 'n entjie met hom mee
handjiehandjie voetjievoetjie
loop bietjie hoe
maak bietjie oop
maak bietjie toe
liggiesliggies oop en toe
Benjoemyn se hand speel fyn
van gelukkigsalig syn

("Kommetjie teewater", Mallemole 7)

Die gedig is gebou op die stramien van die sintuiglike: "kommetjie teewater/ drink die bossietee". Die digter roep 'n visuele beeld op en volg dit dadelik op met 'n smaaksintuiglike belewenis: "handjiehandjie voetjievoetjie/ loop bietjie hoe/ maak bietjie oop/ maak bietjie toe/ liggieslig-

gies oop en toe". Die slot verbeeld juis die mens se hand, 'n belangrike tasorgaan, wat fyn speel van "gelukkig-salig syn". Die sinekdogee is 'n tassintuiglike belewenis wat die klimaks van die gediggebeure is.

Die gedig dramatiseer die liefkosing tussen twee mense deur 'n sintuiglike belewenis van die werklikheid: kyk, drink, voel.

5.5 Voel en die Krowêreld

Die Karoo - en veral die Seressekro - is vir Boerneef die ideale wêreld. Sy hunkering terug na hierdie wêreld is 'n gegewe wat in al sy bundels aanwesig is en wat soos die spreekwoordelike goue draad deur al sy werk vleg. Boerneef beeld die Karoo soos hy hom deur al die sintuie beleef. Vanuit die perspektief van die tassintuiglike lyk die Karoo so:

> Met my klipplate en klipbanke en pilare van klip
> met my kliprante klipkoppe en bakens van klip
> is ek kliphard en koud met my preekstoel van klip
> my saf kry is min met my hartstreek van klip

("Met my klipplate en klipbanke en pilare van klip", Op die flottina 13)

Die hard en koud is die twee tassintuiglike begrippe wat sentraal in die gedig staan.

Die digter herhaal die woord "klip" nege keer in die gedig. Hierdie reeks herhalings word slegs deur twee gesegdes gekoppel: "met my... is ek kliphard en koud" en "my saf kry is

min". Die herhaling en die twee gesegdes vergestalt die hardheid en koudheid.

Die gedig het egter 'n ruimer betekenis as bloot 'n sintuiglike belewenis. Die vierde vers bring ook die emosionele belewenis van hierdie wêreld in die gediggebeure in. Veral "my hartstreek van klip" verleen aan die gediggebeure die groter dimensie. Hiermee kry die gedig, soos so baie ander, 'n addisionele belewenis - die gedig begin by die sintuiglike, maar beweeg weg van die sintuiglike na die nie-sintuiglike: die emosionele.

Die digter laat die Karoo praat - maar hy praat self deur die Karoo. Sö gelees, is die emosionele betrokkendheid fyn gesuggereer deur die "preekstoel van klip"; hier is 'n deernisvolle verkondiging van die besondere belewenisse van dié wêreld, en hierdie belewenisse word eintlik dié wêreld: kliphard en koud.

Sintuiglik beleef die digter die dag soos volg:

> Met alloe knaender trettering
> skreeskril aanhouaanhou steekskree
> die sonbesies tussen die doringbosse
> alloe knaender en alloe trettender
> en die son steek alloe venyniger
> vorie kerkhof tussen die doringbosse
> waarom tog so skerp so seerskerp aaneen
> omlat die son so brand so seerbrand dis die
> so brand soos vanouds innie moerbeidal
> steekt hen de hete middagzon

sonbesies steekskree tussen dorings aaneen
nergens teken van een milden regen

("Met alloe knaender trettering", <u>Op die flottina</u> 59)

Die gehoorsintuig en die tassintuig is die sensitiewe sintuie waardeur die dag belewe word en wat dan ook die prikkel is tot skepping: "skreeskril, steekskree, alloe knaender, trettender skree" en "die son steek alloe venyniger", "skerp", "seerskerp aaneen", "die son brand", "so seerbrand", "so brand soos vanouds", "steekt hen de hete middagzon". Die mees tipiese trek van die gedig is sy herhalinge en dié berus op sintuiglike (voel-) ervaringe.

Soos in die meeste van Boerneef se gedigte, verskuif die gestalte van die dag van 'n sintuiglik beleefde na 'n ruimer dag: 'n nie-sintuiglike. Beelde soos "vorie kerkhof", "brand soos vanouds innie moerbeidal", dra by om van die warm somersdag 'n universele wêrelddag te maak, aards en veeleisend.

Nog 'n voorbeeld van hoe die tassintuig die plaaswêreld of elemente van die plaaswêreld vir Boerneef assosiatief oproep, is in die volgende:

Jong pappelierbas glad en koel
virrie wang van 'n eensaam kind
ou pappelierbas rasperskurf
van jare se ysterklou innie grond
reg innie pad vannie norewind
skuurplek vir Ebden meddie bosluisstert

kroeserig saans tenie norewind
pappelierbastroos vir perd en kind

("Jong pappelierbas glad en koel", Op die flottina 5)

Ook in hierdie gedig beweeg die digter van 'n aanvanklik sintuiglike belewenis weg na 'n emosionele hunkering terug na kindwees en die kinderwêreld van "pappelierbastroos". Die kontrasbeelde roep die kinderdae en kindwees op met adjektiewe soos "glad" en "koel" en "eensaam" in kontras met Ebden (beeld van volwassenheid, ouderdom?) en adjektiewe soos "rasperskurf", "ysterklou innie grond", "kroeserig saans", almal voelervarings.

Deur sy beeldgroepering en personifikasie is daar 'n verdere inhoud in hierdie gedig. Die digter stel die oumens teenoor die kind. Die boom, veral deur personifikasie, word beeld van die ou man (dalk die digter?). Hierdie boom-mens is hard en taai maar nutteloos: "skuurplek vir Ebden meddie bosluisstert". Vergelyk hierdie beeld met dié van die "jong pappelierbas glad en koel/ virrie wang van 'n eensaam kind". Die jong boom-mens is maat vir die kind, troos vir die kind.

'n Mens kan afsluitend van hierdie gedig sê dat dit tipies is dat voel (deur die sintuie) en voel (met die gemoed) ineenvloei - en dat dit tipies is dat sintuiglikheid en die gees aan mekaar verwant is in hierdie digter se werk.

# 6. OM TE RUIK

Kreuzer (1955:116) sê dat die prikkeling van die sintuie een van die aangenaamste ondervindings is by die lees van die poësie.

> Ek wil 'n ruik kan ruik as ek koffiewater kook
> soos tkoiinghoutkole of arnosterbosrook

("Ek wil 'n ruik kan ruik as ek koffiewater kook", Palissandryne 51)

Die reuksintuig is nie so aktief soos die ander sintuie in die poësie van Boerneef nie. Daar is maar 8 gedigte uit 'n totaal van 522 waarin die reuksintuig waarskynlike aanleiding tot die ontstaan van die gedig is of waarin die reuksintuiglike prikkel so 'n belewenis vir die digter is dat hy dié ervaring in sy poësie betrek.

Die reuksintuiglike waarnemings is in enkele gedigte betrek in gesegdes. Soms is dit egter die ervaringsprikkel waaruit die gediggebeure beleef word. Dit is in een geval die aanleiding tot 'n hunkering terug na die dinge in die verlede. In 'n ander geval is dit 'n besweringsproses; en ten slotte is dit 'n assosiasie-element wat die gediggebeure verruim.

## 6.1 Reuksintuiglike gewaarwordinge in gesegdes

'n Kenmerk van Boerneef se poësie is die gebruik van streektaal en algemene omgangstaal. Die veewagter van Alkantrem sê:

ek praat die woord wat 'n skaap verstaan

("Ek is die veewagter van Alkantrem", Krokos 88)

Dit is as gevolg van sy besondere taalliefde en liefde vir spreekritmes dat gesegdes oor die reuk soos die volgende in sy poësie te vinde is:

gee pad ek neuk vir jou lat jy na horing stink
ek is dronk daggaroker se kind skink skink skink

("Ek is die skawagter van rooi baas Jannie", Krokos 37)

En:

gee pad daar jou ou krimpsiekkwagga
die sinling sê jy stink na dagga

("Van Klapmuts tot Kalvinie", Krokos 60)

Hierdie enkele voorbeelde van reuksintuiglike gewaarwordinge in gesegdes is eerder in die gedig 'n gevolg van die rym, dus 'n gevolg van die versklank as wat dit ter wille van hulle selfstandige reukwaarde in die gedig 'n plek verower het. Dus, die taalklank is die primêre faktor in sulke gedigte.

## 6.2 Reuksintuiglike prikkel en die gediggebeure

Die reuksintuiglike prikkel is tog in enkele gevalle die belewenis wat die gediggebeure laat plaasvind:

In die splinternuwe afslaankapkarkis
is twee waterskilpaaie
vir die ounôi se sop
maar liebestegats
woerlieps en woerlaps
waterskilpadlaventelolie
is nie oliekolonieseolie
die twee wit esels vat duiwel en vlam
die baas klou vaster en kraster aan die stram
bekke maar is nie geborestaat
hy gooi plat maak bymekaar maar nie al raat
die twee verdekselse bedompige waterskilpaaie
trek elkeen sy koers met allemintage draaie
terug uit die splinternuwe afslaankapkarkis

("In die splinternuwe afslaankapkarkis", Krokos 84)

Die storie, en dan veral die kragtige ritme en versklank, gaan spoedig egter die reukverwysing totaal oorheers. Tog is dit die reuksintuiglike ervaring wat die gediggebeure 'n bepaalde gang laat gaan: die waterskilpaaie se reuk is die oorsaak dat die twee esels "duiwel en vlam" vat.

In die onderstaande gedig word die ervaring van ongunstige lewensomstandighede en die verweer daarteen deels in 'n reukbeeld en deels in 'n smaakbeeld gestel, maar nie in 'n baie ekspressiewe mate nie:

Hou bokant die wind
assie muishond stink
en krap leventel nader
elke dag het 'n nuwe neukery

dis mars en kwyk en dis opdraand kry
kromhoutseding kom nader
ek het jou en jy het my
niks kan soos jy deur 'n keelgorrel gly

("Hou bokant die wind", Op die flottina 42)

Elke dag se nuwe neukery word reuksintuiglik verkonkretiseer in beelde soos "muishond stink" en "krap leventel nader". Die beswering van die onaangename geskied deur die smaaksintuig: "ek het jou en jy het my/ niks kan soos jy deur 'n keelgorrel gly".

## 6.3 Reuksintuiglike belewenis en 'n hunkering terug na die Karoo

Die reuksintuiglike is soms die belewenis waardeur die digter 'n hunkering terug na die Karoo en die verlede uitbeeld, en in 'n geval soos die onderstaande het die reuk, met sy verkonkretisering van die abstrakte, 'n baie prominente funksie:

Ek wil 'n ruik kan ruik as ek koffiewater kook
soos tkoiinghoutkole of arnosterbosrook
maar ek kook mos nou elektries
ek wil 'n verskietende ster sien blinkstreep maak
ek wil proe hoe vars die rooidag smaak
maar hoe doen jy dit nou elektries
vandag se ding is nie gister se ding
daar begin jou ou koperketeltjie sing
nou maak jy jou kits maar elektries

("Ek wil 'n ruik kan ruik as ek koffiewater kook", Palissandryne 51)

Let op dat die reuksintuig in hierdie gedig, waarin ook ander sintuie ter sprake is, voorop staan. Die assosiasie van tkoiinghoutkole en arnosterbosrook ontspring uit die vroemôrekoffiewaterreuk. Die sintuie (reuk-, gesig-, smaaksintuig) is almal betrek in die skep van 'n kontras tussen die moderne (wat die sintuie uitskakel) met die vroeëre tyd (wat berus op die sintuiglike): koffiewater kook op kole (simbool vir die vroeëre tyd) teenoor die moderne elektriese kokery.

Die assosiatiewe krag van die reuksintuig het in die eerste twee verse 'n verruimende element: koffiewater kook, tkoiinghoutkole en arnosterbosrook roep 'n ander wêreld op - een wat eintlik nie meer bestaan nie - die sintuiglik na-aan-die-aarde lewe en proe van die aarde; die wêreld weg van die stad, die primitiewe. Die goeie en gunstige word met die sintuiglike verbind of geassosieer. Die herinnering word deur die reuksintuig verkonkretiseer.

Dit is opvallend dat Boerneef die vers "ek wil proe hoe vars die rooidag smaak" in die middel van die gedig plaas, dat die kontras eintlik weerskante van dié vers gestel is: "maar ek kook mos nou elektries", en dan volg die verdere uitbouing van hierdie gedagte: "maar hoe doen jy dit nou elektries" en "nou maak jy jou kits maar elektries".

Met die reuksintuig as beginpunt, verken Boerneef die verskillende belewenisse van die vroeë oggend sintuiglik en herskep hy hierdie belewenisse só in die poësie dat die gedig "a stimulation of the senses" (Kreuzer 1955:116) word.

## 6.4 Konkrete reuksintuiglike belewenis en 'n nuwe gedigwerklikheid

'n Mens kry twee soorte verse by Boerneef: dié waar die sintuie die prikkel is tot die abstrakte en dié gedigte waar die abstrakte omgekeerd verkonkretiseer word deur die sintuie.

1 Treksaag vreet deur eikehout
a 2 hoe ruik so 'n saagsel tog
3 kromrug staan kopgee so nout
4 hoe ruik so 'n saagsel tog
b 5 mootsaag sing deur eikehout
6 bakstaat taat en laat hom sing
7 deur pappelier en eikehout
c 8 deur saagselboë sal hy sing
9 die jare deur tot eendag toe

("Treksaag vreet deur eikehout", Mallemole 29)

Herhaling intensiveer die vers "hoe ruik so 'n saagsel tog". Die spreker beleef die werk met die mootsaag en die "kromrug staan kopgee so nout" sintuiglik deur die oor en die neus.

Maar dan beweeg hy van die konkrete sintuiglike weg en kom hy ten slotte uit by die nuwe werklikheid van die uiteindelike afloop van alle arbeid, die lewe. Die slot van die gedig slaan naamlik by implikasie op einde: "tot eendag toe". Dit is duidelik dat die gedig in drie groepe van drie verse verdeel kan word waarin die korresponderende verse 3 en 6 (as afsluiting van a en b) deur die afwykende vers 9 (afsluiting van c) vervang kan word. Vers 9 rym met geen voorafgaande vers nie. Vers 9 bring 'n nuwe element in die gedig in, dié

van die einde.

Die drie afdelings van die gedig lyk so:

a (vers 1 - 3) hier is die ruik dominerend;
b (vers 4 - 6) hier is die ruik en hoor beide aanwesig;
c (vers 7 - 9) hier kom alleen die sing (hoor) voor.

Dus saam met die wegbeweeg van die ruik af, tree die werklikheid van die einde, stilstand, in. Die gedig verkonkretiseer die abstrakte lewe en dood (einde) deur die sintuie van die oor en die neus.[1)]

## 6.5 Om te ruik is 'n besweringsproses

Om te ruik is 'n besweringsproses: die mens vind troos deur te ruik:

> Ek loop en soek na koekmakranka
> vir aanspraak en vir ruik en proe
> die wêreld is geniegsigboos
> by koekmakranka soek ek troos
> in Langbeentjies se safte grond
> soek ek in Meimaand naarstig rond
> na hierdie toorgoed met sy geur
> hier soek daar soek ek moet jou kry
> as aanspraak in die herfs vir my
> die wêreld is vernynigboos
> by koekmakranka kry ek troos

("Ek loop en soek na koekmakranka", Op die flottina 2)

---

1. "Vgl. kollegediktaat T.T. Cloete (1976)".

Die koekmakranka roep 'n assosiasie van die simplistiese bestaan op die plaas op deur die reuksintuig. Dit word vir hom simbool van die ongekompliseerde lewe in kontras met die venynige boosheid van die wêreld. Hy vind skuiling teen hierdie boosheid in 'n sterk sintuiglike (veral reuksintuiglike) genieting van die koekmakranka: "by koekmakranka kry ek troos". Weer eens is dit so dat sintuiglikheid oorgaan in 'n geestelike ervaring.

## 7. SAMEVATTING

Boerneef is 'n Sestigerdigter wat die meeste van sy bundels in die jare sestig gepubliseer het. Sy poësie is in sekere opsigte uniek en eksperimenteel: die versvorm vertoon tekens van tipografiese ontginning en die taalgebruik en versakoestiek het 'n kenmerkende patroon wat die werk van Boerneef onderskei van vroeëre Afrikaanse digters. Opperman (1974:104) het in 'n lesing "Moderne tendense in ons poësie" sommige van hierdie tendense in die werk van Boerneef beklemtoon en verduidelik. (Heelwat hieromtrent is onder 1.2 bespreek.)

Boerneef is in die eerste plek sintuiglik bewus van alles om hom. Hy sien en hoor opvallend goed. Hy is sintuiglik deel van sy wêreld - hy beleef die werklikheid veral deur sy sintuie. Sy gedigte ontspring meestal uit sintuiglike indrukke of herinneringe. Brink (1978:16) skryf soos volg oor hierdie besondere eienskap van Boerneef: "... in die beste verse ontspring dit uit visuele of akoestiese indrukke of uit die herinnering aan sulke indrukke, en word dan in en deur die aktiewe taalproses, die vertaalproses, getransponeer tot woord-ding wat nêrens meer heenwys nie: die digrealiteit word self groter as die dingrealiteit".

Sintuiglik beleef Boerneef veral die mens, die dier, voëls, die stad, die plaas - in besonder die Kro. Sy hunkeringsgedigte en herinneringsgedigte word gekenmerk deur die fyn detail van sy waarneming en intense sintuiglike belewing. Dit is of die digter soos hy ouer word indringender kyk, skerper hoor, fyner proe, sensitiewer voel en beter ruik.

Ouderdom, dood, lewe en abstrakte begrippe soos vreugde, te-

leurstelling, voorspoed en swaarkry, liefde en haat word in die poësie van Boerneef sintuiglik verkonkretiseer. Sy gedigte is gevolglik gebou op die stramien van sintuiglike prikkels. In die meeste van sy gedigte is die sintuiglike beelde die steunpunte van die gedig.

Die sintuie (veral die gehoorsintuig en die kyksintuig) speel 'n rol in die finale vormgewing van die gedig. Die akoestiek, die ritme en die tipografiese versorging van die gedig is in sommige gevalle grootliks afhanklik van die sintuiglike betrokkenheid van die digter. Gedigte soos "Hierie bierie bokmakierie" (Mallemole 68) is akoesties en ritmies sintuiglik gekonsipieer.

Gertmahonie, 'n objektiewe korrelaat vir die digter, bevestig die belangrikheid van die sintuie vir die digter poëties as hy sê: "hulle sê ek is oud en der dagen sat/ maar ek sien nog diep in die rooi se hart". (Gertmahonie lê skuins op sy sarabandmat", Palissandryne 55).

Deurgaans het ek probeer aantoon dat dié sintuiglikheid in Boerneef se poësie in die grond van die saak 'n formele aangeleentheid is, wat die konkretisme, die detail van sy vers, die klank en ritme, selfs die hele bou van die gedig raak. Dié sintuiglike is met die wesentlike van sy poësie gemoeid.

# 8. BIBLIOGRAFIE


ANTONISSEN, R. - 1959 "Krokos".
Standpunte, 12(6) Augustus.

- 1962 (a) Kern en tooi.
Elsiesrivier, Nasou, 258p.

- 1962 (b) "Mallemole".
Standpunte, 15(6) Augustus.

- 1964 "Boerneef is eenders en altyd anders".
Die Huisgenoot, 4 September.

BRINK, A.P. - 1978 "'n Hart wat speel met vervlietende vreugde".
Rapport, 30 April.

BLIGNAULT, Audrey - 1960 "Daar's doepa aan die snare".
Die Huisgenoot, 11 Maart.

BOTHA, Elize - 1959 "Versies wat praat oor die Seressekaro".
Die Huisgenoot, 20 November.

BROOKS & WARREN - 1960 "Understanding poetry".
New York, Holt, Rinehart and Winston, 584p.

CLOETE, T.T. - 1966 Faune.
Elsiesrivier, Nasou, 150p.

- 1970 Kaneel.
Elsiesrivier, Nasou, 200p.

- 1977 "Nuwe digbundels".
Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 17(2) Junie.

DU BUSON, M.S. - 1957 "Teen die helling".
Tydskrif vir letterkunde, 7(2) Junie.

GROVÉ, A.P. - 1962 "Mallemole".
Die Huisgenoot, 3 Augustus.
- 1965 (a) Oordeel en Vooroordeel.
Elsiesrivier, Nasou, 215p.
- 1965 (b) "Die lees van 'n gedig".
Standpunte, 28(6) Augustus.
- 197? "Letterkundige sakwoordeboek".
Kaapstad, Nasou, 105p.
- 1974 Woord en Wonder.
Elsiesrivier, Nasou, 150p.

HIEMSTRA, L.W. - 1968 "Die man wat woorde gemaak het".
Lantern, 17(3), Maart.

KREUZER, J.R. - 1955 Elements of poetry.
New York, The Macmillan Company, 256p.

LOUW, W.E.G. - 1967 "Het vertolker van Boerelewe in Afrikaans geword".
Die Burger, 11 Mei.

OPPERMAN, D.J. - 1974 Naaldekoker.
Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 132p.

PAUW, Rina - 1966 "Patroonmatigheid in Boerneef se verskuns".
(Ongepubliseerde verhandeling - U.P.).
- 1967 "Enkele patroonmatighede in Boerneef se verse".
Standpunte, 21(1) Oktober.

PHEIFFER, R. - 1969 "Alle fasette van merkwaardige digterskap".
Die Burger, 22 Maart.

SPIES, J. - 1968 "Op die flottina - Boerneef".
Klasgids, 3(4), Mei.

RAIDT, Edith - 1964 "Palissandryne".
Kriterium, 11(3), Oktober.

RODENKO, P. - 1974 "Nieuwe griffels schone leien".
Den Haag. Uitgeverij Bert Bakker, 199p.

VAN HEERDEN, E. - 1967 "Dank aan Boerneef vir dié knop in die keel".
Die Vaderland, 2 Junie.
- 1968 "Skrywer van die ballingskap".
Lantern, 17(3), Maart.

VAN NIEKERK, Anneke - 1967 "Moet Boerneef nie só vra nie".
Suid-Afrikaanse Beeld, 14 Mei.

VAN RENSBURG, F.I.J. - 1969 Boerneef (In Nienaber, P.J. red. Perspektief en profiel.
Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 665p.

VAN REENEN, Rykie - 1968 "Die man wat verse gemaak het".
Lantern, 17(3), Maart.

VAN DER WALT, P.D. - 1975 Bestek.
Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 116p.

VESTDŸK, S. - 1956 "De glanzende kiemcel".
Amsterdam, De Driehoek, 272p.

VISSER, A.G. - 1929 Gedigte.
Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 182p.

9. GEBRUIKTE TEKSTE

BOERNEEF - 1958 Krokos
Elsiesrivier, Nasou, 91p.
- 1959 Ghaap en Kambro
Elsiesrivier, Nasou, 60p.
- 1962 Mallemole
Elsiesrivier, Nasou, 70p.
- 1964 Palissandryne
Elsiesrivier, Nasou, 130p.
- 1967 Op die flottina
Elsiesrivier, Nasou, 94p.
- 1976 Sesde Hoepel (Red. F.I.J. van Rensburg)
Elsiesrivier, Nasou, 84p.

Dank aan die Transvaalse Onderwys Departement
vir die finansiële hulp en die studieverlof.

- My dank en waardering aan professor T.T. Cloete, my studieleier, en die professore en lektore van die departement Afrikaans-Nederlands aan die P.U. vir C.H.O. Dit was voorwaar 'n voorreg om by julle te kon studeer.

- Dankie, Audrey Geldenhuys, vir die tikwerk.

- Opgedra aan my twee Susanne, Christa, Helena en Boeta:

  "Kyk waar staan die glas"

  (Palissandryne 104)